

INHOUD

HOOFSUK 1 INLEIDING, DOEL EN TERREINVERKENNING	2
HOOFSUK 2 GOD AS BRON VAN ALLE DINGE	16
Die Pa wat dissipleneer	16
God se wonderlike werkswyse	20
Lyding as straf op sonde	26
Die Voorsienigheid	33
God as Pottebakker	41
HOOFSUK 3 GOD WIL NIE DIE KWAAD NIE	49
Die mens doen die kwade	50
Die toelating van God	60
Die bose en Die Bese	65
God is anders	75
HOOFSUK 4 GOD EN DIE GESKIEDENIS	84
Watter model moet ons kies?	84
God is veranderlik?	88
Jesus Christus die keuse van God	90
Die Gees se tydsame werking	103
Saamdink en saampraat met God	115
Saam met God aan die werk	119
Nuwe hemel en aarde: God self as die einde van alles	121
BYLAAG A:	131
BYLAAG B:	132
BRONNELYS	136

HOOFSTUK 1

INLEIDING, DOEL EN TERREINVERKENNING

Philip Yancey in sy boek, "*Where is God when it hurts*", begin een van sy hoofstukke met die titel, "*The groaning planet*", min of meer so: "Dink vir 'n oomblik aan ons huis, die aarde. Laat jou oë vir 'n oomblik die briljante kontoere en delikate skaduwees van 'n somer sonsondergang, proe. Laat jou tone boor in nat sand, staan stil en voel die skuim en sproei van die inkomende gety. Besoek 'n tuin vol skoenlappers en bestudeer die abstrakte ontwerpe: 10 000 variasies, meer verbeeldingryk as die van enige abstrakte skilder, alles saamgepers in klein spatsels van vlieënde fabrikate." (Yancey, 1977:61).

Dit is *nie moeilik* om in 'n almagtige, goeie liefdevolle God te glo as jy hierdie dinge in ag neem nie!

Maar Yancey (1977:61-62) gaan voort: "Tog, dieselfde son wat die aandskemering kan kleur, kan ook die grond van Afrika bak tot 'n droë, gekraakte lugspieëling, wat miljoene verdoem. Die ritmiese branders wat breek op die romantiese seestrand, kan wanneer dit aangeblaas word deur 'n storm, in storm as 'n 10 meter hoë muur van dood, wat kUSDorpies wreedaardig vermorsel. En die skadelose spatsels van kleur wat dwarrel tussen wilde blomme, oorleef gemiddel twee weke voor dit buig voor die genadelose voedselketting van die natuur.

Dink aan die menslike spesie. Die geboorteland van Bach, Beethoven, Luther en Goethe het ook vir ons Hitler, Eichman, en Goering gegee. 'n Nasie geskoei op die sogenaamde "Bill of Rights", het ook geboorte gegee aan slawerny en 'n burgeroorlog. As spesie en as individue is dit 'n feit dat in elkeen van ons wysheid, kreatiwiteit en ontferming hand aan hand gaan met misleiding, hoogmoed en selfsug. Dieselfde is ook waar van pyn. Van naby beskou, kan pyn as 'n getroue en waardige vriend beskou word. Vanuit die perspektief van 'n bioingenieur, is die pynnetwerk verseker een van die skepping se mees besondere verskynsels. Die sensustelsel, met sy kenmerke van 'n geniale skepping, verdien bewondering en agting. Tog kom pyn meestal nie onder ons

aandag vanuit die perspektief van die mikroskoop nie, maar deur die onwelkome tekens van persoonlike ellende. As jy elke waarskuwings-sein verbind met 'n spesifieke oorsaak, lyk die pyn netwerk rasioneel en uitstekend ontwerp. Maar as jy terugstaan en kyk na die mensdom - 'n wriemelende menigte, sterwend van honger, bloeiend, geplaag met kanker, biljoene mense wat na die dood marsjeer - raak dit 'n probleem."

Daar is baie dinge op ons aarde wat dit *geweldig moeilik* maak om te glo in 'n almagtige God wat ook goed en liefdevol is.

Op 1 November 1755, Allerheilige dag op die Katolieke kalender, het 'n aardbewing wat vandag sal gelykstaan aan 8,5 op die Richterskaal, die aardkors op die vloer van die Atlantiese Oseaan naby die kus van Portugal geskeur. Sowat 20 000 mense in die hawestad Lissabon is binne minute dood, terwyl nog 40 000 mense omgekom het toe drie tsunami's die stad daarna getref het. Boonop het 'n verwoestende brand dae ná die aardbewing in die stad gewoed.

Kunstenaarsvoorstellings daarvan wys hoe skepe in die hawe soos speelgoedskuitjies deur die golwe verswelg word en hoe oorlewendes later ontredder tussen die puin rondwaal. Lissabon was in daardie stadium 'n belangrike sentrum van die Katolieke Kerk.

Daarom kan aanvaar word dat 'n groot aantal slagoffers en oorlewende geliefdes, mense was wat geglo het in 'n God wat volmaak goed en almagtig is.

Kort ná dié ramp vra die Franse filosoof Francois Voltaire die volgende in *Gedig van die Lissabon-aardbewing*:

*"Hoe begryp die verstand God só oppermagtig goed
wie seën mild oor die hoofde van bemindes uitgiet,
maar boosheid saai met ewe vrygewige hand?
Watter oog kan die plan van sy skilderkwas deurpriem?"*

Voltaire het dié vrae gevra toe die Verligting, die tydperk wat op die donker Middeleeue gevolg het, in sy bloeityd was. Om krities met die werklikheid - en met God - om te gaan, was aan die orde van die dag.

Tog weerklink Voltaire se vrae van destyds nou weer in gesprekke en artikels vanaf die internet tot in koffiewinkels.

Dit is egter nie net die groot filosowe van die tydperk na die Verligting, wat met hierdie vraag worstel nie. Die bekende Afrikaanse digter Totius het na die tragiese dood van een van sy kinders, 'n gedig, getiteld "Die Godsbesluit", geskryf. In hierdie gedig sê hy ten diepste dat die verhouding "God en lyding" hom laat dink aan die wag -'n - bietjie - bos voor die "onheilswoning" waar sy kind gesterf het.

Die Godsbesluit:

*"Wanneer ek nader kom dan sien ek dorings krom en reg;
'k sien takke inmekaar gedraai
en deurmekaar gevleg.
En wil ek in die blare gryp
Of aan die takke breek,
Dan tas ek in 'n doringnes wat vreeslik haak en steek.*

*Bo al u donker bome, o Heer,
Groei my 'n enk'le reusboom uit
Dit is die wag -'n - bietjie - bos
Van u besluit
Van ver so skoon, so groen, so blink...
Maar hoe verward
Wanneer ek dieper kyk en dink
As wat 'n sondaar pas.
En steek ek dan my hande uit
Na u besluit
Dan gryp ek in die dorings vas."*

Ander het meer gewaagd met hierdie vraag omgegaan:

In 'n debat oor die bestaan van God wat in 1993 by die universiteit van Kalifornië gehou is het Edward Tabash, 'n vurige ateïs sy opponent uitgedaag met die volgende stelling: *"As die God van die Bybel bestaan, wil ek Hom aankla vir nalatigheid deurdat Hy aan die slaap was aan die wiel van die heelal toe my oupa en oom vergas is in Auschwitz."*

Soortgelyke aanklagtes het sekerlik gelewe in die harte van baie mense wat die 11de September 2001 deurleef het en stomgeslaan, of self geraak is, deur die mensieramp wat gespruit het uit die Sumatra-aardbewing en die vloedgeweld daarna. Derduisende is eenvoudige na 'n grusame dood gevee deur 'n waterkrag. In ons eie land word hierdie soort vroe daaglik gevra. Grusame, skynbaar sinnelose moorde is aan die orde van die dag.

Soms word daar uiters naïef omgegaan met die werklikheid van lyding: Sommige van julle sal nog die sogenaamde Westdene busramp naby Johannesburg onthou. Talle kinders het verdrink. Die hele gemeenskap was geskud en die ouers verpletter. Op die begrafnis het die predikant die ouers met die volgende woorde getroos: "*Die Here wou die mooiste blommetjies vir sy hemelse rangskikking hê.*" (König, 2002:20). Ek is seker jy het al soortgelyke uitsprake gehoor.

Die vraag: "Waarom?", is sekerlik die grootste en mees intense vraag wat feitlik altyd gevra word wanneer mense ly. Die eintlik vraag is: "*Hoekom is daar soveel lyding in die wêreld as God almagtig en liefdevol is.*"

En dit is nie 'n nuwe vraag nie.

Epikuris (342 v.C.), 'n ou Griekse filosoof het die probleem van die kwaad só verwoord: "*God het óf die behoefte om alle kwaad te verwyder, maar is nie in staat daartoe nie, óf Hy is in staat daartoe, maar wil dit nie doen nie. Anders is God gewillig om dit te doen en in staat daartoe, óf Hy is nie daartoe in staat nie en ook nie gewillig om dit te doen nie. As God gewillig is om dit te doen, maar nie daartoe in staat nie, is Hy kragteloos, wat nie in pas is met die karakter van God nie. As Hy in staat is om dit te doen, maar nie wil nie, is Hy nydig, wat weer eens strydig is met sy aard. As Hy onwillig is om dit te doen sowel as onmagtig, is Hy kragteloos én nydig en dus nie God nie. As Hy gewillig is en wel in staat om dit te doen - wat alleen maar God kán doen - waar kom die kwaad dan vandaan en waarom tree Hy nie op om ons daarteen te beskerm nie?*"

Epikuris was natuurlik nie 'n Christen nie, en werk met 'n filosofiese godsbeeld, waarin god die eerste oorsaak van alles is. Tog is sy argumentasie baie logies en kan ons dit nie sonder meer net ignoreer nie.

Wat is die doel van *hierdie* studie ?

Waarmee ons in hierdie studie gaan besig wees is 'n poging om jou te help om meer verantwoordelik te dink oor God en lyding. Miskien moet ons eers net vir 'n oomblik nadink oor die *God* waarmee ons gaan besig wees.

Dink vir 'n oomblik hieraan: As jy teen die spoed van lig beweeg (plus minus 190,000 km per sekonde), sal jy sewe keer om die aarde beweeg in een sekonde en verby die maan beweeg in twee sekondes. Teen hierdie spoed sal dit jou 4.3 jaar neem om ons naaste ster te bereik en 100 000 jaar om ons sterrestelsel (galaksie) oor te steek. Daar word bereken dat daar ten minste 100,000,000,000 galaksies in die heelal is. Dit sou 2,000,000 ligjare neem om die volgende naaste galaksie te bereik en 20,000,000 ligjare om die volgende groep van galaksies te bereik.¹ En dan het jy nog net begin om die hemelruim te ontdek. En dit alles is deur God geskep. Om die waarheid te sê, in Jesaja lees ons dat Hy die hemel afmeet met die breedte van Sy hand (Jes 40:12). Nou dit is 'n ruimtelike metafoor vir 'n God wat buite ruimte bestaan, maar dit gee ons tog iets van 'n bewustheid van die skaal van God: die hele heelal, pas in Sy hand. Hou jou hand op. Die heelal waarvan ons nou gepraat het, is so groot vir God!

Ons lees in Handeling 17:28 dat ons *in hierdie God, leef beweeg en is!* (O.A.V.). Verstommend. En hierdie selfde God (Joh 1:1) het volgens Joh 1:14, mens geword en onder ons kom woon. *God die Seun*.

Van hierdie *God die Seun* lees ons in Kolossense 1:16-17 dat alle dinge, nie net deur Hom gemaak is nie, maar in Hom stand hou!

Kom ons staan 'n oomblik hierby stil. Verwonder jou saam met my:

"Die heelal is hoofsaaklik 'n vakuum, leë ruimte. Die spiraalnewels en sterre in die uitgestrekte ruimte is groot uitsonderings. Die bietjie materie wat nog in die heelal voorkom, bestaan 99 persent uit waterstof en helium. Ander soorte materie, soos die swaarder stof waarvan die aarde en die maan gemaak is, is nóg groter uitsonderings.

Die atome waaruit waterstof, helium en ander materie saamgestel is, is in hoofsaak leë ruimte. Hier is dus ook hoofsaaklik niks nie!

¹ Hierdie statistieke kom uit Tim Chester se boek *You Can Change*.

Ons is almal van atome gemaak. Die tafel voor my en die stoel waarop ek sit, is ook net stewige atoomkoeksels. My elmboog op die tafel is ook van atome gemaak.

As die atome dan so wasig en hoofsaaklik niks is nie, en die kerne is so nietig klein, hoekom val my elmboog nie deur die tafel nie, en ek nie deur die stoel nie, en die stoel nie deur die vloer nie, en die huis nie deur die aarde nie?

Die elektrone laat dit nie toe nie. Die elektronwolkie om elke atoom in my elmboog, die tafelblad, die stoel, die huis en die aarde, is negatief gelaai, en negatiewe ladings stoot mekaar af. Dít is hoekom my elmboog nie deur die tafel gly nie, en dinge wat solied lyk nie sommer inmekaarvloei nie. Alles in die heelal hang af van die struktuur van die atoom en sy lading.

As alle elektriese ladings skielik afgeskakel sou word, sal alles ineenstort. Daar sal geen materie in die heelal wees nie. Ons sal saam met tafels en stoele en huise, en alles wat bestaan, soos dampies verdwyn. Net wolkies van elektrone, protone en neutrone sal oorbly" (Joubert, 1997:231).

Kollesense 1:17 sê dieselfde God in wie ons leef, beweeg en is, wat mens geword het, is ook die Een wat hierdie atome gelaai hou!

Ek wil jou as't ware help om te kyk op watter wyse *hierdie* God en lyding - en op agtergrond van, lyding die sonde en kwaad op mekaar betrekking het. Ons moet dus verwag dat ons denke sal duisel, dat ons buite ons verwysingsraamwerk sal beweeg, en dat sekere van ons maniere van dink, omgekeer gaan word.²

Uiteindelik wil ek hê daar moet weer gesien word dat Jesus Christus die sleutel is ook tot die beter verstaan van hierdie vraagstuk.

Ons gaan dus nie in die *eerste* plek kyk na die vraag *hoe* ons lyding in ons lewens moet hanteer nie. Dit is 'n geweldige onderwerp op sy eie. Ek hoop dat waarna ons gaan kyk *wel* op *sekondêre* wyse daartoe gaan bydra dat ons lyding beter sal hanteer, maar dit is nie ons hoofdoel met hierdie boek nie. Ons wil graag meer verantwoordelik oor God en lyding dink en praat, op 'n *wyse wat laat reg geskied aan die totale boodskap van die Bybel*.

² Vir die basiese struktuur en inhoud van die res van hierdie studie, is sterk gesteun op die werk van A. van de Beek, *Waarom? Over lijden schuld en God*.

Ons studie is ook nie *die* oplossing vir hierdie problematiek nie. As die verhouding tussen God en kwaad breukloos beskryf kon word, sou ons of in absolute monisme verval of absolute dualisme.

Wat bedoel ons? Kom ons kyk bietjie na hierdie twee ietwat snaakse woorde.

Monisme: Die Geskiedenis is dan bloot 'n duplikaat van God se wil en handeling. Hy het alles klaar beplan en alles loop soos film af. Dit klink goed. Gebed en verantwoordelikheid verloor dan egter betekenis, en die mens as 'n bondgenoot van God wat na Sy beeld geskape is, lyk dan ietwat belaglik.

Dualisme: Die antieke Persiese godsdiens het die probleem van kwaad en boosheid in die wêreld probeer oplos deur te sê dat daar aan die hoof van die ganse kosmos twee goddelike wesens staan. Ahura Mazda en Ahriman. E.g. is die goeie goddelike wese, laasgenoemde die teenoorgestelde, die verwesenliking van die kwaad.

Dualisme kom daarop neer dat God net met die goedheid te doen het en 'n ander "god" het met die kwade te doen. God het dan met die kwade niks te doen nie.

Waarmee het God dan wel te doen? Ons sit dan met die vraag of die God wat ons, in ons diepste ervaring, ontken - wel ons God kan wees?

Baie belangrik: Hierdie boek gaan daarom 'n gebrek aan eenvormigheid toon, soos die wêreld en soos die verhouding tussen God en Sy wêreld 'n gebrek aan eenvormigheid toon.

Hierdie boek sal 'n bydrae lewer in die gemeenskaplike soeke om God te ken as God van hierdie wêreld, ja van ons wêreld. Mag jy Hom beter leer ken as God van hierdie wêreld.

Almag

Die problematiek rondom God en lyding kom juis na vore uit die voorveronderstelling dat God almagtig is en goed is.

As God, God is, dan is Hy almagtig, anders is Hy nie God.

Dit is hoe die Heidelbergse Kategismus, Sondag 10 dit gestel het: **Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?**

Antwoord: Die **almagtige** en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.

Tog is dit moeilik om te glo dat alles uit God se hand kom. Die moderne mens sukkel veral hiermee, in die lig van die werklike geskiedenis. Kom ons noem 'n paar redes:

- **Die ervaring van die tweede wêreldoorlog en daarna.**

God na Auschwitz. Kan 'n mens nog glo in God na Auschwitz? Dit is die vraag in baie se harte. Die gruwelike werklikheid van die sistematiese moord op onskuldiges het 'n skok teweeg gebring, wat nog lank nie verwerk is nie. Elie Wiesel, 'n baie bekende oorlewende van Auschwitz, beskryf hoe hy by Auschwitz van sy ma en suster geskei is, om hulle nooit weer te sien nie. Hy beskryf dit so: "*Never shall I forget that night, the first night in the camp, which has turned my life into one long night, seven times cursed and seven times sealed. Never shall I forget that smoke (van die krematorium)... Never shall I forget those flames which consumed my faith forever... Never shall I forget those moments which murdered my God and my soul, and turned my dreams to dust...*" 'n Bietjie later skryf hy: "*Some talked of God, of his mysterious ways, of the sins of the Jewish people, and of their future deliverance. But I had ceased to pray. How I sympathised with Job! I did not deny the existence of God, but I doubted his absolute justice* (Soos aangehaal in Stott, 1986:334-335).

Hierdie gruweldade is egter oral oor op verskillende maniere herhaal. In Rusland, onder Stalin word na raming 20 miljoen vermoor. Dink aan Vietnam, Uganda, Saddam Hoessein en die geweldige Moslem geweld van September die 11de en daarna. Die vraag is: Kan ons werklik hierdie wêreld 'n wêreld noem onder die bestuur van 'n *almagtige* God? En as dit 'n wêreld onder die bestuur van God is - kan ons nog so 'n God ons Vader noem en hom as Heer erken? Moet ons nie maar alle bande met Hom verbreek nie?

- **Die omvattendheid van lyding**

Ons kan nou as gevolg van die internet en die ontwikkeling van telekommunikasie meer as ooit sien hoe omvattend lyding is. Tot aan die uithoeke van die wêreld. Lying is nie 'n rimpel hier en daar nie, dit is 'n kokende see van ellende. Dit is nie 'n geval dat daar hier en daar lying is nie, dit is 'n lydende wêreld.

- **Die relativiteit na die Verligting**

In die 18 eeu kon mens die wêreld sien as 'n geordende sisteem, met bo aan 'n Opperwese. Die kosmos was 'n sistematiese, geslote bouwerk. Maar nou blyk dit uit byvoorbeeld die kwantumeganika dat alles nie so ordelik is nie. So kan lig byvoorbeeld 'n deeltjie en 'n golfie wees en altwee kan bewys word! "Die kwantumfisika openbaar 'n bizarre towerwêreld. Daar is onwerklike teenstrydighede wat fisici met ongeloof vervul het. Richard Feynman het op 'n keer 'n lesing oor die kwantumeganika ingelui deur vir die gehoor te sê hulle moet hulle nie daarvoor kwel as hulle dit nie verstaan nie. "Ek dink ek kan met veiligheid sê dat niemand die kwantumeganika verstaan nie. As jy dit hoegenaamd kan vermy, hou op om vir jouself te vra: 'hoe kan dit wees?' Niemand weet hoe dit so kan wees nie" (Joubert, 1997:233).

In 'n artikel in die tydskrif *Time* (4 Januarie 1993) skryf Robert Wright, senior redakteur van *The New Republic*, na aanleiding van Feynman se bogenoemde woorde: "Dit is inderdaad 'n goeie voorligting vir 'n afdaling in die subatomiese wêreld, 'n plek waar willekeur regeer, waar twee uitdruklike weersprekende stellings altwee waar kan wees, waar die verloop van gebeurtenisse afhang van hul latere waarneming, en waar ander skemerige dinge plaasvind" (Joubert, 1997:233).

- **'n Kultuur wat nie plek het vir die bo-natuurlike nie**

Ons lewe met die tasbare en die sigbare. Ons lewe in 'n wêreld met oorsaaklike verbande. Daar is net nie meer plek vir 'n mag of invloed buite die mag van direkte oorsaaklikheid nie. Uit die wetenskap weet ons dat oorsaaklikheid in die natuur deur wetmatighede verklaarbaar is. Dieselfde swaartekrag wat ons bestaan op aarde moontlik maak, is die swaartekrag wat tot 'n vliegcramp aanleiding gee as iets daar bo in die lug vir 'n vliegtuig verkeerd loop.

- **Die tegnies-natuurwetenskaplike ontwikkeling**

Die mens het mag gekry om dinge te beheer. Hy kan self dinge doen. As God nie duidelik manifesteer as die een wat ander dinge kan doen wat ons nie kan doen nie, het Sy aanwesigheid nie meer sin nie. Wat bereik kan word in die wêreld, moet ons self bereik - verder word niks bereik nie. Van God merk jy niks - net chaos.

- **Die toenemende besef van die belang van die aarde**

Dit veral as gevolg van die toeneem van die welvaart van sommige. Die aarde is nie meer net 'n moment wat die ewige voorafgaan nie. Die aarde is al wat ons het. Dit is belangrik. Daarom is die vraag na lyding meer intens. Lying het erger geword. Jy kan nie meer wegkom deur te sê: "Dit is maar die tydelike lewe vol lyding, die ewige kom en dan is alles verby nie." Nee, juis die tydelike lewe het so belangrik geword.

- **Die toenemende mondigheid van die mens**

Gesag word nie sommer meer aanvaar nie. Ook nie God se gesag nie.

Maar let wel, ook in die **Ou Testament** het God se mense probleme ondervind met God se bestuur van dinge:

In **Psalm 73** voel die digter dat hy tevergeefs homself rein gehou het, God laat juis die goddeloses voorspoedig wees en hy is geslaan en getugtig.

In **Psalm 42**, voel die digter ook dat God hom vergeet het en vra "waarom?" (vers 10).

In **Jesaja 40:27** word Israel se gevoel uitgespreek. Hulle voel God sien hulle nie raak nie, en hulle reg gaan by God verby.

In **Job 10** worstel Job met die feit dat God wat hom gevorm het al sulke dinge oor hom laat kom.

In **Habakuk 1:12-17**, kan Habakuk nie begryp dat God wat te rein is om na kwaad te kyk, hierdie afgryslike dinge wat goddeloses aan regverdiges doen, toelaat nie.

Almag van nader beskou

Daar is in die geskiedenis van nadenke op twee maniere oor die almag van God gedink:

God se almag sou beteken dat:

a) God alles kan doen *wat Hy wil*. Die logiese gevolgtrekking hieruit is dan dat Hy nie die magte van kwaad wil oorwin nie. Hy *wil* die kwaad met alles wat daaruit voorkom.

b) God kan *alles*. God kan met ander woorde absoluut alles doen. God kan ook die dinge doen wat Hy *nie* wil nie.

Die probleem ontstaan dan: Kan Hy 'n steen maak wat Hy nie kan optel nie? Kan 'n almagtige God in hierdie sin wel bestaan?

Fisies sou dit wel moontlik kan wees, maar dit sal bloot net nie **eties** moontlik kan wees nie.

Kan God 'n wêreld skep wat nie gehoorsaam is aan Hom nie? (wat Hy nie wil nie). Blykbaar. Is Hy dan nog almagtig? Kon Hy nie 'n ander wêreld skep nie? Kortweg: Kan Hy alles wat Hy wil. Wil Hy alles wat Hy kan!

Voel jy die dorings van die wag - 'n - bietjie - bos?

Goedheid

Ons bely almal dat God goed is. Tog is God se almag vir sommige belangriker as Sy goedheid. Hulle sou eerder 'n God aanvaar wat 'n tiran is, as wat hulle 'n God sou aanvaar wat nie alles kan doen nie.

Hoe dit ook al sy, die goedheid van God is 'n gekompliseerde saak. Goedheid vra egter om 'n norm. In die klassieke teologie is die norm vir goed en kwaad ontleen aan die wil van God.

Ons kan dit dan só stel: Alles wat gebeur is God se wil. Dit vloei voort uit Sy almag. Dan is alles tewens goed. As ons dit kwaad noem, is dit verkeerd, omdat ons die norm vergeet; naamlik dat God dit so wou.

Die hele wêreld is dan goed, want dit is 'n uitvloeisel van God se wil. In die praktyk is dit egter heelwat meer gekompliseerd.

Dink net weer aan die Ou en die Nuwe Testament. Mense blyk nie so te wees soos God wou hê nie. Daar is ongehoorsaamheid. Die kwaad wat gedoen word is deeglike kwaad! Kan jy dink aan voorbeelde hiervan?

Anders gestel; die begrippe liefde, barmhartigheid, ontferming, genade ensameer, is alles aanduiding dat God lyding en skuld nie wil nie! Hy wil juis die wat dreig om daardeur ten gronde te gaan, help. Alles is dus bloot nie net goed soos dit is nie!

Al die genoemde begrippe dui daarop dat God in 'n verhouding met mense staan. In hierdie verhouding speel die gevoelens van mense 'n rol.

Die goedheid van God is dus nooit iets wat net los staan opsigself nie, dit is gebonde aan die ervaring van mense. As mense in lyding geen barmhartigheid kan verwag nie, dan het God se goedheid 'n leë vorm aangeneem.

So 'n leë goedheid is egter totaal vreemd aan God. Die God van die Bybel het in die menslike gelaat van Sy Seun goedheid gevul tot ontferming, tot vergewing, tot medelye.

Sedert die koms van Jesus Christus na die aarde kan die goedheid van God nooit meer los gesien word van Hom in wie God die wêreld lief so gehad het dat Hy Sy enigste seun gegee het nie. Jesus is die goedheid van God self wat met Sy hele wese Hom wend tot die geroep en trane van die ellendiges.

Lyding en sonde

Die probleem waarmee ons in hierdie boek besig is, is die verhouding tussen God en die kwaad. Hoe moet ons dink oor Sy almag en goedheid - en die kwaad?

Lyding en sonde is die twee gestaltes van kwaad in die wêreld.

Lyding

Lyding is *passief*. Dit is die kwaad wat ons ervaar, wat ons nie soek nie maar wat ons ondergaan. Wat is die kwaad *in lyding*? Dit is die verbreking van heelheid en die aantas van vrede.

Hier dink 'n mens aan konsentrasie kampe, honger, diere-marteling, dodelike siektes en jy kan die lys self aanvul met onuitspreeklik baie ellendes. 'n Kind wat sy vinger sny, asook die skaafwond wat 'n kind opdoen deurdat hy/sy val met 'n fiets - en wat nog alles. Selfs gevoelens van onrus en angs val ook onder die kwaad van lyding. Al sou een kind in wêreld een dag hartseer wees, kan ons nog vra: "*Waarom kan die kwade inbreek in die skepping van God?*"

Tog is dit ook so dat die mate waarin lyding manifesteer oneindig verskil. 'n Skaafwond en dit wat in Auschwitz gebeur het is net nie op dieselfde vlak nie!

Sonde

Hier het ons te doen met die **aktiewe** sy van die kwaad. Hier is dit nie kwaad wat ondergaan word nie, maar wat bedryf word. Die vraag na die Godsbestuur kom hier nog duideliker en meer problematies na vore. By lyding kan 'n mens nog die opvoedkundige waarde daarvan insien. Maar sonde? Waarom het God toegelaat of selfs dalk gewil dat mense sondig is? Met alles wat daaruit voortvloei!

Voorlopig kan ons net dit sê: Hierdie is 'n geheimenis. Hier moet ons maar die geheim van God se wese laat vaar en ons wend na die gelaat van God in Sy geskiedenis met mense. En daardie gelaat is in die laaste instansie die gelaat van Jesus Christus. As ons in hierdie studie dit durf waag om besig te raak met die handeling van God in 'n lydende wêreld dan is dit alleen omrede ons in die eerste instansie weet dat Hy die God van Jesus Christus is. Alleen aan hierdie God kan ons die "waarom?" vraag vra. Slegs op die basis van die verbond, in die geborgenheid van Sy liefde, durf ons die Vader vra na Sy beleid. Ons vra Hom, omdat Hy vir ons van die hoogste belang is. Ons kan en durf alleen hierdie vrae vra omrede ons Hom reeds ken as die Een wat ons liefhet en ons ken.

Kortweg: As ons die vraag **WAAROM?** tot die bodem toe wil ondersoek, word dit nie in titaniëse hoogmoed gedoen nie, maar as kind wat nederig bewonder.

Terug na sonde. Ons kan kwaad wat ons aangedoen word (lyding) en etiese kwaad (sonde) wel onderskei maar nie van mekaar losmaak nie:

- Beide is manifestasies van een duistere mag wat die wêreld bedreig.
- Die sonde van een is die ellende van 'n ander. Dink net aan 'n man wat hom aan drank te buite gaan. Sy gesin ly a.g.v. sy sonde.
- Sonde doen is self lyding. Kan jy aan voorbeelde dink?
- Is lyding wel so passief? Is dit nie soms 'n masochistiese poging om eensaamheid en minderwaardigheidsgevoel te deurbreek nie?

- Lyding is die straf oor sonde.
- Lyding is opvoeding tot geregtigheid (dit het dus ten doel om ons te laat ophou sondig).

Vanuit watter hoek gaan ons die problematiek benader?

As mens 'n benadering kies wat werk vanuit die gesigspunt van God se **almag**, moet jy natuurlik verdedig dat God goed is.

Kies jy 'n benadering wat werk vanuit die gesigspunt van die **goedheid** van God, moet jy die volgende vraag hanteer: *Hoe kan, gegewe die kwade in die wêreld en gegewe die goedheid van God, God tog almagtig wees?*

Weereens: 'n Konsekwente deurdinking van God se verhouding tot die wêreld vanuit goedheid, lei tot dualisme.

Ons gaan nie in hierdie studie bloot kies om vanuit die een benadering of die ander benadering te werk nie.

Die oortuiging waarmee gewerk word is dat hierdie probleem nie oplosbaar is in 'n eensydige sisteem nie. Dit is veeleer geleë in die spanningsveld tussen beide.

Aangesien ons nie altwee benaderinge gelyk hanteer nie, gaan ons begin om te werk vanuit die benadering van God se almag en daarna vanuit Sy goedheid.

Ons gaan verskeie "modelle", vanuit elke benadering, onder die loep neem. Daarmee bedoel ek verskillende maniere hoe 'n mens op grond van die Skrif, as't ware lyding kan verklaar. Elkeen van hierdie "modelle" word gesteun deur die Skrif, en elkeen kan en bring werklike vertroosting vir mense. En so sal ons dit hanteer. Die een model kan egter vir die een persoon weersinwekkend wees, en vir die ander een vertroosting bring.

Ons wil egter verder gaan as om *net* die bekende "modelle" weer op die tafel te plaas.

Die kern van hierdie studie gaan daarom in die laaste hoofstukke neerslag vind. Ons gaan sien in watter ruimte of kader, die verskillende modelle geplaas moet word. En hierdie kader is *die geskiedenis*. Die geskiedenis wat God met mense het, wat Hyself begin het en kon begin omrede Hy 'n lewende God is. Dit is eers binne die geskiedenis dat die verskillende modelle betekenis kry en mekaar nie uitsluit nie. Deurgaans gaan daar ook gepoog word om die *hele* Skrif in ag te neem.

HOOFSTUK 2

GOD AS BRON VAN ALLE DINGE

Die Pa wat dissiplineer

Een van die beelde waarin die verhouding van die gelowige met God uitgedruk word, is die van kindskap. Groot gedeeltes in die Nuwe Testament handel oor hierdie wonder van die nuwe verbond teenoor die ou verbond. Anders gestel; ons posisie van kindskap plaas ons in 'n veel beter en heerliker posisie as die van die gelowiges in die Ou Testament (Gal 3-5, Rom 8). Kindskap is 'n onbegryplike wonder. In 1 Johannes 1:3 is die apostel oorstelp van vreugde hieroor. En ons kan dit so *vanselfsprekend* aanvaar en so *terloops* daaroor praat!

As ons kindskap van God 'n feit is, en as alles uit God se hand kom omrede Hy die bron van alle dinge is as die almagtige God, dan is die logiese afleiding: *Dit is uit God se **Vaderlike** hand, dat alles oor ons pad kom.*

Die verhouding van 'n Pa tot 'n kind word egter nie altyd positief beleef nie, aangesien daar by vaderskap altyd opvoeding ter sprake is en opvoeding beteken of behels, straf! Ek is seker jou kind beleef dit ook nie altyd positief nie!

Dit is die beeld wat 'n mens in **Hebreërs 12** aantref. God is hier duidelik die Pa wat dissiplineer, of tugtig. Kyk, ons weet dat daar by opvoeding ook 'n "nee" ter sprake is en in die geval van ongehoorsaamheid, selfs straf.

Uit Hebreërs 12 blyk dit dat daar nie net by bestraffende woorde gebly is nie, maar dat die geadresseerdes sware slae toegedien is! Die kastyding of tugtiging het *konkrete* verdrukking behels. En nou kom die skrywer en interpreteer onder leiding van die Gees hierdie verdrukking as.... *die slaande hand van God!*

As God Sy kinders slaan is dit met die bedoeling om hulle op die regte pad te bring of te hou. Sy tugtiging is tot ons voordeel, om ons te heilig (vers 10). Ek dink jy sal saamstem dat as alles met ons rimpelloos goed gaan, ons geneig is om God te vergeet, maklik te vergeet. Dit is net eenvoudig so dat ons in voorspoed, God minder nodig het (so dink ons) en ons vergeet ons naaste net so maklik in hierdie tye.

God laat ons nie hierin ons gang gaan nie! Hy los ons nie. Nee, Hy tugtig ons. En dit behels konkrete lyding. En nou is dit juis deur *hierdie* tugtiging dat ons weer bewus raak van ons kwesbaarheid en ons afhanklikheid. Deur lyding besef ons dat ons nie self die weg kan vind nie. Ons besef dan dat ons ons eie pad geloop het en ons besef hoe nodig ons God en ons naaste het.

Anders gestel, die sleur van ons bestaan word so deurbreek. Jy word gedwing om te besin oor jou situasie. Jy besef hoe beperk jy werklik is. Jy begin dan weer opnuut vra wie jy is en wat die sin van jou bestaan is. Nood leer bid!

Miskien is jou beswaar: Daar is tog die moontlikheid dat hierdie terugkeer na God nie om God gaan nie, net sodat omstandighede kan verander. Ons moet egter nie te gou negatief hieroor dink nie. God oorspeel ook dit! In Hom leef beweeg en is ons! (Hand 17:28).

Iets wat ons baie goed moet besef is dit: God se kinders is ook *kinders*. Daarom is dit so dat daar in tye van nood gesoek word na die beskermende hand van die Vader, terwyl dit net so vas staan dat die mens in tye van vreedsame bestaan, nouliks bewus is van daardie hand. Kinders gaan dikwels op in hulle spel. Hulle raak so besig met hulleself en hulle speelgoed, hulle dink nie eers in hierdie tye aan die beskerming wat hulle nodig het nie. Nog minder soek hulle dit bewustelik. Maar sodra daar iets gebeur, soos 'n groot hond wat hulle bestorm, of as hulle van 'n fiets val, kyk hoe vinnig soek hulle dan hul pa se beskermende hand op!

So is dit ook met gelowiges. God laat ons dikwels in ons spel. Hy weet hoe ons is. Luister net: "*Soos 'n vader hom ontferm oor die kinders, so ontferm die HERE Hom oor die wat Hom vrees. Want Hy, Hy weet watter maaksel ons is, gedagtig dat ons stof is.*" Psalm 103:13-14 O.A.V.).

Maar belangrik. Kom ons probeer dink vanuit 'n pa se oogpunt. Die lewe van 'n kind kan nie net onverstoord voortgaan nie. Dit *moet* groei na volwassenheid. Na eie verantwoordelikheid en medeverantwoordelikheid. En hierdie groei vind plaas via probleme, via lyding, via die verwerping van 'n "Nee!". Hieronder word kinders bedorwe. En daarom is dit net eenvoudig so dat God 'n die wisselwerking tussen ontspanning en druk met Sy kinders omgaan, Hy is die pa wat by uitstek weet hoe belangrik groei na volwassenheid is.

En is dit nie nou juis so dat lewenservaring wat mense besit, dikwels lydingservaring is nie? Ryp mense van wie die krag van die Heilige Gees uitstraal is dikwels mense wat weet van verdriet, teleurstelling en frustrasie. Wie van julle het al vir Jonie Eareckson Tada gesien? - dan sal jy weet waarvan ek praat.

Let wel, dikwels is dit lyding wat in die *hart* gedra word wat meer pyn veroorsaak as dit wat op die oppervlak gesien kan word deur ander. Daardie onsekerhede wat in die verborgenheid met God uitgeworstel word.

'n Uiters belangrike perspektief wat ook hier in Hebreërs aangeraak word is die feit dat ons in ons lyding, deel in dit wat Jesus beleef het. Kyk byvoorbeeld hoe word Hy as voorbeeld voorgehou in Hebreërs 12:2-3 (O.A.V.): *Ons moet in ons lyding voorgaan met, "die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teësprak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie."* In die lig van dit wat wag, die heerlijkheid wat sou kom het Hy lyding verduur. En dit is waartoe ons opgeroep word. Hou die einde in die oog, die heerlijkheid wat kom. So groei ons ook.

En luister mooi: Die Christen wat so "groot word", is nie iemand wat die wêreld begin vermy nie. Net so min as wat Jesus die wêreld vermy het omdat

Hy gely het. Inteendeel. Omdat ons hierdie uitsig het op die vreugde wat wag, kan ons juis die sorg van die stukkende wêreld op ons neem, sonder om daaronder ten gronde te gaan. En hoe meer die lyding van die wêreld in ons harte deurdring, des te meer ervaar ons dat God ons deur ons lyding heen Sy kinders wil laat wees. Hoekom?, want ons hoop al meer op Hom!

Wat ons egter baie mooi moet verstaan is dat lyding 'n *opvoedkundige funksie* het. God laat ons ly. Juis daarom kan dit as troos ervaar word, want dit beteken dat GOD in lyding met ons besig is! Dit beteken dat Hy Homself oor ons bekommer. Hy vind ons die moeite werd om te slaan! Hy slaan ons omrede Hy verantwoordelik vir ons voel.

As ons dus geen tugtiging sou kry nie moet ons tot die konklusie kom dat God hom nie meer oor ons bekommer nie. Hy laat ons dan aan ons eie lot oor. Vreeslik.

Dink maar bietjie hieroor. 'n Swyende God kan erger as 'n bestraffende God wees. In die ervaring van tugtiging is daar weer kontak. En dit is tog waarna ons smag. Dit wys ons dat ons nog Sy kinders is. Straf en tugtiging wys dus nie dat ons *nie versoen is nie*, dit bevestig juis ons kindskap aangesien dit dui op ons *gemeenskap met die lydende Jesus*.

In Hebreërs 5:8 lees ons: "*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het*"; en in Hebreërs 12:2 word ons opgeroep om ons oog op Hom te hou. Hy is ons leidsman op hierdie weg. Hier duik egter 'n probleem op. Beteken Hebreërs 5:8 dat Jesus vol sonde was? Nee. Hebreërs 4:15 maak dit baie duidelik dat Hy juis nie sonde gehad het nie (Vgl. ook Heb 7:26 e.v. en Heb 9:14). Dit is natuurlik juis die rede waarom Hy ons kan help.

Maar tog moes Hy gehoorsaamheid leer? Wat sou dit dan beteken? Wel, ons weet nou dit beteken nie die afleer van die weg van *on gehoorsaamheid* nie. Hy was nie ongehoorsaam nie. Hy het geen sonde gehad nie. Dit kan net beteken: *Die leer aanvaar van die wil en die weg van God*.

Só volg die Christen vir Jesus. Ons moet die wil en die weg van God leer ken. Die fokus hoef dus nie soseer te wees op ons wat nog so grof sondig dat Hy ons moet tugtig nie, maar op die feit dat ons nog nie werklik die wil en die weg van God ken nie, ons moet dit leer deur opvoeding.

Dit is natuurlik so dat as ons só kan begin dink oor lyding, dit tot 'n tipe vreugde kan lei.

Ons weet dat Paulus hom selfs verbly in lyding (Vgl. Rom 5:3; 2 Kor 12:9 e.v.; Kol 1:24).

Meer nog, hy roep ook die gemeente daartoe op (Fil 4:4 e.v.; 1 Tess 5:16).

Paulus roem in hulle volharding in lyding (2 Tess 1:4). Weereens: In lyding is immers die mees intense gemeenskap met die Here en daarom ook die mees intense hoop (Rom 8:17).

Dit egter nie alles so maklik nie. Dit is ook nie iets wat ons sommer kan besluit om op onself te neem nie. Onthou net weer Heb 12:11 (O.A.V.). *Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie 'n saak van blydschap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter 'n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is*

Onthou, ook Jesus wat presies geweet het waarop Sy lyding gaan uitloop, het dit nie maklik gevat nie (Heb 5:7, Matteus 26:38 e.v.).

En juis hierdie vrees van Hom gee weer vir ons vertroosting. Hy verstaan (Heb 4:5; 2:18). As ons vra "waarom?", word ons herinner aan Sy "waarom?" (Matt 27:46) en dan begin alles weer sin maak. Dan besef ons weer: Dit is die weg! Dan kan ons sê wat die Psalmis in Psalm 119:71 sê: "*Dit is goed vir my dat ek verdruk was, sodat ek u insettinge sou leer.*"

Om die fokus bietjie te verskuif van onself na God. Onthou: Uit 'n vader se oogpunt is dit ook nie 'n plesier om te tugtig nie (Jer. 31:20).

As Jesus, die Seun ly, ly die Vader ook, maar Hy ly ook as Sy ander kinders ly. As ons ly.

God se wonderlike werkswyse

Kom ons begin by die Josefverhaal. Ons het almal al van kleins af van Josef gehoor. Ons ken die verhaal. Ons ken veral die gelukkige einde. Maar ons moenie dat die gelukkige einde van Josef se verhaal ons verlei om te vergeet van die smart wat daaraan voorafgegaan het nie. Dit is 'n lang en pynlike pad wat lê tussen die velde van Dotan en die onderkoningskap van Egipte - lank en pynlik genoeg om van Josef 'n verbitterde, siniese mens te kon maak.

Op die een of ander wyse kry ons dit mos meestal reg om te glo in die bestaan van 'n God van liefde al lees ons die koerante - solank dit met my voor die wind gaan. Maar die oomblik as dinge teen my draai, snaaks hoe maklik ek verbitterd kan raak. Die rede daarvoor is klaarblyklik dat my wêreld net so groot is as wat toegemaak word deur my eie vel.

Van skeptisisme en sinisme vind ons egter geen spoor by Josef nie. Hoe ek dit weet? Wel nie net op grond van Genesis 45:7,8 waarop ons gaan fokus nie, want daar gaan alles al weer met hom baie goed. Nee, sy optrede gedurende die moeilike dae laat blyk dat Josef nie sy rug op God en sy wêreld gedraai het nie.

Josef bly geïnteresseer en betrokke by sy medemens. Hy dien Potifar na die beste van sy vermoë. Bevind hy hom in die gevangenis dan is hy een twee drie die tronkbewaarder se regterhand. Wanneer sy medegevangenes, die skinker en die bakker, die nag hul onstellende drome gehad het, merk Josef dadelik daar haper iets en wil hy weet "*Waarom lyk julle vandag so bedruk?*" (Gen 40:7). Nadat hy die Farao se drome uitgelê het, is hy dadelik gereed met praktiese noodlenigingsvoorstelle met oog op die dreigende droogte.

Hoe op aarde is dit moontlik? Waarom stort Josef se wêreldjie nie in duie onder die harde houe van die lewe nie?

Diep in sy hart het Josef geweet, ten spyte van allerlei twyfelvrae wat hom seker ook maar geteister het: *God self is op een of ander wonderlike wyse betrokke by wat met my gebeur.* Ook in die donker was God digby. Ons lees in Genesis 39:21 dat God Josef Sy troue liefde selfs in die tronk laat ondervind het.

Te midde van vertwyfeling het Josef geweet die situasie is onder beheer. Dinge kan nie hand-uit ruk nie- ek sê Hand-uit (hoofletter) nie.

En toe sy broers die dag kom koring koop, toe pas die legkaart skielik: *God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom. Dit is nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God (Gen 45:7,8 O.A.V.).*

Let egter op dat hoewel Josef sy broers troos, hy hulle hoegenaamd nie verontskuldig nie. Dit is wel nie *hulle* wat hom na Egipte *gestuur* het nie - God het, maar hulle het iets anders met hom gedoen: hulle het hom *verkoop*.

In Gen 45: 4 sê hy uitdruklik dat hulle hom verkoop het en hy herhaal dit in vers 5. Let wel: Josef sê *nie* dat God hom verkoop het nie. Sy *broers* het hom *verkoop*, maar *God* het hom *gestuur*.

En laasgenoemde is geen verontskuldiging vir eersgenoemde nie. Wat hulle gedoen het was TEEN God se wil. Kom ons lees net Genesis 50:20 (O.A.V.): "Want julle het wel kwaad teen my bedink, maar God het dit ten goede gedink om te doen soos dit vandag is, om 'n groot volk in die lewe te hou."

Ons kan sê God dink die kwaad ten goede.

Hoewel God se daad dus hulle daad kruis en dit histories selfs saamval met hulle daad, is dit tog twee totaal verskillende dae. "Verkoop" is heeltemal iets anders as stuur, of hoe?

Daarom moet ons daarteen waak om *reglynig* alles wat gebeur toe te skryf aan God se wil. In 1Tess 2:18 kla Paulus byvoorbeeld dat hy telkens tevergeefs gepoog het om die gemeente te besoek. Die rede daarvoor skryf hy nie aan God se wil toe nie, maar hy verklaar: *Die satan het ons verhinder*. Ons moet dus versigtig wees vir simplistiese konklusies en raad. Alles is nie *reglynig* (let op die klem) aan God toe te skryf nie.

Wat God doen en wat Josef se broers doen is nie net verskillend nie, maar ons moet selfs sê dit is twee teenoorgestelde dae. Die agtergrond van hulle daad is haat; die agtergrond van Sy daad is liefde. Die doel van hulle daad is om hom smart te berokken; die doel van Sy daad is redding. Hulle daad is 'n onheilsdaad, Sy daad is 'n heilsdaad.

God se daad kruis nie net hulle daad nie; sy daad deurkruis selfs nie net hulle daad in die sin dat Hy dit uitkanselleer nie; Sy daad *deurkruis* hul daad in die sin dat hy die minus van hulle daad deurkruis tot 'n plus!

Jy sê jy verstaan nie. Wel ek ook nie. Hier word ons trotse denke se nek gebreek. Ons verstand steier hier. Maar hier word ons ook verlos van angs.

Spekulasie het nie hier 'n plek nie. Aanbidding en 'n loflied is hier meer toepaslik.

Baie belangrik: Die weg van Josef, is die weg van Israel en die regverdige Israeliet.

Israel en die regverdige ly - *dit* is die weg van God na redding om heil te berei vir Israel en vir vele ander. Via die nikswaardige posisie van 'n slaaf en 'n lewe begrawe in die gevangenes is, word Josef heer oor Egipte en 'n vader van Farao (Gen 45:8).

God het so gelei dat die grootste mag van die wêreld aan Josef onderworpe is. En so is die weg van Israel ook. As gevangene en uitgelewer aan die groot magte van die wêreld, lei hulle weg tot heil en heerskappy oor alle volke.

Sien jy al klaar iets ook hierin van die weg van Jesus?

Onthou, op die *oppervlak* gesien sou Josef nooit kon sê God was aan die werk nie. Maar Hy was. Ook as God se naam nie genoem word, soos in boek Ester, is Hy die handelende subjek van die geskiedenis.

Maar, *tydens* die geskiedenis is God nie altyd *merkbaar* aanwesig nie. Wat ons sien, is slegs die broers, die vrou van Potifar, die vergeetagtige skinker en die radelose Farao.

Eers *agterna* word dit ingesien. Daarom vir 'n gelowige kan die leiding van God, in lyding, as 'n konkrete saak onwrikbaar vas staan - maar onthou, vir die buitestaander sal daar dikwels geen bewys daarvoor wees nie. Dit sal altyd moontlik wees om dit toe te skryf aan geluk of iets anders.

En ook vir gelowiges kan die erkenning van die leiding van God in lyding, aanvegbaar wees. Dit is dikwels so dat selfs dié wat hulle lyding, later as leiding van God erken, self meestal nie tydens die hele proses dit as God se leiding sien nie.

Ons het hier altyd te make met 'n geloofslewe. Dit is vanuit *geloof* in die leiding van God dat die pad wat ons loop geïnterpreteer word as die pad van God. Juis byvoorbeeld aan die hand van Skrifgedeeltes soos dié oor Josef in Genesis.

Deel van ons belydenis, wanneer daar na lyding gekyk word vanuit God as bron van alle dinge, is dat die lewe in sy totaliteit in die hand van God is, dat God die heil van mense uiteindelik in die oog het.

Soos reeds nou in Josef se verhaal gesien is die kwaad aan God onderworpe op 'n wonderlike wys *deur middel van deurkruising*. In die lig hiervan kan daar bely word dat die kwade geen werklike mag het nie, maar slegs 'n relatiewe selfstandigheid, naamlik die mag wat God daaraan verleen.

Selfs goddeloses word dus instrumente in God se hand, sonder dat hulle dit besef. Sonder dat hulle daartoe gedwing word -as mense wat self dink, voel en handel. En hierdie beginsel kan op die individu se lewensweg sowel as op die geskiedenis van die wêreld toegepas word. Wonderlik, fassinerend, is dit nie? Waar maghebbers hulle eie belang soek, en dus sondig en skuldig is, dien hulle onbewus die belang van God! Waar hulle daarop uit is op die handhawing en vergroting van hulle eie mag, werk hulle mee aan die magtige heilsplan van God, om Sy Naam nog groter te maak!

Jy kan self die volgende gedeeltes gaan lees, waar hierdie feit so duidelik soos daglig is. Gaan lees hoe God Kores gebruik (Jes 44:28; 45:1-5) , sowel as Nebukadneser (Jer 25:9).

Natuurlik is dit so dat sodra ons die grense van die Ou Testament en die Nuwe Testament oorsteek, dit baie moeiliker raak om so gemaklik die weg van God uit te wys en raak te sien. 'n Mens kom by Konstantyn en Hitler en jy het geen gesagvolle interpretasie om te verstaan waarom, en óf hulle só deur God gebruik is nie.

Daar is ontsettend baie "waarom?" vrae. En elkeen kan sekerlik sy eie reeks vanuit sy eie beleving daarby voeg.

Wat hierdie "waarom" vraag veral vir 'n gelowige tot geweldige angs kan vererger is juis ook die vraag of daar iets in jou eie verlede is wat bydrae tot die leed.

Natuurlik kan geloof in "die wonderlike weë van God" maklik lei tot 'n lewensingesteldheid wat weer op sy beurt vreemd is aan die Bybel. Ek praat van die ingesteldheid wat kritiekloos begin omgaan met alles wat in die geskiedenis en in ons eie lewens gebeur. As daar geen poging aangewend word

om, waar ons kan, in die geskiedenis in te gryp en verandering ten goede aan te bring nie. En so ook in ons eie lewens.

Het Josef sy in die tronk wees net aanvaar of het hy ook aktief probeer om daar uit te kom?

Daar is dus die gevaar van idealisme en determinisme wat dan 'n streep trek deur eie verantwoordelikheid.

'n Paar ongemaklike vrae:

- 'n Vraag wat ook gevra kan word is dit: Waarom is die omweg van *lyding* nodig in die bewerking van positiewe eindresultate? Dink weer aan die Josefverhaal. As God Josef wou onderkoning maak - kon Hy dit nie op 'n *ander* manier doen nie?
- Kon Josef nie as 'n vry man die drome uitlê nie?
- Nog 'n vraag: As God die wêreld bestuur, hoekom moes daar 'n hongersnood in Egipte kom? God gebruik blykbaar die lyding van Josef om 'n nog groter onheil te voorkom. Hoekom het hy dit nie gekeer nie?
- Is al God se wonderlike weë om 'n groter onheil te voorkom nie nodig omdat daar reeds onheil is nie? En van waar kom dit?
- Lyding is God se weg tot uiteindelijke geluk. Is dit nie ook so dat lyding hier op aarde die weg is na verdere lyding nie? Volg daar nie uit die geluk weer lyding nie? Vergelyk: Die wonderlike redding van Jakob en sy familie het die gevolg dat Israel in Egipte gaan woon. Dit lei uiteindelik tot dwangarbeid en al die ellende wat daaruit voortvloei. En hier kon nog voorbeelde genoem word.
- Ons kan ook die volgende sê: As *singewing* van lyding fundamenteel wil wees, dan moet ons sê dat alleen via lyding die geluk bereik word sowel as dat geluk *noodsaaklikerwys* alleen deur lyding bereik kon word.

Natuurlik kan ons as gevolg van die vryheid van God geen finale antwoord hierop gee nie.

Hier is egter 'n paar voorlopige antwoorde:

- ✓ Die vreugde van die positiewe is groter teen die agtergrond van die skadu van die negatiewe.
- ✓ Ons moet vir die volledige begrip van lyding, wag tot later. In die lig van die hemel wat wag. Ons sal eendag volkome verstaan (Rom 8, Openb 6:11).
- ✓ Die weg na vreugde deur lyding is die weg van Christus (Matt 16:21 ens). Die lyding van een is dus sinvol vir die redding van 'n ander.

Dit is natuurlik nie altyd vir ons duidelik of God ons lyding gebruik vir die doel wat ons dit graag sou wou gehad het dit moet gebruik word, of vir iets anders nie. Soms sal God ons selfs van sinnelose lyding, wat ons graag op ons sal wil neem, onthou. Dink aan die keer toe Moses aanbied om uit God se boek uitgewis te word, as God net Israel sal spaar. God wys dit af. Ons kennis is beperk as dit gaan oor die wonderlike weë van God in die geskiedenis, maar ons kan natuurlik vashou aan Romeine 8:28!

Na alles wat ons gesê het, weet ek dat hierdie "model" nie maklik is nie. Dit is moeilik om te glo in die skrywende hand van God in jou eie lewensgeskiedenis, veral as jy weet hoe maklik jy jouself kan bedrieg. Dit kos nog meer om te glo in die geskiedenis van die wêreld!

Die feit dat dit vir ons moeilik is, wil natuurlik nie se dat dit minder waar is nie. Die feit dat dit moeilik is bevestig dit juis. God se weë gaan immers deur die diepte van verborgenhede.

Lyding as straf op sonde

Niemand kan in die lig van die Bybel ontken dat mense sonde doen nie. Net so seker is die feit dat God hierop reageer en sonde straf. God sien nie sonde sommer net oor nie.

Is dit dan nie so dat baie lyding hierin sy oorsprong het nie?

Hierdie afdeling "lyding as straf op sonde" is verwant aan dit wat ons gesê het omtrent die "opvoedkundige" aspek van lyding. Die grootste verskil is egter dit: In die opvoedkundige "model" is die gerigtheid die *toekoms*. Lyding is nodig ter wille van dit wat in die toekoms wag.

In die model waar ons praat oor lyding as straf op sonde, gaan dit om die *verlede*. Die beslissende moment wat die lyding teweeg bring lê dus in die verlede.

Lyding is hier dus nie 'n weg tot iets nie, maar die gevolg van iets. In Lyding as straf op sonde beweeg ons ook verder as God se handeling met gelowiges. Ook ongelowiges is hier ter sprake.

Natuurlik is hierdie tipe denke nie die *in* ding in die tyd waarin ons leef nie. Sonde en skuld is dinge wat uiters vreemd is aan die tyd waarin ons leef. Ons praat eerder oor lot as skuld, eerder oor magteloosheid as oor sonde! Sonde het veeleer wonde geword. Eintlik sondig ek nooit nie, ek ly net aan al die wonde wat ek as kind opgedoen het! Hoe op aarde kan ek dan daarvoor gestraf word?

In die Bybel staan die saak egter anders.

Die Ou Testament is vol verhale van God wat mense straf oor hulle sonde. Dit begin alreeds met die eerste sonde. Wat gebeur daar? Wel ons weet dat daar 'n volmaakte verhouding bestaan het tussen God en die mens, tussen die mens en mens, en tussen die mens en die natuur. As die mens egter ongehoorsaam is aan God, word al hierdie verhoudinge verbreek en versuur - en die dood self tree in.

Dit is die grondpatroon van skuld en lyding: op sonde volg die verlies van die paradys en ten slotte die dood.

Hierdie grondpatroon kry telkens in nuwe verhale gestalte:

Vergelyk die volgende:

- In Genesis 6:7 sê God dat Hy die mens wat Hy gemaak het gaan verdelg as gevolg van die sonde.
- In Numeri 21:6, stuur God giftige slange om die mense te pik en te laat sterwe, vanweë hulle opstandigheid teen God.
- As Korag, Datan en Abíram in Numeri 16 teen Moses en Aaron opstandig is, laat God die aarde oopskeur en hulle en hul families in die aarde verdwyn. Verder woed daar 'n vuur van God in die kamp wat 250 mense verteer!

- As Agan in Josua 7, net "een ou manteltjie en 'n paar ander goedjies"(v. 21) van die bangoed vat, word hy en sy familie gestenig, en eers dan bedaar God se woede.
- In 2 Samuel 24, as Dawid die volk laat tel, teen God se wil in, volg daar 'n pes onder die volk as straf.
- In 1 Konings 17, in die verhaal waarin Agab en Elia die hoof spelers is, sien ons dat droogte die straf op sonde is en dat Baalprofete uiteindelik geslag word as straf.

Die profete praat telkens oor die oordeel wat oor die volk gaan kom a.g.v. hulle sonde!

Dit is hoe dit wat met die volk gebeur het deur Daniel geïnterpreteer is: *ons het gesondig en verkeerd gedoen en goddeloos gehandel en in opstand gekom en van u gebooie en verordeninge afgewyk.... Daarom was die HERE wakker oor die onheil, om dit oor ons te bring; want die HERE onse God is regverdig by al sy werke wat Hy doen, maar ons het nie na sy stem geluister nie.'* (Dan 9: 5,14).

In die Ou Testament is daar gedurig die gedagte dat God as't ware kom kyk wat die mens doen en dan daarop reageer (Gen 3:9; Gen 6:12; Gen 11:5:).

Ja, maar dit is die Ou Testament. Daar is God die God wat sonde straf, maar in die Nuwe Testament is dit anders! Daar is God die liefdevolle vergewende God in Christus! Is dit wat jy wou sê?

Natuurlik is daar 'n onderskeid tussen die Ou en Nuwe Testament. In Christus het ons met 'n wesenlike nuwe handeling van God te doen. Maar ons kan nie so 'n absolute stelling soos hierbo maak nie.

Eerstens is daar in die Ou Testament ook geweldige genade. Luister net na Miga 7:18 O.A.V. "Wie is 'n God soos U, wat die ongeregtigheid vergewe en by die oortreding van die oorblyfsel van sy erfdeel verbygaan? Hy hou toorn nie vir ewig vas nie, maar het 'n welbhae in goedertierenheid."

Aan die ander kant is daar ook in die Nuwe Testament sprake van lyding a.g.v. straf op sonde. Dink net aan die volgende gedeeltes:

- In Handeling 12:20-23, dit is in die tyd na die opstanding, lees ons hoe God Herodus tref a.g.v. sy sonde van hoogmoed. Hy is deur wurms verteer.
- Ananias en Saffira se verhaal in Handeling 5 is bekend. Beide sterf omrede hulle vir die Heilige Gees lieg.
- In Hebreërs 10:29, lees ons dat die wat onder die nuwe verbonds bedeling, *die Seun van God vertrap het en die bloed van die testament waardeur hy geheilig is, onrein geag en die Gees van genade gesmaak het (O.A.V.)*, swaarder straf sal ontvang as die wat in die ou bedeling gesondig het.
- In 2 Pet 2:13 e.v. lees ons hoe mense onder die nuwe verbond gestraf sal word vir hulle sonde van verwaandheid en laster.
- 1 Kor 11: 30, lees ons die skokkende uitspraak dat daar baie siekliks in die gemeente is en dat baie reeds gesterf het...omrede hulle die Nagmaal onnadenkend en ontierend benader het!

Dit is ook belangrik om raak te sien dat die straf van God juis ook plaasvind binne die liefdesraamwerk van die verbond. Gaan lees net weer Deuteronomium 27 en 28, en let op al die vloeke van *verbondsverbreking* (vgl. ook Psalm 89:31,33).

Onthou ook dat alle mense eintlik skuldig staan aan die verbreking van die verbondverhouding wat reeds in die tuin van Eden aanwesig is. Die mens, alle mense, is dus skuldige, verantwoordelike bondgenote.

En ons wat deel het aan die Nuwe Verbond (Heb 10:26 e.v.) kan nooit speel met die sonde van Christus - verwerping nie. Ons het hierbo reeds daarna verwys.

Terloops, het jy al opgemerk dat die *hel* altyd ter sprake kom binne die konteks van die "binnekring" wat Christus verwerp! Gaan lees net weer die evangelies.

Hoe dit ook al sy, lyding as deel van straf op sonde is 'n gegewe in die Bybel.

Pastoraal gesproke moet ons egter hier uiters versigtig te werk gaan. Lyding is nie *altyd* a.g.v. straf op sonde nie, net soos dit nie altyd 'n pedagogiese funksie het nie. Dink aan Johannes 9, waar die blindgebore man se lyding die

doel gedien het om die werke van God bekend te maak! Job se lyding het natuurlik weer gegaan oor 'n weddenskap tussen God en Satan.

Tog, ook in dit wat ons alledaags rondom ons sien gebeur kan ons sekerlik die relasie tussen sonde en lyding sien. As iemand homself besope drink en 'n ongeluk maak, is die lyding wat daaruit voortvloei ongetwyfeld verbind met sonde. In so geval sou dit belangrik wees om pastoraal nie net te konsentreer op die lyding nie, want dan verontagsaam ons die eintlike pyn! Die sonde.

Slegs wanneer daar werklik vergifnis kan kom, kan die lyding in hierdie geval verwerk word en kan bevryding kom. Ons mag nie die opneem van verantwoordelikheid en die aanvaarding van skuld vermy nie - dit help nie om lyding in sulke gevalle te verwerk nie, dit vererger die probleem.

Vir die buitestaander is die verband tussen sonde en lyding natuurlik ook nie altyd so maklik raak te sien nie! Selfs nie vir die een wat ly nie. Pastoraal moet ons egter hier uiters sensitief wees - gee ruimte vir die lydende om te praat! As die hart oopgemaak word, kan heling plaasvind.

Kortliks: Lyding hoef nie die gevolg van skuld te wees nie, *maar dit kan wel*. Dit geld egter nie net wat betref die individu nie, maar ook kollektief.

Die hele Bybel is ook vol van die werklikheid dat lyding van die groep die gevolg van die sonde van een kan wees. Is dit nie al so met die sonde van Adam nie? Dink ook aan Eksodus 20:5 se sonde van die vaders wat besoek word aan die kinders! Hieroor kan 'n mens lekker gesels en baie voorbeelde noem. Tog moet ons nooit dink dat ons as Christene deur die voorgeskiedenis van ons vaders tot magteloosheid gedoem is nie!

Daar is egter 'n belangrike punt wat ons moet raaksien. Mense word nie net as individue gesien nie, maar as 'n gemeenskap. As die groep skuldig staan, staan almal skuldig. Die individu in 'n groep verteenwoordig die groep. En die groep verteenwoordig weer die individu! Gaan lees weer die geskiedenis van Agan in Josua 7 en 8. Onthou: enige Israëliet kon Agan wees!

Dit is belangrik om te besef ons is onlosmaaklik deel van die lyding rondom ons. Ons is saam skuldig aan die leed, of ons ly saam a.g.v. die sonde van ander.

Maar daar is natuurlik ook baie onheil en gepaardgaande lyding in die wêreld wat nie op enige wyse *aanwysbaar* in verband gebring kan word met menslike skuld nie.

Tog is die vraag of ons nie dalk moet sê dat die lyding van die wêreld die straf is op die mensheid in haar absolute kollektiwiteit nie. Is dit nie die gevolg van die oersonde van Adam nie. Punt. En daarom is een nie meer skuldig as die ander een nie (Luk 13:2).

Ons kan dus ook sê: Kollektiewe skuld word gestraf in my stukkie lyding, wat deel is van groter lyding in wêreld. En is my lyding nie ook weer deel van Christus se lyding nie?

Maar kom ons probeer bietjie saamvat:

Toe ons oor individuele lyding gepraat het, het ons gesê dat die interpretasie daarvan as straf op sonde een moontlikheid is, maar nie die enigste interpretasie. By die gemeenskaplike lyding en die gemeenskaplike skuld *sou* mens kon veronderstel dat dit die *enigste moontlikheid* is. Veral Romeine 5 dui sterk hierop.

Tog moet 'n mens ook hier nie te vinnig tot 'n konklusie kom nie. Ja, sonde en dood en skuld en lyding het met mekaar te doen en kom van Adam af. Maar sonde en die mensheid is *nie die enigste bron* van lyding nie. Daar is ook metafisiese magte van die duisternis wat hierin betrokke is. Die verhaal van Job wys dit alreeds duidelik uit. In die Nuwe Testament kry ons 'n gedeelte soos Efesiërs 6, waar owerhede en magte en bose geeste in die lug as vyande uitgewys word.

Alles wat tot dusver gesê is, is natuurlik nie so maklik as ons dit nader aan ons eie lyf bring nie. In die Bybel word daar vir ons byvoorbeeld vir ons *gesê* wanneer God kollektief straf.

Die straf kan verskillende gestaltes aanneem:

- So byvoorbeeld is die straf op die volkstelling 'n besmetlike siekte (2 Sam 24:15).
- Die straf op die opstand van Korag is 'n aardkors wat geskeur het en die wat in opstand gekom het in verdwyn het (Num 16:31-33).
- Die straf op die Baaldiens van Agab is hongersnood (1 Kon 17:1).

- Die straf op die raadpleeg van 'n vreemde God deur die knegte van Ahasia is vuur wat uit die hemel neerdaal (2 Kon 1:10).

Maar hoe moet ons dink oor die rampe in ons eie tyd? Die Tsunami? Hoe sal ons weet as daar nie 'n profeet is wat dit aankondig nie? En die wat daar gesterf het, was hulle groter sondaars as ons?

Daar is nog iets wat ons moet aansny: Naas die regstreekse straf van God uit die hemel is daar ook so iets as Goddelike straf wat deur mense voltrek word. Goeie voorbeelde hier van word in Eksodus 32:27 en Josua 7:25 gevind. In Eksodus, Levitikus en Deuteronomium is daar oor die algemeen baie opdragte om die bose uit Israel te verwyder, en *mense* is hier die instrumente in die hand van God.

Die mens is dus ook in die uitvoer van God se straf op sonde, God se bondgenoot.

Alle straf is natuurlik gegrond op die basiese waarheid dat God sonde straf. Dink daaraan! As dit nie so was nie, is daar geen sin en het niemand enige rede waarom sonde gestraf moet word nie. Hoekom is iets reg? Hoekom is iets verkeerd? Of ek stop by 'n stopstraat en of ek oor die lig ry en iemand mordsdood ry - wat is die verskil as sonde in elk geval nooit gestraf gaan word nie?

Hoe dit ook al sy, uit die taak van die mens om te straf in die naam van God, kan ons die noodsaaklikheid van straf sien. Anders gestel daar kom geweldige positiewe gevolge na vore uit straf:

- Allereers het straf 'n *sielkundige betekenis*. Skuld vra om erkenning. Straf is 'n middel om dit te bewerk. Ons het reeds in studie oor God wat as Vader dissiplineer, gesien hoe straf bevrydend kan wees. In lyding as straf op sonde, kom daar dus iets goeds voor uit straf. Dit bevry. Dit bevry jou van die las van skuld wat jy dra. Jy het die straf gekry. Jy is vry.
- Straf is nodig vir die *suiwering van die aarde*. Deur die kwaad is die aarde besoedel. As die onregverdige maak soos hy wil, sonder straf, dan is die wêreld nie meer herkenbaar as die wêreld van die regverdige God nie. Straf is tegelykertyd ook bevryding. Die straf van die onregverdige verdrukker is tegelyk ook die bevryding van die

- verdrukte regverdige. Die woord besoek (*paqad*) het in die Ou Testament dan ook 'n dubbele betekenis: Dit dui eerstens op 'n "besoek" van die sonde en daarom die straf van die goddelose maar andersyds dui dit ook tegelyk op die "besoek" van die getroues, wat vir hulle heil inhou (Sagaria 10:3 en Psalm 72).
- Straf is nodig ter wille van *die Naam van God self*. Die uitdrukking "God se Naam", het in die Bybel dikwels die betekenis van *God se reputasie*. Kortweg: As God die onreg nie straf met lyding nie, sou die regter van die ganse aarde faal (Gen 18:25). Die geweldige feit in die Bybel is dat God so lankmoedig is, so lank vat om sonde te straf! Dit lyk soms of die weg van die Goddelose vreeslik voorspoedig is (Jer 12:1). Die boek Openbaring is in hierdie geval baie insiggewend. As jy Openbaring bestudeer word die volgende duidelik. In Openbaring 6:10, roep die gelowiges uit om God se regverdigheid. Hierdie gebede van die gelowiges word deur God beantwoord (Openb. 8:3-6). En wat is die antwoord? Wel, die trompette - hierdie trompette is niks anders as God wat lyding stuur as straf op sonde en antwoord op die gebede van sy kinders nie. En let op hoe genadig en lankmoedig God is! Die smart en verwoesting is elke keer net gedeeltelik. Uiteindelik sal almal weet dat God regverdig was en Hy sal aanbid word deur Sy kinders (Openb 11:16-17).

God se kinders beleef dat alhoewel God se toorn en straf oor sonde (onthou hier praat ons van iets anders as die tugtiging) aan die een kant 'n geweldige realiteit is, bly God nie vir altyd toornig nie (Psalm 103:9 e.v. Hos 11:9; 1Joh 1:9; 2 Tim 2:13; Matt 27:46).

Juis *na* God se toorn, kan jy Sy genade werklik beleef as genade. Dink net weer aan die verlore seun!

Die Voorsienigheid

Ons is nog steeds besig met denke vanuit die almag van God: Alle dinge kom uit die hand van God, anders gestel, alle dinge gebeur omdat God dit so gewil het.

In die Heidelbergse Kategismus Sondag 10, Vraag 27 kry ons die vraag: **“Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?”** Die Kategismus antwoord: *Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte, rykdom en armoede en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom.*

Dit bring ons by die sogenaamde leer van die voorsienigheid van God. God kan “vooruit” sien wat gebeur.³ Hierdie denke gaan dus oor meer as net lyding. Onder voorsienigheid verstaan ons dat God die Skepping *onderhou* en daarvoor *regeer*. Die regering van God plaas egter die probleem van die verhouding tussen God en die kwaad op die tafel. Met kwaad word dan bedoel; morele kwaad - sonde, en fisiese kwaad - lyding.

As God oor alles regeer, en niks kan buiten sy wil om gebeur nie, moet ons dan aanvaar dat God ook die kwaad gewil en beskik het? Maar is God dan nie ook skuldig aan die sonde en lyding in die wêreld nie?

Hierdie vraag was sekerlik deur al die eeue die mees gewigtige teologiese kwessie, maar ook die moeilikste vraag vir elke kind van God wat in sy diepste smart met God worstel.

Dit was veral Calvyn se denke wat 'n groot invloed gehad het op die uiteindelige formulering van Sondag 10 van die Heidelbergse Kategismus. Calvyn het beklemtoon dat alles wat is, deur God gewil is. Daar is nie iets soos toeval nie.

Die leer van die voorsienigheid is natuurlik bedoel om vastigheid te gee in ons belewing van dinge as totaal chaoties, sinloos en verwarrend. Dit moet vastigheid gee te midde van al die dinge wat ons radeloos maak. Almal het seker al van die beeld van die borduurwerk gehoor. As jy van onder kyk is al die drade van borduurwerk deurmekaar en maak geen sin nie. Van bo vorm alles egter 'n wonderlike prentjie. Eindag sal ons ook alles só sien, nou sien ons dit egter van onder en net God sien dit van bo. So moet daar gedink word oor die Voorsienigheid.

³ Let wel: Voorsienigheid handel nie oor God wat in my behoeftes “voorsien” nie!

Voorsienigheidsgeloof het dus primêr te make met troos. Dit gee vastigheid. Dit is te verstaan dat mense wat hierin geanker is, hulleself verset teen die gedagte dat Hy die kwaad en lyding nie wil nie, en net saam met ons teen dit veg - is daar dan 'n ander mag buite Hom? Só moontlikheid lei tot onsekerheid.

Die eerste rede waarom die hele leerstelling omtrent alle dinge wat bestuur word deur God, geformuleer is, is dus pastoraal. Ons het dit nodig.

'n Tweede rede kon wees dat die kultuur en die geskiedenis om so formulering vra. Met ander woorde dit kon wees dat as jy na die kultuur en die geskiedenis kyk, dit lyk asof alles planmatig bestuur word. Maar dit is nou juis nie so nie! Die geskiedenis lyk juis volkome willekeurig. Juis onordelik.

Die vraag kan nou weer gestel word; "*Waarom het hierdie belydenis, van die wêreld wat deur God se hand gelei word, ontstaan as die werklikheid van die wêreld waarin ons lewe juis hierdie pastorale behoefte van ons weerspreek, en ondergraaf?*"

'n Mens kan natuurlik verskillende antwoorde hierop gee. Een antwoord sou kon wees dat die ou teoloë dikwels met 'n wysgerige, filosofiese godsbeeld gewerk het. God is gesien as die eerste oorsaak van alles. Hy is dus nie soseer 'n persoonlike, bewegende, lewende God nie, maar 'n eerste oorsaak, of beginsel. Dit kom sterk uit die Griekse filosofie en die invloed van Aristoteles.

In reaksie hierop meen baie teoloë vandag dat daar liever nie gepraat moet word van die almag van God nie, omrede dit te veel die gedagte van hierdie allesoorheersende eerste oorsaak deurgee. Sommige wys selfs daarop dat die woord *almag* selfs nie 'n goeie vertaling is nie, en eintlik net enkele kere in die Bybel voorkom.⁴

Daarom meen sommige moet 'n mens eerder praat van die *oormag* van God.⁵ Oormag wil sê dat God wel sterker is as die magte wat mense bedreig. Hierteenoor sê die woord *almag* dat alle dinge uit die hand van God voorkom.

⁴ Vergelyk veral prof. Adrio König se argumentasie in hierdie verband in sy boek: "*God, waarom lyk die wêreld só*" bladsy 208-211.

⁵ Dit is veral die teoloog Hendrikus Berkhof wat in sy boek "*Christeljk geloof*" hiervoor pleit.

Die punt is dit: Die probleem wat huidige teoloë het met die klassieke almagisleer is nie werklik a.g.v. die feit dat die Bybel dit nie leer nie, maar omrede die skokkende dinge wat in die 20ste eeu gebeur het dit moeilik maak om dit te glo.

Ons *moet* wel nuwe nuanses aan die almag gee, maar om dit summier as onbybels af te skryf gaan weer te ver. Gaan lees maar net weer die volgende gedeeltes: Prediker 5:18, 6:2, 3:14, 3:10 e.v. 12:7. Vergelyk ook Psalm 104 en Psalm 33. Kyk ook weer na Matt 10:29.

Nog redes waarom daar weggestuur word van alles wat uit die hand van God kom is die feit dat ons as moderne mense sake soos reën en droogte aan natuurlike prosesse toeskrywe, dinge wat selfstandig hulle eie gang gaan. God speel nie werklik 'n rol in ons verstaan van hoëdruk en laedruk sisteme nie! Die welvaartstyd waarin ons onself bevind met al die onwikkeling op alle gebiede gee ons ook verder die gevoel van onafhanklikheid. Dit is uiters moeilik om te dink dat alles wat ons is en het nie deur onself beheer of gedink word nie, maar deur God.

En dan natuurlik is die hele saak van gebedsverhoring nog 'n rede waarom dit moeilik is om te dink dat alles aan God toe te skrywe is. Ek meen maak gebed hoegenaamd sin as God in die eerste plek alles lat gebeur het, waarom dan bid vir beskerming, hulp, of enige iets?

En bo dit alles. Kyk, dit is nog maklik om al die goeie dinge wat ons het en ons tref aan God toe te skryf, ***maar wat van al die slegte dinge?*** Dit is moeilik om te dink: As ek vinnig genoeg oor die straat gestap het was dit nie ek nie, maar God wat my so gelei het dat die motor my nie getref het nie. Maar dit is *nog moeiliker* as jy oor die straat gestap het en die motor het jou getref om te sê: "God het so gelei dat die motor my getref het."

Tog is dit so dat ons nie daarvan kan wegkom dat daar in die Bybel aanduidinge is dat God so werk nie. In Eksodus 4:11 (O.A.V.) lees ons; "*Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die HERE, nie?*" En in Amos 3:6 O.A.V.): "*Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie?*"

Natuurlik moet daar nie by tekste net op die klank afgegaan word nie. In Amos gaan dit spesifiek om die kwaad wat Samaria tref. Ons kan nie op grond van hierdie teks sê dat alle rampe wat alle stede tref deur die Here bewerk word nie. Wat Amos hier doen is om die kwaad as oordeel te interpreteer. Hoekom? Omdat God regeer, en nou tref rampe die stad, Israel leef sondig, so Israel moet besin oor hulle verhouding met God.

Dit gesê, is dit so dat Jesaja 40-46 oortuigend praat van die oormag van God waarby alle gode niks meer is as hout en klip is nie. Vanaf die begin is God die magtige (Jes 43:1). En Sy mag verswak nie (Jes 40:28). In Jesaja 45:6,7 sien ons dat soos die terugkeer onder Kores God se werk was, so was ook die ballingskap God se werk in Sy oordeel. Vroeër in Jesaja kry ons ook hierdie gedagte dat die volke wat Israel verwoes, slegs die Here se wens volvoer (Jesaja 10:5,6, 12-14, 15. en kyk 13:3! Kyk ook 14:27 en 26).

In die boek Job is daar geen twyfel dat *God* Job laat ly nie. Die vraag is net wie is reg in die gee van die rede waarom Hy dit doen. Job se vriende (5:8-27) of Job (27:2; 28:11)?

Ook in die Nuwe Testament sien ons dat God mense lyding laat ondergaan. Die blindgebore man is blind gebore ter verheerliking van God se werke (Joh 9:3).

Paulus praat van die doring in die vlees, die engel van Satan wat hom met die vuiste slaan (2 Kor 12:7), maar deur God gestuur.

Ons kry selfs in sekere gedeeltes die indruk dat sonde die wil van God is. Kyk na 2 Sam 24:1 en die hele episode van die volkstelling. In 1 Kron 21: 1 word dit weer aan Satan toegeskryf. Satan as instrument in die hand van God. Maar steeds, is hierdie sonde dan die wil van God?

'n Aangrypende gedeelte is Jesaja 63:17 (O.A.V.): "*HERE, waarom laat U ons wegdwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie?*" (Dit laat 'n mens dink aan die "waarom" van Jesus in Matt 27:46).

Waarvan ons nie kan wegkom nie is die feit dat ons *hele* lewe en die *hele* geskiedenis van die wêreld deur God begin, deur God gewil en gelei word en daarom ook deur God geken word nie. Nou dit gee tog geweldige sekerheid:

Niks kan gebeur sonder die wil van God nie, hoe vreemd dit ook al mag lyk. Alles en almal is instrumente in Sy hand.

Pastoraal gesproke is die belang hier van natuurlik geleë in die feit dat die almag van God die almag van Sy eie wil is. En wat vir ons geweldig belangrik is van Sy wil, wat Hy reeds aan ons bekend gemaak het is dit: *Hy wil ons in Christus as sy kinders aanneem. Hy wil ons Vader wees. Ja, Hy bestuur die volke soos Hy wil, maar ons is in Christus uitverkies. Ons het die almagtige God as bondgenoot!*

Ja, ons is volstrek van Hom afhanklik en Hy stuur ons op die weg om Sy planne uit te voer, ook as dit teen ons verlangens en gevoelens ingaan, maar Hy *is* die goeie Herder. Hy is die troue Vader. Hy is die God wat ons in Christus liefhet. En *daarom* is die, deur God bestuurde wêreld, 'n veilige wêreld om in te leef.

Maar alhoewel die geloof in die voorsienigheid van God 'n vaste rots van sekerheid mag wees vir baie Christene, is neem dit nie *a*/die vroe weg nie.

- In die eerste plek bly ons sit met die vraag die sin van lyding en daaragter die sin van sonde. Die vraag van Jesaja 63:17 is nog nie beantwoord nie.
- In die tweede plek is daar die vraag na die moontlikheid van ongeloof. As alle dinge deur God bestuur word, geld dit ook vir die keuse vir of teen die Christelike geloof? Die hele vraag of God dan van die begin af gekies en verwerp het, kom op die tafel. As Hy in *alles* teenwoordig is het Hy mos ook verwerp? En hoe moet ons aan *hierdie* God as almagtige Vader dink. Hoekom is hy nie vir hulle 'n almagtige Vader nie? Ons sal later weer hierby kom.

Vir nou sit ons met 'n ander vraag: As alles deur God gelei word, wat dan van die selfstandige gang van die natuur en hoe hang dit saam met die eie keuse van die mens?

Ons het reeds daarom gewys dat die mondigheid en kundigheid van die mens die voorsienigheidsgeloof bevraagteken.

Maar daardie siening gaan natuurlik van die standpunt uit dat wat mense doen *nie tegelyk* ook deur God gedoen kan word nie. Dit beteken dat as koue deur 'n koue front kom dit nie ook terselfdertyd deur God kan kom nie.

En dit is natuurlik 'n wanopvatting. God se werk is nie beperk tot Sy onmiddellike ingryping nie. Dit kan, maar dit is nie die gewone nie. Gewoonlik is God se werke geheel indirek. God werk via mense en via natuurlike prosesse. As God sorg vir reën dan doen Hy dit deur hoëdruk en laedruk stelsels.

God staan nie buite die wêreld nie. God is in die wêreld, of nog beter: die wêreld is in Hom. Hy is die draende grond van ons werklikheid. Hy is die krag en energie van ons bestaan, wat die hele skepping deurdring. Luister weer na Hand 17:28: ... *want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons.*

As ons asem haal is dit die asem wat Hy in die neus van Adam geblaas het. As die wêreld as skepping aan die chaos ontkom het, is dit omrede die Gees van God oor die water gesweef het (Gen 1:2).

Dit is die dinamiese Gees van God wat alles deurtrek en deurdring. Wat beteken dit? Dit beteken dat ons oor die voorsienigheid alleen kan praat in *pneumatologiese* (vanuit die Heilige Gees) perspektief, en let wel nie met die leer van die Heilige Gees as 'n aanhangsel by die eintlike Godsleer nie. Nee, die leer van die Heilige Gees *is* die eintlike Godsleer. Daar is geen Godsleer moontlik sonder die leer van die Heilige Gees, as jy nie die Drie-eenheid self wil verloor nie.

As ons oor die voorsienigheid praat, sonder om te besef dat God in Sy verhouding tot die wêreld as die Gees aanwesig is - wel dan word dit 'n klipharde struikelblok. Monoteïsme sonder die Drie-eenheid laat vir die mens geen ruimte, of dit is 'n ruimte ten koste van God. Maar deur die spreke oor die Gees, kry die voorsienigheid 'n ander gesig.

Dit is die lewende dinamiek van die Goddelike asem in die wêreld waardeur ons lewe ne beweeg, wil en handel. As God Sy Gees wegneem staan alles stil.

Dit geld ook vir die menslike wil. Die mens kan slegs wil omdat God lewe blaas in sy wil. Kyk, as ek kies ervaar ek dat ek *self* kies. Maar waarom kies ek? Is

my keuse bepaal deur sielkundige, opvoedkundige genetiese of ander faktore? Ongetwyfeld sal dit 'n rol speel, maar dit is nie die beslissende faktor nie.

Augustinus sê dat ons wil gestruktureer is deurdat die wil van God daardeur waai. Die een wil van die een God.

Maar as God alles deurdring en die alles draende krag van die wêreld is, beteken dit nie Hy gaan daarin op nie. Dit beteken nie Hy word gedra deur die wêreld nie! Ons mag dit nie omruil nie.

'n Mens kan natuurlik in die lig van die voorsienigheidsgeloof redeneer dat ek maar oor 'n straat kan stap want as God wil sal 'n motor my omry, as God dit nie wil sal dit nie gebeur nie. Wat kan ek aan dit doen? Calvyn maak dit egter reeds duidelik dat God ook die Een is wat jou verstand gee. Al jou oorweginge en besluite of jy die pad gaan oorsteek of nie, kom ook van Hom.

Dit is min of meer wat ons ook sien in Jesaja 10:15. Die koning van Assur is 'n saag in die hand van God, maar Hy dink dat hy self al die planne bedink en uitgevoer het.

Tog kan 'n mens steeds 'n probleem hê. Is daar werklik 'n verskil tussen "lot" en "God"?

Die verskil is dit: Met "lot" is die implikasie dat alles soos 'n program in 'n rekenaar ingevoer is en maar net uitgedruk word.

By die voorsienigheidsgeloof, wys Calvyn, het ons te make met die voortdurende persoonlike teenwoordigheid of aanwesigheid van God, wat jou stap vir stap lei. Jy sit by wyse van spreke nie in 'n karretjie op 'n elektriese baan wat die karretjie laat voortjaag nie. Nee, by wyse van spreke sit jy in 'n stootwaentjie wat stap vir stap deur God gestoot word.

Natuurlik bly hier dan ook nog 'n vraag oor: *Hoe is dit dan dat mense terwyl hulle in die stootwaentjie is, aan skerwe geskiet word? Hoekom verdrink 'n kind in die bad?*

'n Mens kom nie so gou by die punt om te sê: "Laat Hom bestuur, Hy weet wat Hy doen nie."

'n Laaste vraag is dit: Loop die geskiedenis en heilsgeskiedenis absoluut saam? As alles uit die hand van God kom? Met ander woorde is daar maar net

een "raadsgeskiedenis"? Anders gestel, het God dan geen kritiek op die geskiedenis nie? Is Hy heeltemal tevrede met alles soos dit is? Is daar nou maar eenmaal arm en ryk, reg en onreg? As jy bestem is om net R1000 rand 'n maand te verdien as Christen, sal dit maar net altyd so wees? Kan niks verander nie?

Nee. Voorsienigheidsgeloof erken wel dat die geskiedenis soos dit *tot op hede* verloop het, die wil van God was. Maar dit *beteken nie* dat God die bestaande toestand vir altyd so wil handhaaf nie.. Daar is wendinge in die geskiedenis wat deur God gewil word. Die *status quo* en die revolusie is uit die hand van God.

Kortweg: Verandering is moontlik. Ons word nie deur God verlam nie, maar juis gestimuleer om te werk vir verandering! (Vgl. Fil 2:12). Oral waar God werk is redding en vernuwing moontlik - en God werk oral.

Ons sit egter nou nog steeds met 'n vraag oor die verlede. Wou God nooit in die verlede dit ander gehad het as wat dit was nie? Is die koms en verkondiging van Jesus nie kritiek op beide die verlede en die toekoms nie?

Hieroor sal ons later meer praat!

God as Pottebakker

Sekere vrae het oorgebly uit die bespreking van die vorige afdeling. Hierop wil ons nou 'n bietjie dieper afsak.

- Waarom laat die *almagtige* God mense ly en sondig? Waarom laat Hy ons van Hom af weg dwaal? Waarom die hele proses waarin God die mens laat sondig om hom dat daarvoor te straf? En waarom bestaan lyding as dit nie as straf beskryf kan word nie?
- Wat van geloof en ongeloof? Was dit ook God se wil dat mense ongelowig sou bly? Het God dit gewil dat mense verlore sou gaan? Waarvoor is die geskiedenis bedoel as God dit self bestuur?

Beide vrae kom saam in die beeld van die pottebakker. Dit kon ook onder voorsienigheid beskryf word, maar dit kan apart behandel word a.g.v. die volgende rede: By die voorsienigheid is die primêre gedagte die van *geordende* bestuur, waarin alle gebeure op 'n sinvolle wyse saamval. Die geskiedenis is in hierdie model die groot plan van God, waarvan nie afgewyk word nie en waarin die eindbestemming in God se hande is as 'n goeie positiewe bestemming.

By die beeld van die pottebakker kom die aspek van die *willekeurigheid* van gebeure veel meer na vore. Daar is geen reël te vinde in die geskiedenis nie. Daar is geen antwoord op die laaste "waarom?" nie. Ons het hier te make met dit wat ons vind in die vraag van 'n kind aan sy pa: "Hoekom moet ek dit doen?" Antwoord: "Omdat ek so sê."

Die beeld wat die Bybel daarvoor gebruik is die van 'n pottebakker. Hierdie beeld bring 'n baie sterker antwoord as die antwoord van bogenoemde pa! Die klei in die hand van 'n pottebakke het *geen sê* nie.

Die beeld van die pottebakker kom voor in:

- drie dele van die boek Jesaja (29:16; 45:9; 64:8);
- Jeremia 18;
- Romeine 9:21.

Die bekendste gedeelte is natuurlik Jeremia 18. God is hier nie tevrede met Israel nie. Daarom sal Hy haar in ballingskap wegstuur. Om hulle te laat sien dat God vryheid daartoe het, moet Jeremia na die pottebakker toe gaan. Hy is juis besig om 'n pot te maak wat misluk.. Die pottebakker pers die klei weer saam waardeur die pot vernietig word en 'n nuwe een gevorm word. Die betekenis? Soos die pottebakker vry is om die mislukte vat te vernietig en 'n nuwe een te maak, so is God vry om Israel te laat ondergaan en weer op te bou.

In hierdie beeld is daar ten eerste 'n aanleiding vir die vernietiging, naamlik die sonde van Israel. In daardie opsig sou die beeld van 'n regter miskien beter kon werk. Die besondere nuanse van Jeremia 18 is egter dat God *volledige vryheid* het om oor Israel te beskik.

'n Mens sou kon opmerk dat dit hier in Jeremia 18 eerder gaan oor mislukking as oor skuld. *God se produk Israel het misluk, en nie soseer: Israel kry die straf omdat sy faal nie.*

Die geheel van **Jeremia 18** staan egter *wel* in die teken van die skuld van Israel. En dit blyk ook by die uitleg van die beeld van die pottebakker. Daar word gepraat van bekering van boosheid (vers 8); oor die doen wat verkeerd is in God se oë; oor die nie-hoor van die stem van God (vers 10).

Ons sou dus te veel in die beeld inlees as ons die sonde van Israel slegs sien as die mislukking van God se werk.

Die bedoeling van die beeld is voldoende weergegee met die verwysing na die feit dat dit *regverdig* is dat God Israel laat ondergaan. Meer nog, dit is vanselfsprekend. Só vanselfsprekend, soos dit vir 'n pottebakker is om weer 'n pot te maak uit die mislukte een.

In die tweede plek moet opgelet word dat God weer *dieselfde* klei gebruik om 'n nuwe pot te maak. Dit kon verwys na die feit dat God weer Israel gebruik in 'n nuwe verbond. Alhoewel dit nie eksplisiet hier so uitgewerk word nie, moet dit wel in gedagte gehou word aangesien Jeremia 'n entjie verder hieroor praat in Jeremia 31:31-34, die bekende gedeelte wat handel oor die nuwe verbond wat kom. God maak dus met dieselfde mense, die kinders van Israel, 'n nuwe verbond.

In *Jeremia* gaan dit dus nie om God wat alles van die begin beslis het en gereël het nie. Dit gaan om die vryheid van God, maar om die vryheid in verhouding tot die verbond met Israel. Hy is vry om die verbreekte verbond te vernietig en 'n nuwe verbond daar te stel.

In **Jesaja 29:16** is daar bietjie van 'n ander klem. Daar gaan dit oor die Israëliete wat eintlik sê: "*Ons kan maak wat ons wil, want wie merk dit op?*" (vgl. vers 15). Die profeet kom dan en sê dat sulke reaksie net so vreemd is soos klei wat wil baas speel oor 'n pottebakker (vers 16). Die klei sien wel nie die pottebakker nie, maar die pottebakker sien die klei! Israel verstaan nie die geheim van God nie, maar God verstaan die geheim van Israel.

Hier gaan dit dus nie soseer oor die vryheid van God as wat dit gaan oor die *verhewendheid* van God bo sy sondige volk nie. Jy kan nie verborge bly vir

God nie. So dit gaan nie hier soseer oor God se verhouding tot die verbond nie, maar Sy verhouding tot mense *in hulle nietige aardsheid*.

By latere tekste in Jesaja kom dit weer duidelik na vore. God is die een wat geheel oor mense beskik. Ons het reeds gekyk na Jes 63:17 (O.A.V.) gekyk: "*HERE, waarom laat U ons wegdwaal van u weë? Waarom verhard U ons hart, sodat ons U nie vrees nie?*"

Jesaja 64 brei hierop uit en in vers 8 (O.A.V.) sien ons God se inisiatief in Israel se optrede: "*Maar nou, HERE, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons Formeerder, en ons almal is die werk van u hand.*"

Die implikasie? Wat mense is en doen, word gedoen deur God. Ook hulle sonde kom voort uit Sy inisiatief. Die ongeregtigheid is 'n middel van God om Israel te laat vergaan.

As 'n pottebakker vorm God Sy volk tot Sy maaksel, maar die doel is nie vir die maaksel duidelik nie. As 'n pottebakker sal Hy selfs ook 'n nuwe hemel en aarde skep (65:17). Dit roep Genesis 2 na vore. Dáár word die pottebakker wel nie genoem, maar die gedagte is dieselfde. God neem die aarde en vorm die mens. Dit is die werk van Sy hande. En hulle asem is die asem van God. Ook Eva is die werk van God se hande.

Die verskil tussen Jesaja 64 en Genesis 2 is egter dat God in Genesis 2 die begin is van die menslike bestaan, maar by Jesaja vorm God ook die dae van mense. Beide lyne is verweef in Jesaja 45:9 (O.A.V): "*Wee hom wat met sy Formeerder twis—'n potskerf by erdepotskerwe! Sal dan die klei sê aan die wat dit vorm: Wat maak jy? Of jou werk sê: Hy het geen hande nie!*"

God skep dus in vryheid die bestaan van Sy volk en niemand kan Hom vra om verantwoording te doen oor Sy produk.

Hierdie gedagte is natuurlik geweldig vertroostend as ons aan ons redding dink.

Maar wat van die posisie van die verworpenes? As die lyne van Jesaja 45 deurgetrek word, lyk dit asof God ook dit so gewil het. Tog kom die gedagte dat God mense of volke skep om te verwerp, nie so duidelik na vore in Jesaja nie.

Dit word duideliker in die laaste pottebakker teks; **Romeine 9:20,21**. Dit is baie duidelik dat God self Farao se hart verhard het (vers 16). Dit is reeds duidelik uit Eksodus 9:16. Dit word trouens dertien keer in Eksodus gesê. As Israel daardeur moes ly en hulle lyding langer moes voortduur, dan was dit nie sinloos nie maar tot groter eer van God (Eks 14:4,17,18).

Eksodus bekyk die verharding van Israel vanuit die oormag van God se bevryding van Israel.

Paulus sit in Romeine met 'n moeiliker kwessie. Hier gaan dit nie om die verharding van Farao nie maar om die verharding van Israel!

Het God sy volk verstoot? (11:1). Om die vraag te beantwoord wys Paulus eers daarop dat God vry is om te verwerp (9:20 e.v.). Baie bou 'n teologie van verkiesing en verwerping hierop. Maar Paulus wys egter iets anders uit die gedeelte. Hy self is 'n bewys dat God Israel nie verwerp het nie (11:1). Daar moet dus 'n onderskeid gemaak word in Israel tussen verkorenes en verworpenes. En die verkore oorblyfsel is die ware Israel net soos in die dae van Elia (11:2-5).

Paulus dui dan aan hoe Israel se ongeloof, se "verwerping", gebruik is deur God om die heidene in te ent op die olyfboom - en uiteindelik ly dit tot die redding van die hele Israel - die uitverkorenes. Let op die "en so" van vers 26 in die oorspronklike teks. Dit dui op die merkwaardige proses wat vanaf vers 11 beskryf word. Die proses waardeur "mak" takke afgebreek word en wilde takke ingeënt word, op die olyfboom. Deur Israel se ongeloof kom heidene tot bekering. Dit veroorsaak weer dat Jode jaloers word en tot bekering kom. As die volheid van die heidene "ingegaan het" (O.A.V en oorspronklike teks), dit wil sê ingeplant is in die olyfboom (vergelyk die konteks), sal die *hele Israel*, deur middel van hierdie proses wat beskryf is gered word, die hele *olyfboom*, wat bestaan uit God se uitverkorenes uit Jode en heidene. Dit laat die verwerping dus bietjie in 'n ander lig kom.

Maar dit is nie die belangrike punt vir ons doel nie. Die belangrike hier is dat God met die mens kan doen wat Hy wil. En dit los ons met die vraag: *Moet ons dan praat van willekeur by God? Is daar geen kontrole in wat God doen nie? Kan Hy regtig dan so maak en dan weer anders?*

Die teologie wou egter nog nooit sê dat God se optrede só is nie. Maar beperk 'n mens dan nie God se vryheid nie? God is tog inderdaad nie verantwoordig skuldig aan enige iets of iemand nie. Ons kan ook nie sy keuse beoordeel nie, want waaraan meet ons dit?

Soos in die beeld van die pottebakker gesien, die klem is op *vryheid* nie op willekeur nie. God kan nie aan iets gebonde wees nie. Hy kan net aan Homself gebonde wees. Wie anders sal besluit of Hy trou bly aan Sy wese as Hyself?

God is God en daarom absoluut vry. Luister na Job 38:4(O.A.V.): "*Waar was jy toe Ek die aarde gegrond het? Gee te kenne as jy insig het!*"

Tog is dit moeilik om hierdie waarheid in die konkrete werklikheid te erken. Teoreties is dit maklik. Mens kan selfs gelowig bely dat God vry is en dat niks anders kan doen as goed nie. In die konkrete gebeure van die geskiedenis bly dit egter onbegryplik.

Maar onbegryplikheid pas by die beeld van die pottebakker! Die klei weet ook nie wat die pottebakker nou doen nie.

Dit is egter nie net onbegryplik nie, dit is ook *onverwerkbaar*. En dit is die situasie waarin ons onself bevind.

Kyk, ons is nie klei nie. Ons is denkende mense met gevoelens en emosies. Dit is nie so maklik te verwerk dat omdat God volledig vry is, Hy 'n kind in die bad laat verdrink nie. 'n Mens kan natuurlik sê: "God self weet hoekom." Dit is egter nog moeiliker te verwerk dat Hy in Sy vryheid 'n pa wegneem met kanker. Dat rowers kinders doodskiet en vrouens verkrag. Kan 'n mens dan *nog* sê: "God self weet wat Hy doen?"

Die probleem raak eintlik nog groter as ons na Bybelse verhale kyk. Jy kan dalk nog oor die huidige gebeure se: "*Nee, man daar bestaan nie so iets dat dit God as pottebakker is wat hierdie dinge doen nie.*"

Maar die feit is in die Bybel word dit eksplisiet gesê dat God die ondergang van sekere mense so wou.

God wou, omdat Agan van die bangoed gevat het, sy hele familie laat vermoor. God wou, omdat Hy Sy Naam wou vestig in Egipte, elke eersgebore kind laat sterf. In elke huis het pa's en ma's en boeties en sussies gehuil oor hulle oudste boetie of sussie. Selfs die arme vrou wat die meule draai (Eks

11:5). En selfs die trotse Farao was niks meer as 'n middel in God se hand nie. Hy kon blykbaar nie anders nie. Hy was deur God geroep om trots te wees, en aan sy eie hardheid van hart onder te gaan. Dit is moeilik te verwerk dat duisende Kanaäniete volgens die gegewens van Josua uitgeroei word, mans vrouens en kinders - om Israel 'n plek in die land te gee.

In die boek Job word gewys dat daar geen direkte verhouding tussen skuld en lyding is nie. Dit wys op iets meer absurd. Wat 'n mens ondergaan kan die gevolg wees van 'n weddenskap in die hemel. Is dit nie willekeur nie? En die mens wat in protes kom daarteen, kan eintlik nie ander se as: Ek lê my hand op my mond nie (Job 39:37).

Hoe kan 'n mens ook waag om te redeneer met hierdie God as jy kyk na hoe groot Hy is (Job 39-41).

Sommige wil sekerlik hierop sê: "*Ja, dit was die Ou Testament maar in die Nuwe Testament is dit darem anders.*"

Maar wat van Johannes 9:1-3? Hierdie man of sy ouers het nie gesondig nie. Maar die antwoord wat Jesus gee maak die situasie eintlik nog erger. God wou Sy werke in hom openbaar. As dit nog was as gevolg van iemand se sonde sou daar darem nog 'n sekere redelikheid aan gewees het.

Hoekom is dit so moeilik vir ons om net 'n punt agter die stelling te sit dat: Alles uit die hand van God kom en daarom goed is?

Wel, daar is twee redes:

- Omdat ons nie alles ervaar as goed nie en
- omdat die Bybel meer te sê het as om te sê: "alles is goed."

Onthou, as alles uit die hand van God kom, kom ons ook. Ingeslote ons denke en ons belewing. God skep die mens met ervaringe van lyding en 'n openheid na skuld. Die mens beleef en ondervind die wêreld nie as alleen maar goed nie. Dit geld selfs nie alleen vir die mens nie, maar selfs ook vir die diere met hulle pyn en vir die plante met hulle gebrek aan voedsel en water.

Deurdadig God gehandel het, soos Hy gedoen het in die skepping van hierdie wêreld, is daar *meer* as loutere goedheid. Aangesien God ons nie geskape het op 'n manier wat dankie sê vir pyn en verdriet en dit vreugdevol aanvaar nie - *daarom is die wêreld nie loutere goedheid nie.*

In die Bybel vind ons ook die volgende vreemde verskynsel: Sekere dade van mense word gesien as voortkomend uit die hand of wil van God, maar daardie selfde dade word gesien as die afdwaal van God se weë (Jes 63:17). Dit lyk of God die een en die ander wil. Of God een ding sê en die ander gebeur. Logies is daar nie 'n uitweg uit die probleem van die almag en die kwaad nie. Anders gestel, dit lyk nie of daar 'n logiese oplossing is nie - moontlik kan dit chronologies opgelos word?

Wat wil God nou eintlik? Wil Hy die sonde van Israel of nie? Wil Hy Israel laat trek of nie? Wil Hy die man blind hê of nie? Die antwoord van God op die vrae is geen logiese konklusie nie, maar die *Logos* van God is 'n daad, die sending van die Seun, Jesus Christus. Later meer hieroor.

Kom ons vat kortliks saam. Ons het nou gekom by die punt waar ons staan voor die absolute vryheid van God. Hy die pottebakker ons die klei. Miskien voel jy tereg dat ons nie hier kan bly staan nie. Daar moet radikaal ander dinge ook gesê word.

Maar ons moet *ook* hier bly staan. Die beleving van God as ons pottebakker verteenwoordig 'n radikaal eerbiedige geloofshouding. Job 27:2, Job 39:37. Ek dink vir weinig is dít 'n belydenis wat gedoen word sonder onsekerheid, aanvegting en gebed om verandering of aanvaarding.

Onthou net dat geen van die "modelle" wat hanteer is so konsekwent is dat dit nie aanvegbaar is nie. Hierdie laaste model roep waarskynlik die meeste probleme by sommige op.

Sommige kan dalk selfs glad nie identifiseer met so 'n Godsbeeld nie.

Die feit is egter dat dit 'n legitieme manier is om te praat oor God, net soos dit die geval is met die ander modelle. Dit is soos die Bybel oor God praat, of ons daarvan hou of nie.

En ag, onthou dat dit beter is om 'n voorwerp van alledaagse gebruik te wees en selfs deur God eenkant gesit te word, as om 'n speelbal te wees van die lot, of die manipulasies, of aggressie van mense. En moenie vergeet nie, hoeveel te meer is die troos as ons bely dat hierdie Heilige God die Een is wat my liefhet in Jesus Christus. Sy pad met my kan 'n pad in die duister wees, in wolke en donkerheid, maar die troos is: *As God vir ons is, wie kan teen ons wees?* God mag dan vreemde paaie loop, my deur diep dale vat, maar

Hy ken my weg en voer my na die lig. Dan mag Hy doen wat Hy wil met my. Ek vertrou myself, met alles wat ek is en beleef, aan Hom.

Dit is my vastigheid.

HOOFTUK 3

GOD WIL NIE DIE KWAAD NIE

In hierdie afdeling is die uitgangspunt dat God volkome **goed** is. Hy is liefde en genade. Hy wil slegs die heil en geluk van mense. Die kwaad, lyding en sonde is dan ook nie toe te skryf aan Sy wil of werk nie, maar kom van 'n ander bron. God is juis die een wat Hom teen kwaad verset.

Anders gestel, in hierdie, in modelle wat volg is die almag van God, problematies. Ons gaan opnuut verskillende modelle bespreek, wat elkeen uit die Skrif gestaaf kan word.

Beide uitgangspunte is belangrik. Beide uitgangspunte praat van die een God van Israel, wat in Jesus Christus die God van die volke is. Die God wat die God van die wêreld is, wat deur Hom gemaak is, maar waarin Hy ook bevrydend en rigtinggewend aanwesig is. Dié wêreld waarin Hy in so mate bevrydend en rigtinggewend aanwesig is dat die sonde en lyding oorwin sal word deur Sy goedheid.

Ons kon in hierdie afdeling telkens 'n model uit die eerste deel neem en net die ander kant daarvan belig. Die Pa wat *dissiplineer*, is byvoorbeeld ook die *goeie Pa*, met die klem dan op die tweede. Om onnodige herhaling te verhoed doen ons dit egter nie.

Ons gaan ons nou beperk tot modelle waarin nie alleen sonde teen die wil van God is nie, maar waar ook lyding nie toe te skryf is aan Sy hand nie, maar elders hul oorsprong het.

Die mens doen die kwade

As ons na die ellende van die wêreld kyk is daar geen manier hoe ons dit kan losmaak van die optrede van mense nie. Die oorweldigende meerderheid van ellende wat ons op ons televisie aanskou, het te make met wat mense doen, of nalaat om te doen. Om hier te verwys na God kan 'n gemaklike verskoning raak om nie te verander nie, en om die kwaad in stand te hou.

Sondag 4 vraag 9 van die Heidelbergse Kategismus lees so: "*Doen God die mens dan nie onreg aan as Hy in sy wet van hom eis wat hy tog nie kan doen nie?*" Antwoord: *Nee, want God het die mens so geskep dat hy dit kon doen. Maar die mens het homself en sy hele nageslag as gevolg van die aanhitsing van die duiwel en deur moedswillige ongehoorsaamheid van hierdie gawes beroof.*

Die mens het dus moedswillig 'n weg ingeslaan in die geskiedenis wat na ellende lei.

Geen mens is in staat om homself los te maak van die geskiedenis wat ons voorgeslagte begin het nie. Elke mens bevestig eintlik ook weer dat hy op daardie weg wil voortgaan.

Maar dit is nie die weg van God nie. Dit was nooit nie. Dit sal nooit dit wees nie.

Die mens is 'n wolf, het 'n sekere Ovidius geskryf. Mense ly deur wat ander hulle aandoen. Dit is die passiewe konsekwensies van die aggressiewe menslike houding waarvan Ovidius skryf. In sy mees eenvoudige vorm kom dit na vore in die gedrag van een mens teenoor die ander. Die skooljare van sommige kinders word alreeds versuur deurdat hulle altyd gespot en verneder word deur ander kinders.

Jy kan natuurlik sê dat die kinders dit oor hulle self bring omrede hulle sulke swakke is.

Maar dui dit nie presies op die aard van die mens nie? Sodra iemand bietjie anders of swak is, is daar iemand anders wat dit uitbuit. Die swakke kry die klappe. Jy kan sê dat die boelie onder 'n magtelose drang verkeer om homself te bevestig. Die punt is, dit moet deur aggressie gedoen word.

Die mens is soos 'n wolf en net soos 'n hond onderdanig is teenoor die sterkere en dié aanval wat vir hom bang is, so bewonder die mens die sterke en vervolg hy die swakke.

As ons sê mense ly deur wat ander hulle aandoen is dit natuurlik nie net beperk tot die lewe van kinders nie. Ook volwassenes laat mekaar ly. Hulle het baie meer ervaring en kan dit baie subtieler doen.

Dit is opvallend hoe baie daar in die psalms gepraat word oor mense wat in nood verkeer omdat ander mense hulle daarin gedompel het. Soms was dit die heidene wat die volk Israel geteister het (Psalm 74, 79, 80) maar dikwels gaan dit oor persoonlike vyande van die digter. Hierdie individuele klaagpsalms het die grootse invloed gehad. Hulle behoort tot die bekendste liedere van die bundel. 'n Mens dink byvoorbeeld aan Psalm 25 en 42.

Dit is in hierdie situasies wat die digter tot God roep. Valse getuies tree op, hulle probeer die verdrukke laat val. In so situasie sê die skrywer van Psalm 27 *O' as ek nie geglo het....* (vers 13). Mense vertrap die mens in nood (Psalm 56:2, 3 (en waar een mens in die nood is, word die mense wat hom vertrap al meer (Psalm 3:2). Die enigste troos in sulke situasies is dat ek weet dat God my nie sal verlaat nie (Psalm 56:10).

As dit gaan om lyding wat mense mekaar aandoen, is God nie die stigter nie, maar die *bestryder* van die kwaad (Psalm 71:3, Psalm 118:6, Jer 1:19) 'n Fassinerende teks is die in Jer 32:35) O.A.V., waar God dit duidelik maak dat die gruwelike dade wat die volk gedoen het, dinge is wat *"Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie..."* God het met hierdie dinge dus niks te make nie!

Mense kan ook baie ly deur wat hulle hulleself aandoen. Ons kan ly deur ons angs. As ons voel ons word deur ander mense bedreig, is die vraag of die ander ons werklik iets aandoen en of ons dit nie alleen maar dink nie. As ons onseker van onself is, kan 'n goed bedoelde woord as 'n bedreiging opgevat word. Ons ly byvoorbeeld deur ons besorgdheid. Hierteenoor wil God juis *nie* dat jy ly onder jou besorgdheid nie. Gaan lees net weer Matteus 6:28,31,32, waar Jesus ons beveel om nie besorg te wees nie.

Ons bekommernis en besorgdheid is natuurlik ten diepste die oorsaak van ons gebrek aan vertrouwe in God -die Een wat ook by is as die mossie op die grond val.

Dit is alles natuurlik nie so maklik nie. Ons moet dikwels feitlik teen onself veg om nie so besorg en bekommerd te wees nie.

Die punt is egter dit: God wil *nie* die verdrukking *nie*, ook *nie* die verdrukking wat ons onself aandoen *nie*. Dit geld ook vir die kwaad wat ons ander aandoen deurdat ons hulle wantrou. As Jakob Esau vrees, dan doen hy *nie* net iets aan homself *nie*, maar doen ook Esau onreg aan. Hy doen God ook onreg aan, God wat *nie* wil hê hy moet vrees *nie*. Die Een wat hom bemoedig het met die engele (Gen 32:1). As Abraham en Isak die koning van Egipte (Gen 12:10-20) en Gerar vrees (Gen 20:1-18; 26:7-11) met betrekking tot hulle vrouens, dan doen hulle die koning onreg aan en hulle vrouens én God. En God wat hierdie pad *nie* wil hê *nie*, kan hulle juis uit hierdie probleme red.

En dit bring ons by die lyding deur jou eie sonde. Kan jy aan voorbeelde dink? Gaan lees net weer Psalm 38 om te sien hoe gaan dit met iemand wat ly deur sy eie skuld!

As dit gaan oor lyding deur skuld is dit ook so dat die skuldige selde alleen ly. Kan jy aan voorbeelde dink? Meestal word 'n hele kring van mense daardeur geraak - selfs nog erger as die skuldige. Daar is baie Bybelse voorbeelde; Esau ly deur Jakob se skuld en Jakob ondergaan die konsekwensies van Laban se valsheid. Uria ly onder Dawid en die Israëliete onder Agab. Wat ons moet sien is dat die mens die verantwoordelike in al hierdie gevalle is, terwyl God die reddende Een is.

God het 'n welgevalle dat verhoudings wat aanleiding gee tot lyding, reggemaak word. Dink aan Saggeus in Lukas 19:8. En die geskiedenis van Dawid (2 Sam 24:17 asook Psalm 51).

Elke daad van kwaad wat lyding veroorsaak het kan egter ook *nie* sommer net reggemaak word deur iets terug te gee *nie*. Die enigste manier waarop die skuldige bevry kan word is *vergewing*.

Onthouding van vergewing is die ergste wat jy jou medemens kan aandoen. Dit verbied hom om 'n toekoms te hê. Dit is die konstante moord op die ander. Maar dit belemmer ook jou eie toekoms. Jy vermoor jou eie bestaan. En dit is hier waar God wys dat Hy teenoor die skuldige mens staan as die vergewende God. Vergewing is 'n geskenk van God. Die gawe van genade is die wyse waarop God met die skuld omgaan. God vergewe omdat Christus betaal het!

En ons moet in die lig *daarvan* vergewe. Hoe lyk *jou* vergifnis? Miskien voel jy

nog: "Nou maar goed, as hy of sy jammer is en om verskoning vra, sal ek hom/haar vergewe, sal ek ingee." Ons maak van vergifnis 'n wet van wederkerigheid. En dit werk nooit nie, want dan sê ons albei vir onself, "Die ander persoon moet die eerste skuif maak." En dan kyk ek met valkoë om te sien of die ander persoon 'n sein met sy/haar oë uitstuur, of ek 'n klein toespeling tussen die reëls van sy brief kan gewaar wat daarop dui dat hy jammer is. Ons staan altyd op die punt om te vergewe. Maar jy vergewe nooit nie. Jy is veels te regverdig. As Christus natuurlik so moes redeneer is ons nooit vergewe nie. Natuurlik is vergifnis is per definisie, onnatuurlik, onregverdig, ja en selfs pynlik.

Sê ons nie dikwels: "Ek vergewe jou," maar selfs as jy hierdie woorde gebesig het, was jou hart steeds kwaad of gegrief. Jy wou steeds die verhaal hoor wat sal sê dat jy per slot van sake *tog* reg was; jy wou steeds verskonings en verontskuldigings hoor; jy wou steeds die bevrediging van lof as beloning ontvang - selfs al is dit net lof omdat jy vergewensgesind is! Maar God se vergifnis is onvoorwaardelik; dit kom uit 'n hart wat niks vir homself opeis nie, 'n hart wat geen selfsug ken nie. Dis hierdie goddelike vergifnis wat ek in my daaglikse lewe moet toepas. Dit vra dat ek steeds al my argumente moet ignoreer dat vergifnis onwys, ongesond en onprakties is. Dit daag my uit om al my behoeftes aan dankbaarheid en komplimente ter syde te stel. Laastens vereis dit van my dat ek daardie verwonde deel van my hart moet ignoreer, die deel wat seer en veronreg voel, in beheer wil bly en 'n paar voorwaardes wil stel tussen my en die persoon wat ek gevra word om te vergewe.

Ons moet onthou, selfs vir God is en was vergifnis pynlik. In die Ou Testament hoor ons iets van God se worsteling in Hosea 11. Aan die een kant kondig God die oordeel af oor Israel se hoerery agter ander gode aan. Maar dan in vers 8 lees ons: "*Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Seboïm: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek. Ek sal my toorn gloed nie laat geld nie, Ek sal Efraim nie weer te gronde rig nie; want Ek is God en nie 'n mens nie, die Heilige in jou midde. En Ek sal nie kom in grimmigheid nie.*"

In die Nuwe Testament sien ons hoe Jesus bloedsweet in die tuin en pleit dat die beker by hom sal verbygaan. Vergifnis is onnatuurlik, onregverdig, pynlik.

Vergifnis, soos ons gesien het, het God gekos. Dit het 'n sterwe gekos, die sterwe van Sy Seun. Dit was 'n duur vrede. Dit gaan jou ook kos. 'n Sterwe aan jou sin vir geregtigheid en regverdigheid. En vergifnis, vir ons, is ook 'n geloofsdaad. Deur iemand anders te vergewe, vertrou ek dat God 'n beter regter is as ek. Deur te vergewe, doen ek afstand van my reg om te vergeld en laat alle kwessies van regverdigheid oor aan God wat dit sal uitwerk. Ek laat in God se hande die skaal waarop geregtigheid en genade in ewewig gebring moet word. Toe Josef uiteindelik tot die punt kom waar hy sy broers vergewe het, het die kwetsuur nie verdwyn nie, maar die las van die regter oor hulle speel, het weggeval. Hoewel die onreg nie verdyn wanneer ek vergewe nie, verslap sy greep op my en word dit oorgeneem deur God wat weet wat om te doen. Daar is natuurlik 'n risiko verbonde aan so 'n besluit - die risiko dat God nie teen die persoon sal optree soos ek graag sou wou hê nie.

Wanneer jy iemand vergewe, sny jy die onreg weg uit die persoon wat dit gepleeg het. Jy maak daardie persoon los van die kwetsende daad. Jy herskep hom. Een oomblik herken jy hom onuitwisbaar as die persoon wat jou onreg aangedoen het, die volgende oomblik verander jy daardie identiteit. Hy word in jou geheue oorgemaak. Nou dink jy nie meer aan hom as die een wat jou benadeel het nie, maar 'n persoon wat jou nodig het. Jy voel hy is nie meer die persoon wat jou vervreem het nie, maar die persoon wat aan jou behoort. Eens het jy hom gesien as 'n persoon wat magtig in onheil is, maar nou sien jy hom as 'n persoon wat swak is in sy behoeftes. Jy het jou eie verlede herskep deur die persoon te herskep wie se onreg jou verlede pynlik gemaak het.

Dis wat gebeur as jy vergewe, sonder om aan te dring op 'n gepaste straf vir daardie onreg. Jyself vind ook genesing. Jy word self ook heel.⁶

Dit was 'n hele mond vol oor individuele vergiffenis. Dit is egter die tipe vergiffenis wat *God wil*, omdat dit genesend is. Wat belangrik is om raak te sien is dus is dat God nóg die individuele lyding, nóg die individuele skuld wil.

Maar wat geld vir die individu, geld ook kollektief. Baie lyding wat mense deurgaan is nie die skuld van een enkeling nie, maar van 'n groep, van 'n sosiale klas, van 'n volk, 'n beleid, 'n ideologie. Natuurlik kan 'n mens aan God vra;

⁶ Sommige van hierdie opmerkings omtrent vergiffenis, kom feitlik woordeliks uit Philip Yancey se boek: *Wat is so onbeskryflike groot aan genade?*

"Waarom die honger, die oorlog, die verdrukking in die wêreld? En ons kan Hom vra om bewaring en bevryding.

Maar, die punt is, ons sal moet begin om te sê dat honger, oorlog en verdrukking die gevolg van *menslike beslissings* is. As daar armoede in die wêreld is met alles wat daarmee saamgaan, moet ons nie vir God verwyte nie. Ons moet dit selfs nie afskuif op die ekonomiese en sosiale strukture nie. Want die strukture word deur mense gemaak en deur mense in stand gehou. Die laaste beslissings word altyd deur meneer X of mevrou Y geneem.

Individueel het die mens die neiging om die skuld van jouself af te skuif deur te wys op die fout van 'n ander. *Die splinter in die ander se oog is die probleem....*Kollektief werk dit geensins anders nie. Daar is die neiging weer om die verkeerde beslissing van die gemeenskap, deur mense, aan iets anders toe te skryf.

Ook hier is vergifnis belangrik. Hulpverlening is slegs waardevol as dit 'n teken is van belydenis van skuld. Ook hier, as dit oor die kollektiewe, die gemeenskap gaan, is God die Een wat anders is. Hy wil nie die onderskeid tussen ryk en arm, tussen heer en kneg en al die armoede en ellende wat daarmee saamgaan nie. Hy wil ook dít vergeef en ons as gemeenskap daartoe lei om te vergeef. Lees net hierdie gebed van Daniel in Daniel 9:4-19. Dít is wat God wil (vgl. ook Psalm 106:6)

Ons kan baie praat oor dit wat mense mekaar aandoen, individueel en kollektief. Die vraag is egter nou: *"Is alle lyding toe te skrywe aan wat mense doen of nalaat om te doen?"*

Kan ons mense as die skuldige aanwys vir die leed wat veroorsaak word deur misoeste, hongersnood, vloedgolwe, siekte, aardbewings? Ek meen, wat kan 'n mens doen aan 'n aardbewing of vulkaanuitbarsting? Wat kan jy doen aan 'n oorstroming of misoes deur droogte? Wie beheer die kragte van die natuur? Wag, wag... moet nie te gou tot 'n konklusie kom en die oorsaak van hierdie lyding buite die mens soek nie! As die helfte van die geld wat gebruik word vir bewapening gebruik word vir die vrugbaar maak van woestyne sou baie mense nooit honger ly nie. As damwalle en dyke hoër en beter gebou word sou baie rampe nie plaasgevind het nie. Hoeveel walle wat gebreek het en treine wat ontspoor het, was die gevolg van nalatigheid of luiheid van 'n ingenieur of tegnikus? As al die geld wat spandeer is aan navorsing oor wapens gebruik is

vir navorsing oor kanker, sou daar nie al verder gevorder gewees het met die siekte nie?

Kortweg: Baie ellende kan teruggeneem word na die *keuses* wat deur mense gemaak is.

Hierteenoor is God die een wat aan almal wat leef voedsel gee (Psalm 136:25). Hy maak Sy hand oop en ons word versadig (Psalm 145:16). God gee die aarde as 'n tuin om te bewoon (Gen 2). Die aarde behoort aan die Here ne die volheid daarvan (Psalm 24:1).

Maar, en dit is ontsaglik belangrik, die Here het die mens daarvoor aangestel as **rentmeester en bondgenoot** (Gen 1:28 e.v.). As daar hongersnood en ellende kom, is dit omrede die mens so swak met die aarde omgaan as *rentmeesters*. Jy kan nie God die skuld daarvoor gee nie. Ons is aangestel! As die plaasbestuurder die plaas ten gronde laat gaan, kan hy nie die eienaar die skuld gee nie!

Nou natuurlik is daar dinge wat ook totaal buite die mens se beheer is, soos wanneer 'n meteor die aarde tref! Maar ons weet dit is die uiterste buitengewone. Ons moet eers deeglik stilstaan by lyding wat verbonde is aan menslike verantwoordelikheid. En onthou, waar dit ter sprake is daar weer menslike sonde en menslike skuld betrokke. Die universaliteit van lyding wys ook op die universaliteit van skuld.

Die begin van Genesis toon reeds aan dat sonde nie inherent is aan die skepping nie. Die sonde kom uit 'n menslike handeling. Die mens eet die vrug. Die mens was verantwoordelik vir die tuin. Die mens het ook geweet wat die konsekwensies daarvan sou wees indien hy sou oortree! En dit is die grondpatroon van die menslike skuld.

Gaan lees net weer rustig deur Romeine 5:12 en verder. Hier sien ons dat die sonde van die eerste mens tot almal deurgedrink het. Ons is ook almal skuldig aan sy sonde. Moet egter nie hier skeeftrap nie, die feit dat alle sonde van die een mens kom, beteken nie dat ons verontskuldig is nie! Kyk net na Romeine 2:1 (O.A.V.): "*Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy 'n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge.*" en Romeine 3:9 "*Wat*

dan? Het ons enige voorrang? Hoegenaamd nie! Want ons het tevore al Jode sowel as Grieke beskuldig dat hulle almal onder die sonde is."

Elke mens dra 'n Adamskarakter. Esegïel 18 maak dit reeds duidelik dat elkeen self skuldig staan, jy kan nie jou skuld op iemand anders pak nie..

Maar weereens, hierteenoor staan God as die Een wat altyd weer nuut wil begin. Lees net weer Jesaja 55:6-13, luister hier: "*Want met vreugde sal julle uittrek en met vrede gelei word; die berge en heuwels sal voor julle in gejubel uitbreek, en al die bome van die veld in die hande klap. Vir 'n doringboom sal 'n sipres opgaan; vir 'n distel sal 'n mirteboom opgaan; en dit sal vir die HERE wees tot 'n naam, tot 'n ewige teken wat nie uitgeroei sal word nie"*(vers 12-13). God wil nuwe dinge. Hy wil heelheid en vreugde!

Dit lyk so maklik om te sê God wil nie die sonde nie. Maar ek wonder of die konsekwensies daarvan altyd tot ons deurdring? As ons die weg van sonde verlaat, het ons God aan ons kant! God gaan vooruit om die aarde van die ban van sonde (wat die oorsaak van lyding is) te bevry! Gaan bestudeer net weer al die beloftes oor 'n nuwe verbond wat God gaan oprig, waar daar met sonde gehandel gaan word en waar vergifnis en nuwe lewe 'n realiteit gaan wees. In die Nuwe Testament sien ons dat dit so gebeur. God maak mense wat dood is in hulle sondes, lewend! (Jeremia 31:31; Jesaja 65:17; Jes 43:18 e.v.; Jes 2:4; Sagaria 9:10; Efesiërs 2:1 e.v.; Galasiëë 5:14; 6:1 e.v).

As God die voortou neem tot 'n nuwe toekoms doen Hy dit op 3 maniere:

1) Deur vergewing 2) die vernuwing van mense 3) en deur die opstapeling van sonde in geskiedenis te verhinder.

Wat eergenoemde betref kan jy die volgende gaan lees en bepeins. Begin sommer by Genesis 4:15. Hier neem God al die angs vir die konsekwensies van Kain se misdaad weg! En dan kan jy begin kyk na al die wonderlike beloftes oor vergifnis in Jes 40:1 e.v.; en Jeremia 31:34. In Romeine 6:1-14, sien ons dat God ons in Jesus, alreeds laat sterf het, en in Hom alreeds laat opstaan het, sodat ons nou in die lig van daardie wesenswaarheid moet leef en sonde prakties moet doodmaak in ons lewens, want ons hoef niks meer daarmee te doen te hê nie! Ons het reeds gesterf en opgestaan!

Wat die vernuwing van mense betref, wat sterk aansluit by eersgenoemde, kan jy maar net weer Romeine 7:24-25, Romeine 8:2, asook Efesiërs 4:23,

32, Romeine 12:2 en Johannes 15:1-17 gaan bestudeer, heerlike Nuwe Testamentiese waarhede. En dit is wat God wil!

Wat betref God wat die opstapeling van sonde verhinder kan jy sommer na 'n "simpel" ou voorbeeldjie gaan kyk in Genesis 20:6. God keer Abimeleg om Sara nie aan te raak nie!

Ons moet ook daarop wys dat God se oordeel soms 'n suiwering is van die aarde - van sonde! Dit is wat by die sondvloed gebeur.

Ons kan dus onomwonde sê dat **God** wat in die hemel woon, die voortou geneem het na 'n **nuwe wêreld**. Maar die **mens** is **steeds dieselfde** in homself, sonder God se werking in hom (Psalm 14:3; 53:4 is steeds waar. Vgl. ook Rom 3:9 e.v.)

As ons natuurlik praat oor die kollektiwiteit van die skuld en die universaliteit van die sonde, kom ons op die terrein wat die klassieke teologie die erfsonde genoem het. Ons staan skuldig omdat Adam as verantwoordelike wese teen God oortree het. Gaan lees maar net 'n gedeelte soos Romeine 5 in die Bybel. Of ons daarvan hou of nie, toe Adam doelbewus sondig, en God in die gesig slaan met sy sonde, toe sondig jy, en word jy skuldig voor God. Ons kan sê Adam het die mensheid voor God verteenwoordig. Hy het dus een en elkeen van ons verteenwoordig. Al sy nakomelinge is gevolglik saam met hom 'verantwoordelik' vir die sondeval- hulle is ewe skuldig en net so strafbaar. As jy dink dit is snaaks en onregverdig, onthou ons ken soortgelyke situasies in die lewe. Iemand soos Hitler het deur sy optrede 'n hele Duitse volk in chaos gedompel. Onsedelike ouers kan veroorsaak dat hulle kinders HIV positief gebore word. Dit is dus 'n alledaagse feit dat mense in ellende ingebore kan word, sonder dat hulle direk by die oorsaak daarvan betrokke was.

As jy hierdeur geaffronteer word, onthou dat God se hele reddingsplan ook op die beginsel van toerekening berus. *Adam se sonde word aan my toegereken; my sonde word aan Christus toegereken; Sy geregtigheid word aan my toegereken.*

Jy en ek is dus verantwoordelik vir ons verbreking van God se standarde, ons rebellie en gebalde vuis teen God, en ons is skuldig aan wat Adam gedoen het.

Om te verstaan waar hierdie dubbele probleem van ons vandaan kom, kan ons die term *erfsonde* gebruik. Erfsonde kan gesien word as die effek van Adam se sonde op elkeen van sy nakomelinge (dus alle mense), ongeag van en voorafgaande aan enige optrede of versuim aan hulle kant.

Erfsonde, is sonde en skuld wat een generasie van 'n ander oorneem. Erfsonde kan in die sin op die volgende maniere manifesteer:

K deur gevormde strukture: Kan jy aan voorbeelde dink? Dink net aan die koloniale strukture...

K dit word gewys in die karakter en opvoeding van kinders. Ons maak weer dieselfde foute as ons ouers wat opvoeding betref.

K in die feit dat ons weet geen kind is sondeloos nie! Wie kinders het sal weet elke kind is grondig verwend!

Die erkenning van die erfsonde is dus eintlik maar net 'n kwessie van die erkenning van die realiteit. Ontkenning van die erfsonde is self sonde, die sonde om nie solidêr te wees met ander sondaars nie. Hierdie erfsonde sluit *erfskuld* sowel as *erfsmet* in.

Erfskuld sal dan wees ons skuld aan wat Adam gedoen het, en erfsmet is die ingebore geneigdheid tot sonde, daardie verdorwenheid wat ons van Adam gekry het. Dit is hierdie verdorwenheid, wat maak dat ons sy standarde oortree in gedagtes, spraak en daede; in emosies, motiewe en gesindhede; in daede en nalatings. Dit is vir hierdie sondes, wat voortvloei uit die erfsmet, dat ons persoonlik verantwoordelik is.

As ons alles moet saamvat. *Menslike* daede het die wêreld gemaak tot 'n oord van lyding, van geweld, van ellende. Ons kan amper sê dat die mens in die wêreld van God iets geskep het. Hy het die sonde en lyding geskep.

Onmiddellik kan 'n mens baie vrae vra:

- Is die menslike wil so effektief dat hy iets in die lewe kan roep wat werklik bedreigend is vir God?
- Hoekom is die mens in staat om hierdie daede te doen?

Maar ons moenie te vinnig met hierdie vrae begin nie. Ons moenie probeer om ons eie daede te verdoesel nie...

Die toelating van God

As 'n mens die kwaad toeskryf aan magte buite God, hetsy aan mense of aan bose magte, bly die **goedheid** van God **veilig**. Onaangetas deur die kwade, wat uit 'n ander bron kom, bly God "skoon." Maar natuurlik kom die **almag** van God onmiddellik onder druk.

Die klassieke oplossing uit hierdie probleem was die hele gedagte van *die toelating van God*.

Met ander woorde: God wil nie die kwade nie. Hy handel nie self in die gebeur van die kwaad nie, maar Hy *laat dit passief* toe. Die leer van die toelating van God het nog altyd baie teenkanting gekry. Watter goedheid is dit wat kan toelaat dat 'n moord gepleeg word? Watter soort almag is dit wat passief kan toesien? Die volgende vrae kan tereg gevra word:

- Hoe kan die goeie God skepsele maak wat kan sondig?
- Kan God passief bly, is Hy nie altyd aktief nie? Is God se wil nie altyd effektief nie?
- Passiewe toelating ontslaan God tog nie van verantwoordelikheid nie. As iemand verdrink terwyl 'n lewensredder rustig staan en toekyk is dit baie moeilik om oor die goedheid van die lewensredder te praat.
- Die begrip toelating in Bybel word juis gebruik vir God wat *nie* iets toelaat.
 - Kyk net na Genesis 20:6 (O.A.V.) waar God aan Abiméleg sê, "*Ek self het jou daarvan teruggehou om nie teen My te sondig nie. Daarom het Ek jou nie toegelaat om haar aan te raak nie.*" (Vgl. ook Genesis 31:7, Numeri 22:13 en Psalm 16:10). Uit 'n gedeelte soos Eksodus 32:10 (O.A.V.) waar God sê: "*Laat My dan nou begaan, dat my toorn teen hulle ontvlam en Ek hulle verteer. Dan sal Ek jou tot 'n groot nasie maak'*", sou 'n mens selfs kon aflei dat God die aktiewe handelende een is en die mens die toelatende een!
- 'n Hele paar Nuwe Testamentiese tekste dui ook daarop dat God juis verantwoordelik is vir *positiewe* toelating.
 - In Hebreërs 6:3 sê die skrywer byvoorbeeld dat hy sal praat oor dieper sake "as God dit toelaat."
- Soms *lyk* dit of God iets toelaat wat nie aanvanklik Sy wil was nie.
 - As 'n mens kyk na Matteus 19:8 en dit vergelyk met Deuteronomium 24:1, kry jy die indruk dat God nie egskeiding

aan die begin wou nie, maar tog as gevolg van die hardheid van mense se harte dit onder die bedeling van Moses *toegelaat* het.

- Die gedeeltes waar die demone toegelaat is om in die varke in te vaar (Mark 5:13 vgl. met Matt 8:31; Luk 8:32) kan op die oog af problematies lyk. Ons moet egter daarop let dat die toelating van die demone hier nie die toelating van die kwaad is nie, maar juis die opruiming van die kwaad is!

Tog moet ons nie die toelating van God heeltemal afmaak as onsin nie. Ons moet onthou dat die leer van die toelating van God 'n poging is om God as't ware vry te hou van die kwaad, en tegelyk ook te vrywaar van magteloosheid. Natuurlik hoef ons God nie te beskerm nie. Hy is wie Hy is, maar die teologie moet altyd formuleringe daarstel wat laat reg geskied aan God. Daar word gesoek na woorde om op die regte manier oor Hom te praat. So kom ons kyk weer mooi hierna. Ons het gesê die Bybelse gegewens dui daarop dat die toelating van God juis oor Sy nie-toelating gaan. Maar as ons dit ondersoek kom iets anders ook na vore. As ons na die grondteks kyk sien ons dat die Hebreëuse woord *natan*, wat ons vertaal met *laat/toelaat/oorgee*, nie altyd 'n aktiewe betekenis het nie. *Dit kan ook beteken ek laat hulle gaan*. 'n Goeie voorbeeld is Psalm 81:13, waar God van die volk wat nie na Hom wou luister nie, die volgende sê: " *Toe het Ek hulle oorgegee (natan) aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel.*"

As ons besef dat die betekenis hier kan wees om mense/magte toe te laat om te doen wat hulle wil, kry ons 'n ander beeld!

- ❖ God laat mens afslag (Jes 34:2);
- ❖ God laat mense oor aan Babel (Jes 47:6);
- ❖ God laat mense oor aan die swaard (Jer 15:9; 25:31; Eseg 32:20);
- ❖ God laat mense oor aan die vuur (Eseg 15:4;6);
- ❖ God laat mense oor aan die honger (Jer 18:21) oorlaat swaard, vuur ens.
- ❖ God laat Israel oor aan hulle lot en laat die heidene begaan (Eseg 23:28; Jer 34:20).

In die meeste gevalle is daar 'n vermenging van aktiwiteit en passiwiteit in God. In 1 Konings 13:23 e.v. is 'n voorbeeld waar jy beide kan inlees. Jy kan

dit of sien dat die Here die leeu sy gang laat gaan, maar daar is ook baie in die teks wat daarop dui dat Hy die profeet vir die leeu gee! Kan jy dit sien? As 'n mens moeite het met die toelating van God kan jy die aktiewe kant van die tekste soveel meer beklemtoon.

Vir iemand wat sterk die almag van God wil voorstaan is dit geen probleem nie. Vir iemand wat die goedheid van God wil beskerm is dit 'n probleem. Jou eksegeese sal dus sterk beïnvloed word deur jou dogmatiese posisie.

Hoe dit ook al sy, enige een moet erken dat die toelating van God verseker 'n legitieme manier is om te praat oor sekere gebeure. Aktiwiteit en passiwiteit sluit mekaar in al die tekste nie uit nie. God se passiwiteit is 'n aktiewe keuse. God is toornig (aktief) op Sy volk, en trek Sy hand terug (passief). 'n Mens kan hier ook dink aan 1 Samuel 8:7 en 1 Samuel 8:22, waar God toelaat dat die volk 'n koning kies. Die passiewe toelaat van God word hier gebruik op aktiewe positiewe wyse. Uiteindelik word die skadu van die Saulgeskiedenis se NEE, die skadu van die lig van die Dawidsgeskiedenis se JA met alles wat daaruit voortvloei. Maar goed, ons kan sê dat God se toelating die oorlaat is van mense aan die weg wat hulleself wil en die oorlaat aan die omringend magte, alles vanweë hulle eie skuld.

Daar bly egter steeds hier ook nog 'n lastige vraag: Val die kwade ook onder die totaliteit van toelating? Onthou die ontrou van Israel gaan die Ballingskap vooraf, maar wat is die oorsaak van daardie ontrou? Is dit ook toegelaat?

In die klassieke dogmatiek word daar gewerk met die gedagte van *werksame toelating*. God voorsien alles, die enigste wat God nie aktief skep nie is die keuse van die mens om sy hand op te hef en die doodsteek te gee. In ons tyd het teoloë, ek dink tereg, baie meer klem begin laat val op die feit dat God die mens *ruimte* gee binne verbondsverhouding.

Dit kom daarop neer dat God nie die mens geskep het as 'n wese wat maar outomaties alles uitvoer waarvoor God hom geprogrammeer het nie. Hy is 'n wese wat kan kies. Die mens is in vryheid geskape om *werklik* 'n *bondgenoot* voor God te wees.

Die mens is geroep tot liefde en gehoorsaamheid. As die mens sonder enige ander moontlikheid, alleen maar dit kon doen wat die wil van God is, kan 'n mens beswaarlik van gehoorsaamheid praat, as hy wel die wil van God doen!

Hy kon immers nie ander as gehoorsaam wees nie! Gehoorsaamheid beteken per definisie dat die mens 'n keuse het tussen die verwerping of ignorering van 'n opdrag en die volbringings daarvan. As hy dan kies vir die doen daarvan, was hy gehoorsaam. Dit is juis in die vrye keuse dat gehoorsaamheid aan die lig kom.

Dit werk natuurlik dieselfde met liefde. Liefde is nie liefde as iemand gedwing of geprogrammeer is om lief te hê nie. Net as daar 'n ander pad moontlik was, die pad van ontrou, en daar tog steeds gekies word vir die pad van liefde - is daar sprake van werklike liefde.

Die belangrike punt om raak te sien is egter dat God, met die keuse vir 'n bondgenoot wat hom gehoorsaamheid verskuldig is en wat hom liefde kan bewys, *ruimte* gemaak het vir die een wat ook *teen* Hom kan kies.

As die menslike bondgenoot nie hierdie ruimte gehad het nie, was hy nie werklik 'n bondgenoot nie. Dan is hy maar net die verlengstuk van die almagtige wil van God, wat alles doen soos Hy wil. As God iets skep wat eie bestaan het, dan skep Hy dit as iets wat teenoor Hom staan. Só alleen is daar werklik selfstandigheid. Só alleen is Hy 'n bondgenoot.

Hierdie selfstandigheid teenoor God geld vir die hele skepping, maar in 'n besondere sin vir die mens. Die skepping van die wêreld en nog meer die roeping van die mens tot gehoorsaamheid, is die skerpste vorm van toelating: God laat toe dat daar iets naas Hom is, wat 'n ander keuse kan maak. Dit is geen passiewe toelating nie. God het aktief daarvoor gekies. Hy het die mens gewil! Hy het gekies om 'n plek te gee aan die mens, waar hy ruimte het. God het as't ware 'n plek vir die mens gegee waar Hyself uitgetree het.

Dit is die wonder van die skepping.

Dat God die mens ruimte gee, is liefde. God was nie verplig om dit te doen nie. Hy doen dit uit vrye keuse. Toelating is so gesien nie iets negatiefs nie. Dit is die liefde van die selfledigende God. God was die een wat alles vervul en gevul het, maar Hy doen as't ware afstand van 'n stukkie van Sy mag om so ruimte te gee aan die mens en om so ruimte tot *werklike* wedersydse liefde te gee.

En ons moet hierdie waarheid baie mooi begryp. Dit is inderdaad wedersydse liefde. Net as die mens werklik bondgenoot is, 'n ander entiteit teenoor God,

kan God die ander bemin en bly Sy liefde nie iets wat net in Sy ewige wese besluit is nie. Deur die mens te skep, skep God ruimte vir Sy eie liefde, net soos God deur die mens te skep, ruimte maak vir menslike wederliefde vir die God wat hom geskep het. Hoe selfstandiger die mens is, hoe meer kry die menslike liefde ruimte en hoe meer kan God se liefde gestalte aanneem.

Die ongelooflike is natuurlik dat die mens sy keuse gebruik het om ongehoorsaamheid en ontrou waar te maak. Dit tas egter nie sy selfstandige posisie teenoor God aan nie. Hy maak eintlik die selfstandigheid net baie duidelik. Die menslike ongehoorsaamheid het daarom ook *nie* die ruimte van God se liefde aangetas nie. Dit kry juis sy diepste gestalte *teenoor* die ongehoorsaamheid van die mens. Fassinerend om só daaraan te dink, nie waar nie? God bly bondgenoot van die ongehoorsame mens. In die goddelose mens kom die liefde van God die *duidelikste* na vore. God ontledig Homself in die proses van liefde vir hierdie mens, Hy doen afstand van alle mag. Ons praat natuurlik nou van dit wat gesien word in Jesus, aan die kruis. "*Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n diensknecht aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis.*" (Filippense 2:6-8 O.A.V.)

Probeer ons nou sê dat die ruimte wat God aan die mens gee 'n afstand doen is van Sy almag? Moet ons nie meer van almag praat nie? Ons moet onthou dat die mag om afstand te doen van almag is 'n groter mag as om dit krampagtig te probeer bewaar. Filippense 2:6 gee die gedagte weer dat God dit nie met vreesagtige, krampagtigheid laat gaan het nie. Luister: God kan *geheel* Sy mag afstaan en *alle* verantwoordelikheid in die mens se hande plaas. Dit is geen teken van swakheid maar juis 'n teken van krag!

Dit is nie die mag van geweld, maar die mag van *weerloose oormag*. Dink aan 'n pa wat met sy seuntjie stoei en hom die oorhand gee. Wie is eintlik in beheer? 'n Mens kan natuurlik in die gedagte van weerloosheid tot Deïsme oorgaan. God was dan net aan die begin daar en nou het Hy werklik heeltemal ontrek. Ons sien Hom nie meer nie, want Hy is nie meer daar nie!

Nee, waarvan ons praat is iets totaal anders. Ons praat van die ruimte wat God gee. Die ruimte wat God gee is die ruimte tot liefde en gehoorsaamheid, of die ruimte op die manier van Sy weerlose oormag. Dit is natuurlik die positiewe van die toelating van God.

Daar is natuurlik ook die negatiewe kant. God wat in Sy toorn mense laat gaan. Gaan lees weer Romeine 1 vanaf vers 18 e.v. Ook daar is die afwesigheid van God egter die afwesigheid van die gekrenkte in 'n liefdesverhouding, nie die afwesigheid van 'n ongeïnteresseerde nie.

As God daarom in ons tyd nie sigbaar is nie, moet ons onself afvra of dit nie 'n geval is van die situasie in Psalm 81 nie? Luister: "*Maar my volk het na my stem nie geluister nie, en Israel was vir My nie gewillig nie. Toe het Ek hulle oorgegee aan die verhardheid van hul hart, dat hulle in hul eie planne kon wandel.*"(O.A.V).

Toelating is laastens ook 'n teken van geduld. "*Die Here vertraag nie die belofte soos sommige dit vertraging ag nie, maar Hy is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom.*"(2 Pet 3:9 O.A.V.).

Laat ons dit nooit vergeet nie.

Die bose en Die Bose

Ons het nou gekyk na sonde as menslike daad en lyding as menslike skuld. Met ander woorde as ons praat oor die kwaad, moet ons eers by onself stilstaan.

Hierdie kwaad kan egter ook beskryf word as 'n "mag."

Ons kan sê hierdie mag van die kwaad bewerk sonde sowel as lyding in die wêreld. Só gesien is sonde nie iets waaroor die mens bewustelike beheer uitoefen, kies of verwerp nie. Nee, sonde is 'n geheim wat die mens te bowe gaan en waardeur hy aangetas en vergiftig word. Die sonde vreet as't ware in die mens in en die simptome word sigbaar in die sondige daad wat die mense doen.

Primêr kom die magskarakter van die sonde aan die lig wanneer mense *teen hulle wil* gedryf word tot verkeerde optrede. Dit gaan hier dus nie in die eerste plek oor die feit dat andere die dinge wat gedoen word as verkeerd bestempel nie, dit gaan daaroor dat mense hulle *eie* handeling as verkeerd sien, maar dit tog doen. Sonder dat hy wil, gebeur dit. Dit gebeur natuurlik

telkens dat mense ander dinge doen as wat hulle wil. Blykbaar is daar 'n mag wat sterker as hulleself is. Jy sal weet dat mense soms totaal anders optree as hulle deel is van 'n skare, van 'n massa mense. Na die ontnugtering van wat jy gedoen het as deel van so 'n massa, sonder dat jy eintlik wou, kom die gevoel van skuld: "Ek het my laat lei deur die massa! Ek het geen weerstand gebied nie!" Daar ontstaan dus 'n situasie van *magteloosheid*.

Ons is dus dikwels slagoffers van 'n mag wat ons te bowe gaan. Maar as slagoffers is ons skuldig, omdat ons nie die mens is wat ons volgens ons diepste oortuiging wil wees en moet wees nie. Hoe meer ons slagoffers is, des te meer is ons skuldig. Die diskrepansie tussen die werklike mens en die ideaal kan 'n mens waansinnig maak.

Die oplossing daarvoor kon eerstens wees om jouself maar net te aanvaar soos jy is. Maar is dit 'n oplossing? Al gebruik jy nie meer die woord sonde nie, weet elke mens ten diepste dat hy/sy nie is wat hulle moet wees nie. Die Christelike manier van handel met hierdie probleem is om vergifnis te kry. Vergifnis die enigste manier hoe jy hiervan bevry word. In die weg van vergewing bly sonde as sonde staan. Die mens, jy, is 'n sondaar. Maar in sy sonde word hy nie verwerp nie, maar bemin! Vergewing is die diepste vorm van liefde. Vergewing is die weg van Christus.

Vergewing behels egter nie net die vergewing van die daad nie, maar ook van ons onderwerping aan die kwaad. Die feit dat ons doen wat ons nie wil doen nie, moet ook bely word, sodat vergifnis ontvang kan word. Vergewing is nie net vergewing van wat jy doen nie, maar van wat jy *is*. En dit alleen bring werklike bevryding.

Maar wat is werklik die kriterium vir sonde? Wanneer is ons nie wat ons moet wees nie? Die kriterium is nie *ons* ideaalbeeld nie, maar die beeld van God - Jesus Christus.

Die norm is die liefdesgebod soos in Jesus vergestalt. Hoe het Hy God liefgehad en hoe het Hy sy naaste liefgehad? Meet jouself hieraan.

Die natuurlike mens staan in skerp kontras hiermee, en word deur Paulus beskryf as: "dood deur die sonde en misdade" (Ef 2:1). Maar wat ons moet raaksien is dat hierdie mens deur 'n mag vasgevang is, wat oor hom heers (Rom 5:21).

As sonde 'n mag is wat mense beheers, is die vraag natuurlik: Wat is die oorsaak dat mense daaronder verval? Die eerste antwoord is dat die mens homself daaraan oorgegee het. Hierdie eerste, een daad waarvan ons in Genesis 3 lees, bring dan 'n stroom van sonde en leed voort. As ons natuurlik die binnekom van die mag van die duisternis sien as 'n gevolg van die oopmaak van die deur - deur 'n menslike daad - dan blyk die oorsaak van lyding geleë te wees in die mens. Natuurlik het die een daad 'n effek bereik wat ver bó die mens se vermoëns uitgaan, maar sy daad staan aan die begin! Die gevolge van sy daad transendeer hom egter in die oneindige.

En dit is nou juis hierdie feit, die feit dat die kwaad wat uit die daad van die mens voortkom baie *groter* as hyself is, wat daarop dui dat die bose as 'n kwaad wat groter is as die mens, *ook* aan die mens voorafgaan. Met ander woorde: die kwaad staan eerste as mag. En die mens is nie bestand teen hierdie mag nie. Daarom beskik die mens nie oor die bose nie. Ons moet dan dalk eerder sê dat die kwaad self die wêreld binnegekom het en die mens tot sonde verlei het.

Die mens kon wel "Ja" of "Nee" sê op hierdie verleiding, maar buite Christus en die Gees, is die mens nie sterk genoeg nie.

Wat ook glashelder in die Bybel is, is dat God aan die kant staan van die mens wat 'n slagoffer is. God is die God wat die mens bevry van die mag van die sonde:

- God maak mense lewend (Ef 2:1).
- Hy bevry (Rom 7:25, Rom 8:1-30).
- Hy doen dit deur mens in Jesus in te lyf (Ef 6).
- As Trooster is Hy (God die Heilige Gees) ook by mense wat ly onder hierdie mag se kwaad (Joh 14:16; Rom 8).

Tot nou toe het ons egter oor die bose gepraat as 'n neutrale mag. In die Bybel word daar egter ook oor die bose mag gepraat as 'n **persoon**. Dit geld ook vir die verskillende manifestasies van die kwaad. Volgens verskeie tekste kom die bose tot ons deur *persoonlike* magte. Die bekendste gedeelte is sekerlik Efesiërs 6:11 en 12. Wat presies met hierdie verskillende begrippe bedoel word is nie so duidelik nie. Wat is byvoorbeeld die onderskeid en verskil tussen al die genoemde magte? Hieroor is al baie gedebatteer en geskryf. Wat wel duidelik is, is dat dit hier gaan oor die voorstelling van

bonatuurlik persoonlike wesens wat probeer om die lewe op aarde te beïnvloed. En dit is belangrik.

As daar na die Ou Testament gekyk word oorheers die engele wat deur God gestuur word die terrein van bonatuurlik wesens. Hulle kan of goeie boodskappe bring of onheil en oordeel (Vgl. Dan 10:13, Gen 18, Rigters 6:11-24, Rigt 13, Num 22:22-235; 2 Kon 6:16 e.v., Eksodus 11-12, Gen 3:24).

Dit is ook in die Nuwe Testament die geval. Vanaf die aankondiging aan Maria en Sagaria (Lukas 1) tot by die opstanding, tree daar engele in die geskiedenis op. Engele verskyn aan Petrus (Hand 12) en aan Paulus (Hand 27:23). Hulle figureer veral as redders en boodskapper. In al die bogenoemde gevalle is die bo-natuurlike wesens ten diepste *goed*.

Daar is egter *persoonlike bose magte*. In die Ou Testament word pes en siekte selfs soms as persoonlike bose magte aangedui (Vgl. Psalm 91:5 en 6).

In die Nuwe Testament tree die bose magte die duidelikste na vore in hul stryd teen Christus. Wat wel duidelik is dat Christus hulle meerdere is (Rom 8:38 -39).

In die evangelies en in Handelinge, vind ons dat demone meestal mense en diere in besit neem en beheer (Mark 1:24; Mark 5:3-5; Mark 9:25; Luk 9:39; Hand 5:16; Hand 19:13-16).

'n Derde tipe voorstelling word veral in die sogenaamde apokaliptiese literatuur gevind. Daar is hierdie bose magte soldate in die leer van die Bose. Engele van die duiwel, wat weer as 'n draak voorgestel word (Open 12:7-9). Paulus self praat ook van 'n engel van Satan (2 Kor 12).

Daar word ook in die Ou Testament ander beelde gebruik om die bose as persoonlike mag te teken. In die Ou Testamentiese poësie kry ons dikwels verwysings na die Leviatan en Rahab. Nou die Leviatan het in die Ou Testament heel waarskynlik eerstens na 'n Krokodil verwys (Job 40-41), maar dit het al meer die simbolisering van 'n persoonlike antigoddelike mag geword. Luister net na Jesaja 27 :1 (O.A.V.) *In dié dag sal die HERE met sy harde en groot en sterk swaard besoeking doen oor die Leviátan, die vinnige slang, en oor die Leviátan, die kronkelende slang; en Hy sal die draak doodmaak wat in die groot water is."*

So ook Rahab, (Psalm 89: 11 en Jes 51:9). Aan die een kant word Rahab gelyk gestel aan Egipte (Psalm 87:4, vergelyk ook Eseg 29:3 en 32: 2 in die O.A.V.). Maar uiteindelik word al die assosiasies saamgevoeg (Psalm 74:12-17) en is God die een wat hierdie magte vermorsel.

Ons moet natuurlik onthou dat die see self gesien is as 'n mag wat teen God is (Psalm 46:3 .v.; Psalm 93:3 e.v. en kyk veral Job 38:8-11).

Sonder om te diep hierop in te gaan kan ons met redelike sekerheid die volgende sê: die Leviatan, Rahab en die See is niks anders as Ou Testamentiese verwysinge na die persoonlike bese magte, wat uiteindelik in die Nuwe Testament in die duivel kulmineer nie. En wat lees ons nou in Psalm 104:26? God speel met die Leviatan! En in Job 9:8 lees ons "God loop op die golwe"!⁷

Die feit dat Jesus in die evangelies weer op die golwe loop en die see bestraf, is dus geweldig betekenisvol. Dit dui beide op Jesus se Godheid en die beheer van God oor die duivel! In die lig van dit alles is dit nou ook meer verstaanbaar waarom ons in Openbaring lees dat daar geen see meer sal wees nie! (Openb 21:1).

Waarby ons egter wil uitkom is die feit dat daar te midde van alle bese magte, een absolute persoonlike bese mag is. Die bese is saamgevat in die BOSE. Een persoon. Die Bese is 'n persoonlike mag, dit is **Satan, die Duiwel**.

- Hy is die verleier (Openb 12:9). Hy probeer mense verlei tot sonde (Matt 6:11; Luk 11:13).
- Hy saai onkruid (Matt 13:38).
- Hy is die Vader van die leuen (Joh 8:44).
- Hy sorg dat die Woord nie wortel skiet in die lewe van gelowiges nie (Matt 13:19).
- Hy is die owerste van hierdie wêreld (Joh 12:31).
- Hy verset hom teen Christus en Sy gemeente (Joh 16:33)
- Teenoor die nuwe wêreld wat in Christus aanbreek, staan die god van hierdie eeu (2 Kor 4:4
- Hy is die vyand (Matt 13:28)
- Hy is die werklike agtergrond van vreemde gode (1 Kor 10:20).
- Hy kos die gemeente 'n voortdurende stryd (Ef 6:11 e.v. Openb 12:7-9 soos dit Christus ook stryd gekos het om Hom te weerstaan (Matt 4:1-11).

⁷ Vgl. ook Psalm 65:7, 89:8, 93:4, 107:29 (42:7)

In die Nuwe Testament sien ons dat God in Christus aanwesig is in die wêreld. Maar in sy voetspoor is die duiwel aanwesig, soos beliggaam in Judas (Joh 6:70, Joh 17:12). Al word die Skrif so vervul en al dien hy eintlik só die weg van God, word hy tog uiters negatief geteken in die evangelies (Matt 27:1 e.v.; Hand 1:18 -20). Hy mis die versoening, die verskyning van die opgestane Heer, hy mis die aanbreek van die godsryk in die Gees. Judas is 'n teken van die demoniese aanwesigheid binne die gemeente van Christus wat Hom navolg. Daar is geter nie 'n eenvoudige swart en wit skema hier nie, aangesien ook Petrus in hierdie rol kon pas! (Matt 16:23). Die Satan is blykbaar ook teenwoordig in ware Christene en as dit moontlik sou wees, sou hy deur die valse Christene die wares ook verlei (Matt 24:24). Die onderskeid tussen ware en vals Christene is net so subtiel soos die onderskeid tussen onkruid en koring (Matt 13:24-30).

Die ryk van Christus en die ryk van die owerste van hierdie wêreld loop dwarsdeur die kerk heen (Matt 6:13; 1 Pet 5:8 (Openb 5:5) 2 Kor 11:14).

Die duiwel het nie spits ore en 'n bokkop nie!

Die klem tot nou was dat die duiwel veral te make het met sonde. *Wat van lyding?* In 1 Kron 21:1 is Satan wel die bron van sonde, maar die lyding van Israel is God se straf op die sonde (2 Samuel 24:1). Dit lyk hier amper of die duiwel God dwing om die mense te straf en so te laat ly. Hy is die aanklaer. Die vraag is egter: Is God altyd verplig om te doen wat Satan wil? As 'n mens Sagaria 3 lees is dit duidelik nie die geval nie. Die genadevolle keuse van God gaan bo die aanklag van Satan uit. God is vry.

In die boek Job het Satan natuurlik ook 'n hand in die lyding. Maar God is die eintlik een wat in beheer is. Kom ons kyk bietjie hierna.⁸

Baie ware kinders van die Here se hartseer en pyn kom nie as 'n resultaat van duidelike straf op sonde nie. Onthou dit. Die meeste daarvan kom van nêrens en dit laat ons onmiddellik wonder oor God se regverdigheid. En dit is hoekom die boek Job en hierdie gedeelte so relevant is. Job se lyding het uit sy hoek gesien, van nêrens gekom nie. Dit het nie verband gehou met wat hy gedoen het nie.

⁸ Hierdie gedagtes oor Job kom grootliks van John Piper.

En die Here wil vir jou wat getref is deur dood, en sy kind is, deur hierdie verhaal help om deur hierdie smart te kom, sonder 'n stywe bolip - met neerbuigende eerbied en vertroue voor die soewereine goedheid van God. Kom ons kry net eers 'n vinnige oorsig oor hierdie gedeelte dan maak ons die nodige toepassings.

Vers 1 stel ons voor aan die man Job. En onmiddellik besef ons dat as lyding hier bedoel was as straf vir sonde, dan is Job nie die gepaste kandidaat nie. Hy het sonde soos die pes vermy, omdat Hy die Here gevrees het, wat beteken Hy het die Here as Ou Testamentiese gelowige lief gehad en gedien. En sy eerbied en ontsag vir God het alles beheer wat hy gedoen het.

- Vers 2-3 beskrywe hoe God hom geseën het.
- Vers 4-5 verwys na spesifieke maniere hoe Job God vereer het met betrekking tot sy kinders. As daar 'n fees was wat sy kinders bygewoon het, het hy vroeg die oggend brandoffers gebring, net in geval hulle teen God gesondig het in hulle harte. Dit was sy ywer vir die Here se eer.

En dan kom die ellende. Vanaf vers 13 en verder. Gaan lees dit maar weer. Verskriklik. Sommige van hierdie dinge het direk deur die hande van mense plaasgevind, ander het plaasgevind deur dinge soos weerlig en vuur en 'n tornado.

Alles wat Job het is weg in een middag. Wat gaan hier aan?

Om te sien wat aangaan, moet ons buite hierdie wêreld kyk. Terloops, die wêreld alleen het nooit die antwoorde op die groot vrae van die lewe nie. Die antwoord word in die hemel gevind. So die skrywer gee ons 'n kykie in die hemel om te verstaan wat op aarde gebeur.

Vers 6-12 beskryf 'n vergadering tussen God en Satan. Satan sê dat hy sy tyd spandeer het om heen en weer die aarde te deurkruis. En dan kom God en sê: *Het jy my dienskneg Job teëgekome....?*

Dit is asof 'n diamantdief die eienaar van 'n juwelierswinkel die aand laat by die agterdeur ontmoet. Die eienaar sê: "Wat doen jy?" En die dief antwoord: "Ek loop net rond hier in jou winkel." En die eienaar sê: "Het jy ons kosbaarste diamant daar voor in die winkel gesien?"

God is besig om Job hier in die moeilikheid te kry. God is baie duidelik ongelooflik trots op Job. Job se ontsag en liefde vir God het hom baie kosbaar gemaak by God, in elke opsig.

Satan is natuurlik nie so beïndruk nie. Nee wat, dit is net omdat Job se ryk en voorspoedig is dat hy God dien, meen hy. Vat net bietjie aan daardie rykdom en voorspoed en kyk wat gebeur. Laat net sy kind sterf.

God kon natuurlik gesê het: "Ek het nie nodig om enige iets te bewys teenoor jou of enige iemand anders nie. Ek ken die hart van my dienskneg Job en dit is genoeg vir my." Hy kon. Maar in hierdie geval het Hy nie.

God kies om 'n openlike oorwinning oor Satan te behaal vir Sy eie heerlikheid. 'n Toets sal wys dat God in die hart van Job meer werd is as enige besitting ja selfs as sy kinders.

So God sê in vers 12: "*Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie.*"

En dan kom die ellendes waarvan ons gelees het. Wat gebeur hier?

Die antwoord is: Iets van ontsaglike hemelse betekenis gebeur hier. God is in die proses om aan die hemelwesens te demonstreer (en aan ander wat 'n oog mag hê om te sien) dat Hy self absoluut nommer 1 in Job se lewe is. Hy is besig om die groot vraag van die kosmos te beantwoord: "*Sal mense God aanbid omdat Hyself waarde bo alles het, al verloor hulle alle ander dinge?*" Die antwoord hierop is so belangrik dat God Sy gunsteling kneg deur hierdie smart laat gaan om dit bekend te maak.

En verse 20 - 21 gee die uitslag. Wys ons die oorwinning. Satan is verkeerd bewys. Job het God nie gevloek toe hy al sy rykdom en kinders verloor nie. Hy het God aanbid en geëer. En so het die alles oortreffende waarde van God sigbaar geword.

Maar net soos Job herstel van die skok, tref 'n vreeslike siekte hom in hoofstuk 2:7-8. Is dit nou die beloning vir Job se Godvererende reaksie op die dood van sy kinders? Weer vra ons die vraag: "Wat is hier aan die gang?" En weer word die antwoord nie in hierdie wêreld gevind nie, maar in die hemel.

In hoofstuk 2:3 sê God in effek: "*Kyk Satan al het Ek jou gelos om hom byna te vernietig, bly hy by sy antwoord.*"

Weer 'n uitdaging: "*Ja, maar raak net aan homself - sy eie lyf dan sal hy U vloek.*"

Weer word die waarde van God uitgedaag. Is dit God self wat Job koester of is dit tog nog iets anders? En weer aanvaar God die uitdaging en gee Job in Satan se hand (vers 6).

Ons sien dus dat daar agter oënskynlike absurde aardse tragedies, hemelse transaksies van onbeperkte belang plaasvind.

Die demonstrasie van die waarde van God in die geloof van sy kinders is die belangrikste saak in die wêreld.

Toe Job se gesondheid gaan, toe is dit te veel vir sy vrou: "*Vloek God en sterf!*" (vers 9).

En dan in vers 10 maak Job hierdie geweldige uitspraak: "*Soos 'n dwaas praat, praat jy! Die goeie sou ons van God aanneem, en nie ook die slegte aanneem nie?*" Seëninge en tragedies kom uit die hand van God. Job het vasgehou aan die rotsvaste vertoue in God se soewereiniteit.

Stel jouself vir 'n oomblik voor Satan in die hemel omring deur derduisende engele wat in afwagting is op Job se reaksie. En dan antwoord Job. En sonder dat hy iets daarvan weet, word derduisende arms gelig en derduisende stemme roep: "*Waardig is die Here God van Job!*" En wat doen Satan? Hy vlug van die teenwoordigheid van die lofprysing aan God.

Kom ons lig 'n paar waarhede uit hierdie gedeelte uit. Waarhede wat ons almal sal versterk en vertroos:

❖ **Satan se doel is om jou vreugde in God te vernietig.**

Hy gebruik 2 wapens. Pyn en plesier. Hy gebruik pyn om ons te laat voel dat God kragteloos en vyandig is, Hy gebruik plesier om ons te laat voel dat God oppervlakkig en kunsmatig is. Hy het nie daarin geslaag om Job weg te trek van God in die dae van sy voorspoed en vreugdes nie. So hy val Job se Godgesentreerde vreugde aan deur pyn. Hy misluk weer. Maar laat daar geen twyfel wees wat Satan is in jou lewe wil bereik nie: Sy doel is om jou vreugde in God te vernietig en om God as skat te vervang met aardse skatte van welvaart, familie of gesondheid.

- ❖ **God se doel is om sy eie waarde in die lewe van Sy mense bekend te maak.**

Die groot doel van God in skepping en verlossing is om die onbeperkte waarde van Sy heerlijkheid bekend te maak. Hy doen dit deur mense te verlos wat Hom liefhet en aan Hom kleef en hom koester bo alle aardse skatte en plesiere. Die spieël wat Hy kies vir die weerkaatsing van Sy waarde is die onvernietigbare vreugde van Sy mense. Hulle sal Hom nie inruil vir enige iets wat die wêreld nie.

- ❖ **God gee aan Satan krag soos Hy wil.**

In 1:12 het God aan Satan gesê: *"Kyk Hy is in jou mag - moet net nie homself aanraak nie."* En in 2:6 *"Kyk hy is jou mag, spaar net sy lewe."* Satan kan nie beweeg sonder God nie. Hy is 'n brullende leeu. Maar hy is aan 'n leiband. As Job sê die Here het gegee en geneem, dan sê hy dat dit in die laaste instansie God was wat sy welvaart en familie weggeneem het. En om te verhoed dat enige een sal sê dat Job nie wat gebeur het aan God moes toeskryf nie, kom die geïnspireerde skrywer van die boek en skryf in vers 22: *"By dit alles het Job nie gesondig en aan God niks ongerymds toegeskrywe nie."* En weer in vers 10 sê Job: *"Sal ons nie die goeie en die slegte uit die hand van God ontvang nie."* En weer waarsku die geïnspireerde skrywer ons om nie Job te kritiseer nie. Hy skryf aan die einde van vers 10: *"In dit alles het Job nie gesondig met sy lippe nie."*

Ja, die duiwel is dikwels die uitvoerder van lyding wat God teweeg bring! (Lees net weer 2 Kor 12:7-9, 1 Kor 5:5, 1 Timoteus 1:20).

Maar belangrik: Die *duiwel* is die *mensemoordenaar* van die begin af (Joh 8:44). Die leuen van verleiding bring die dood net soos Christus as die Waarheid (Joh 14:6) die woorde van die ewige lewe het (Joh 6:68).

Dit is ook baie duidelik waar mense beland as hulle deur Satan verlei is (Openbaring 20:14).

Kyk, dit is wanneer die duiwel en die dood weg is, oorwin is, dat God by die mense woon tot in ewigheid (Openb 21:3).

Opsommend kan ons sê: die Satan is primêr die een wat verlei tot sonde en in die pad van die ryk van God staan. Omdat hy die owerste van die wêreld is,

volg daar is sy voetspoor die dood. Hy dra die hele wêreld van duisternis met hom saam want hy is die vors van die duisternis. Maar hy is *ook* diensbaar aan God en die gemeente om mense te louter, en God se waarde te vertoon.

God is anders

Die problematiek waaroor dit in hierdie studie gaan is die spanningsveld tussen die almag en die goedheid van God. God is die almagtige - niks gebeur buite Hom nie. Niks is sterker as Hy nie, want Hy is die hoogste mag. Hy is ook die hoogste goedheid. Daar is geen duisternis in Hom nie. Alle kategorieë vind in Hom hulle laaste grond, hul diepste bedoeling: die goedheid, die mag, die vryheid, die liefde; alles wat daar in menslike en aardse moontlikhede bestaan.

Die goedheid, die mag, die vryheid, en die liefde van God is die hoogste vorm van ons moontlikheid. Hy is die *hoogste* goedheid, die *hoogste* mag, die *hoogste* vryheid, die *hoogste* liefde. Hy is dit self, op 'n allesomvattende wyse. Hy is die álgoedheid, die álmag, die absolute vryheid sowel as liefde self.

Aangesien God die een is wat alle dinge te bowe gaan, gaan Hy selfs Sy eie eienskappe te bowe. Hy is altyd meer as net een van hierdie eienskappe. Almag, algoedheid, vryheid en liefde is verwysing na die *een* wese van God. Hy is altyd dit alles. Altyd. Hy is die eenheid van alles wat is. Alle ander wesens beskik oor hierdie eienskappe net in afhanklikheid van Hom. Ons goedheid, ons mag, ons vryheid ons liefde, is slegs moontlik omdat God goed, vry, magtig en liefdevol is. Dit geld natuurlik nie net vir die genoemde eienskappe nie, maar vir alle positiewe moontlikhede van mense, soos byvoorbeeld wysheid, vreugde, trou, barmhartigheid.

Hierdie manier van dink is egter problematies. Hoe so? Wel, menslike kategorieë van liefde, vryheid mag en goedheid kan nogal teenstrydig wees. Mag word misbruik en deur ander beleef as geweld. Vryheid word ingeperk deur die liefde aan die naaste. By mense kan hierdie moontlikhede hinderlik of verdrietig wees en selfs tot innerlike sielkundige konflikte ly, *maar dit veroorsaak nie 'n logiese konflik* nie. Want daar is baie mense, waar baie van hierdie moontlikhede kan realiseer. MAAR, daar is net één God. Hoe kan God se eenheid bewaar bly, terwyl alle eienskappe in hulle alomvattendheid

tegelykertyd in Hom gehandhaaf word? Hoe is absolute vryheid en absolute liefde byvoorbeeld te rym? Vryheid beteken jy bepaal geheel en al jou eie keuse. Liefde beteken jou keuses word deur ander bepaal. Jy kan natuurlik hierdie probleem probeer omseil deur te sê dat vryheid nie beperk word as die subjek in vryheid *kies* om hom geheel en al deur ander te laat bepaal (liefde) nie.

Maar dit is net 'n skynoplossing. Ja, diegene wat in vryheid kies vir liefde, is inderdaad vry. Maar om vir liefde te kies is dit noodsaaklik om liefdevol te wees. Die vryheid om te kies vir haat is dan uitgesluit. Daarmee is die vryheid onmiddellik beperk en geen ware vryheid meer nie.

Daar is dus 'n *logiese konflik in die godsbegrip van een, allesomvattende God*. God is of die Een, absolute Een, maar dan kan Hy nie *alle* eienskappe om absolute wyse omvat nie, óf Hy omvat alle eienskappe op absolute wyse, maar dan kan Hy nie die enigste, absolute Een wees nie. Die idee dat God absoluut Een is, is nog meer problematies as jy daaraan dink dat mense ook negatiewe eienskappe het, soos haat, egoïsme, domheid, luiheid, slapheid. As God werklik, die Een, allesomvattende wese is, het Hy ook, moet Hy ook, hierdie eienskappe in absolute vorm besit. Hy is dan absolute haat en volstrekke egoïsme, oneindige domheid, volkome luiheid.

Hierdie eienskappe is egter nie net logies *nie* te rym met die ander eienskappe van God nie, maar dit pas ook nie by die beeld van God wat ten grondslag lê van die gedagte dat God die absolute grond is nie. Dit gaan in hierdie tipe denke juis daaroor om in die chaos van die wêreld 'n vaste punt te hê. Maar as God net alle relatiwiteit en chaos in die oneindige sin is, beteken die voorstelling van God as die absolute grond van alles, niks.

Die konflikte van die wêreld is dan ook in absolute sin in Hom ingedra!

As álles, liefde en haat, wysheid en domheid, mag en slapheid tot die oneindige wese van God behoort, dan kan die resultaat nie anders wees dat daar aan die begin van alles wat is, 'n geestelike "big bang" was, waar die eenheid net die chaos vasgevang het nie. God is dan net die eindprodukt van alle moontlikheide wat was.

Ek dink dit word duidelik dat die konflik tussen die almag en die goedheid van God in die pastorale situasie van mense, 'n *filosofiese idee* van God ten grondslag het. Dit is waarmee ons nou besig was. Pure harsingsgimnastiek. Ons het filosofies oor God gedink. Waarskynlik heel logies, maar filosofies,

net soos Epikuris van ouds. Kyk, waarom bring my lyding vrae op? Vanweë die gedagte van die allesomvattendeheid van God! Hoe kan Hy die lyding toelaat? Hy kon dit tog verhinder? Of omgekeerd, in die lig van die absolute goedheid van God: "Waarom gee Hy dit vir my?" Hy is tog die liefdevolle Vader, sonder enige beperking om my geluk te verseker.

Om dit baie reguit en eenvoudig te stel. Omdat ons glo in die Een God, wat absoluut magtig en absoluut goed is, van wie se almag niks uitgesluit is, en wie se goedheid alles omvat - raak ons in konflik met lyding. Dít is die rede. Hieruit volg 'n redelike logiese gevolgtrekking: **Ons Godsbegrip is van kardinale belang in hierdie hele vraagstuk.**

Ons moet erken die vrae: "*Hoe kan God lyding in die wêreld toegelaat het, hoe het dit ingekom, hoekom het dit oor my gekom?*", sal tot blote spekulاسie deur beperkte mense lei. Dit is veel belangriker om van die *konkrete situasie* uit te gaan. Sonde, lyding en dood is 'n *feit*. Maar ons moet nie net vanuit die konkrete situasie uitgaan nie, ons moet ook vra: "**Wie is die konkrete God?**" "Wie is die God wat in beheer is in lyding?" Want dan sal ons weet in hoe Hy in Sy beheer teenoor lyding staan

Dit kom eenvoudig daarop neer dat ons moet vergeet van óns idee van wie God is en van óns idee van 'n God wat in beheer is. Ons idee is dikwels niks minder as menslike moontlikhede wat oorgedra word op God nie. So dink ons byvoorbeeld aan God se mag as menslike mag, net in die *oortreffende trap*. Ons dink aan God wat in beheer is en dan dink ons aan hoe mense is wat beheer het - en dra dit in die oortreffende trap aan God oor.

Kan ons dit doen? Nee, ons kan nie. Hoe weet ons God is soos ons, net in die oortreffende trap? Om die waarheid te sê die Bybel sê eksplisiet God is nie soos die mens nie! (Jes 55:8 e.v.).

Hoe kan ons uitvind, waar kan ons Hom in die hande kry? Johannes 1:18 help ons: "*Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak*"(N.A.V.). Sien ons vind God eintlik nie, Hy bied Homself aan in Sy openbaring - in Jesus Christus. Jesus Christus is die ware God, Hy en *niemand anders nie*. **As ons wil weet Wie God is moet ons na Hom kyk.** As ons oor Goddelike eienskappe wil praat moet ons verwys na die dae van Jesus Christus.

Die God waarvan ons praat mag geen abstraksie van ons idees wees nie, maar dit moet die Een wees wat konkreet aanwesig is in Sy Woord, wat Jesus Christus is (Joh 1:1, Kol 1:18).

Vir ons bespreking oor God en lyding moet ons daarom nie by abstrakte idees oor almag en goedheid bly staan nie, maar ons moet by Jesus gaan staan. In watter verhouding staan God, *die een wat Homself openbaar het in Christus Jesus*, tot lyding en smart?

As ons oor Jesus Christus praat, moet ons begin by die inkarnasie. Die inkarnasie beteken dat Hy uit die hemelse heerlijkheid neergedaal het en 'n mens geword het wat alle menslike laste gedra het (Fil 2:2-6). Hy wat die Heer was, het kneg geword.

Wat sê dit vir ons? Dit beteken 'n veroordeling van die kwaad van sonde, wat lyding insluit! Ons kan dus nie die sonde toeskryf aan die wil van God nie. Ook nie lyding nie. Dit kom nie in die eerste plek van God nie. Dit staan juis teenoor God, *dit hoort by ons*.

As ons na Jesus kyk sien ons dat God *anders* is as die sondige mens. God is nie magsbehep nie. God is nie egoïsties nie. God is daarop uit om te dien. God dink aan die voordeel van ander. As Jesus Christus die openbaring van God is en die enigste bron van kennis van Hom, dan kan ons op *geen manier* sê dat sonde met alles wat dit insluit voortkom uit God se hand nie. Juis deur die koms van Christus word die sonde en die kwaad wat daarmee saamgaan aan die lig gebring as dit wat *teen* God gerig is. As God in Jesus Christus wys wie Hy is en wat Sy wil is, word dit duidelik dat mense anders is as Hy en nie lewe volgens Sy wil nie.

God openbaar dus sonde as iets wat teen Hom is, dit is teen Sy wil en teen Sy wese. Hy breek juis ook die sonde deur dit definitief te bestry en te oorwin. Hy doen dit egter nie deur die sondaars met bliksem en donder te vernietig, om sodoende die goddelose mensheid uit Sy heilige teenwoordigheid te verwyder nie. Sy heerskappy sou dan immers tog op geweld berus en dan sou die egoïsme van Sy eer groter wees as Sy dienende liefde.

Nee, die heiligheid van God is die heiligheid van die een wat anders is as ons. Hy breek die sonde deur by die sondaars in die vlees te wees, deur self in Sy

Seun die oordeel te dra. Hyself neem die kruis op van Sy eie vervloeking. Alle menslike mag kan nie hierdie liefde van sy krag ontnem nie. Waar mense die hemel as't ware storm om God uit die weg te ruim, kan hulle net die liefde bevestig van Hom wat Homself *laat* bestorm. As mense, om hulle mag te bevestig, roep: "Kruisig Hom" en hulle die Seun van God aan die kruis slaan, bevestig hulle slegs Sy goddelike heiligheid: die heiligheid van die liefde van Hom "*wat toe Hy geskel is nie terug geskel het nie...*" (1Pet 2:23). En let wel, tegelykertyd bevestig hulle hul eie goddeloosheid: hulle bevestig dat die mens met sy geweld totaal ander is as God. In sy menslike strewe na grootheid, kan die mens in die aangesig van Jesus slegs aan die een kant sy eie verlorendheid bevestig en aan die ander kant die oormag van die liefde van God.

God openbaar dus dat Hy die geweld van die vlees, van die mens, *nie* wil nie. Die pad van die mag van die Keiser of enige ander heerser, is nie Sy pad nie. God breek hierdie mag deur Homself aan die mense uit te lewer. Teen hierdie liefde loop al die gebrul van tiranne hulleself as't ware te pletter. Hulle stort uiteindelik inmekaar van hulle eie woeste pogings. Die oomblik as hulle inmekaar stort het hulle maar net God se reg bevestig. Dan blyk God se onoorwinlike heilige liefde. Die sonde van die sondaar kan nooit Sy liefde van krag kan ontnem nie, dit kan net maar hierdie liefde bestig! Omdat dit so is, lees ons dat Jesus bid: "*Vader vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*" (Luk 23:34).

Hulle weet nog veel minder wat hulle doen as wat 'n oppervlakkige beskouing van die teks sou vermoed. Hulle onkunde was nie net dat hulle verblind was in hulle haat nie. Hulle onkunde was veel dieper. Dit was geleë in die feit dat hulle nie geweet het dat hulle kwade bedoelings hierdie konkrete God van die liefde dien nie. Dit is die onkunde van Kajafas wat sonder dat hy weet wat hy sê, profeteer: "*Dit is voordelig dat een mens sterf...*" (Joh 11:50 e.v.). As 'n mens kyk na die kruisverhaal lyk dit dus of die goddelose tiranne priesters is in die ryk van God. Dit gaan ons begrip te bowe. Dit is die wonder van die vreemde God, vir wie die verworpene die verkorene is en die verkorene die verworpene.

Die verkore Jesus, God se eie verkiesing, sterf as die verworpene aan die kruis. Die verworpe goddeloses blyk verkore te wees om die liefde van God te bevestig in hulle priesterlike en profetiese funksie. Waar God verskyn in die

konkrete gestalte van Jesus klop ons menslike indelings en kategorieë nie meer nie!

God verkies Homself deur Homself te laat verwerp!?

Hoe dit ookal sy, wat ons moet besef is dit: Alhoewel die sonde nie voortkom uit God se wil nie, is dit desondanks diensbaar aan die openbaring van die heerlijkheid van Sy liefde. Dit geld ook van die kwaad van lyding. Wanneer ons dink aan lyding, en dit alles toeskryf as komende uit die hand van God, mag ons dit nie bloot sien in terme van die feit dat God die oorsaak van alle dinge is nie. Ons mag dit nie los sien van die kennis van God in die aangesig van Jesus nie.

Ons mag nie ons idee van wie God is toepas op die vraag van lyding nie. Ons moet, soos reeds gesê, kyk na hoe God konkreet is.

Daar is lyding in die wêreld, maar God staan nie bó die lyding om dit uit te deel nie, maar God het ín ons lyding by ons gekom. Christus het self die lyding op Hom geneem.

Uit die Bybel is dit baie duidelik dat die Messias as die Goddelike Koning nie 'n Heerser in glorie en lig is nie, maar die lydende kneg (Jesaja) van die Here is in veragting en in duisternis.

Die diepste lyding is die lyding van eensaamheid, maar God self het hierdie lyding deurbreek. Want in ons eensame lyding is daar die "van God verlatene", wat al eerder deur mense ook in die steek gelaat is. Maar hierdie "van God verlatene", is die ware God.

En nou kan ons nooit meer deur God verlate word nie. Hoe verlate ons ook al mag raak, juis in die diepste verlatenheid en duisternis is die gekruisigde by ons. En waar die gekruisigde is, daar is God.

En as mense ons verlaat het, kan ons weet ons vertoef in die nabyheid van die van die Een wat die *ware mens* is! Hy is verlaat deur mense.

Ware menslikheid beteken daarom om in jou verlatenheid by die lydende Verlatene te wees. Dit leer ons nie op Universiteite nie, maar alleen by God, die God wat ons in Jesus Christus ontmoet het. In die ware menslikheid van God in Jesus word die krag van die lyding gebreek deur die nabyheid van die liefde.

In Jesus blyk dit dat lyding nie deur God gegee word, maar dat Hy intendeel die lydende tegemoet tree. Dit word duidelik uit die kruisgebeure,

maar ook in die hele pad wat Hy loop. Hy het gewil om Homself neer te buig na die verlore wêreld juis om dit te red. Hy soek die verlore nes. Hy soek die wat verag word. Nie die sterkes in die wêreld word deur Hom gekies nie, maar die swakkes en die wat verag word. Hy is die een wat die tollenaars bevry uit hulle hebsug. Hy is die een wat die melaatses aanraak en die kreupeles laat loop. Hy is die een wat die demone bestry en verdryf. Hy laat die golwe bedaar. As mense skreeu van angs, is Hy die helper.

Dit is die konkrete God. Hy is nie 'n 'keiser-God' nie, Hy is die ontfermende God.

As ons praat oor God en Lyding, is dit ook uiters belangrik om te onthou dat Jesus en wat met Hom gebeur het, die **slutel is tot die verstaan van die werklikheid**. Hy is die alfa en die omega van die geskiedenis. God skep met Hom in gedagte (Kol 1:16). Dieselfde Gees wat in Christus was, is in ons. En hoe werk daardie Gees? Daardie Gees is die Gees wat langs die weg van pyn, smart en oënskylike God verlatenheid na verhoging ly. Dit is die pad wat die prototipe van die nuwe mens, Jesus gestap het. Hy het eerste hierdie pad gestap, na die nuwe heeal en werklikheid. Ons volg Hom, want Hy is die eersteling van die broeders.

Is dit nie 'n geweldige troos vir ons as Christene in ons lyding nie? Dit is die pad. God se mense op na heerlikheid is nie die ideale, gesonde, gespierde, rimpelloos welvarende mense nie - nee dit is die veragte, bloeiende mense wat dikwels uitroep: "*My God my God, waarom!*"

Dink net bietjie na oor Jesus. Die ware mens. Gaan lees weer wat oor Hom gesê is deur Jesaja: "*Hy was verag en deur die mense verlaat, 'n man van smarte en bekend met krankheid; ja, soos een vir wie 'n mens sy gelaat verberg; Hy was verag en ons het Hom nie geag nie*" (Vgl. Jes 52:14 e.v.).

Ons kan daarom sê lyding *hoort by die menslikheid van die mense van God* - as Jesus die ware mens is, die eersteling van die broers. Of hoe?

Dit is so belangrik om te onthou dat God self die **lydende God** is. En dit vertroos 'n mens geweldig in lyding. John Stott (1986:135-136) stel dit so kragtig: "*In the real world of pain, how could one worship a God who is immune to it? I have entered many Buddhist temples in different Asian*

countries and stood respectfully before the statue of the Buddha, his legs crossed, arms folded, eyes closed, the ghost of a smile playing round his mouth, a remote look on his face, detached from the agonies of the world. But each time, after a while I have to turn away. In my imagination I have turned instead to that lonely, twisted, tortured figure on the cross, nails through hands and feet, back lacerated, limbs wrenched, brow bleeding from thorn pricks, mouth dry and intolerably thirsty, plunged in God-forsaken darkness. That is the God for me! He laid aside His immunity to pain. He entered our world of flesh and blood tears and death. He suffered for us. Our sufferings become more manageable in the light of this."

Ons kan dit alles ook so stel: " *Watter betekenis kan daar in 'n liefde wees, wat nie iets kos vir die minnaar nie?*" As liefde die gee van die self is, dan is dit onvermydelik kwesbaar vir pyn, aangesien dit homself blootstel vir die moontlikheid van verwerping en belediging. As God dus die God van liefde is, soos alle Christene bely, dan is Hy ook die God wat ly. Die een wat kan liefhê, is ook die een wat kan ly.

God het egter nie net in Christus gely nie, maar God ly in Christus *steeds* met sy mense. Het Jesus nie vir Paulus gevra waarom hy Hom vervolg nie? En vir wie het Paulus vervolg? Die gemeentes natuurlik! Christus is *een* met Sy mense!

Dink ook so daaraan: Waar vind jy God? Is dit nie juis by die gebrokenes, die wat verslae is nie? (Jesaja 57:15). Hierdie waarheid het veral in die kruis gebeur sigbaar geword. As ons wil weet waar God in hierdie wêreld aanwesig is - wel nêrens anders as in die kruis, in lyding in smart, in die dood nie. Lyding en Goddelike aanwesigheid is nie teenoorgesteldes nie, hulle hoort saam!

Dit is 'n geweldige ontdekking, want is die "gevoel" van ons Godverlatenheid nie dikwels die ergste in ons lyding nie? Jesus is die vervulling van die God van Israel wat in al hulle benoudheid benoud was (Jes 63:9) Verder meer moet ons ook beseef dat die God wat by ons in ons Godverlatenheid is, die God van emosie is. Gaan lees net weer Hosea hoofstuk 11! En dit troos ons nog meer.

In die Nuwe Testament is dit ook duidelik dat die *heerlikheid van Jesus*, juis die heerlikheid van die kruis is! 'n Studie van die boek 2 Korintiërs maak dit duidelik.

Daar word byvoorbeeld 'n geweldige waarheid omtrent heerlijkheid vir ons geleer in 2 Kor 3:18! Kan jy dit sien? Die groot vraag by hierdie vers is dit: "Wat is die spieël?" Ek wil waag om in die lig van die eksegetiese tot op hierdie punt in die boek, te sê dat die spieël waarin Christene die heerlijkheid van die Here sien, of weerkaats sien, in hierdie gedeelte nie die evangelie, of selfs Jesus Christus is nie. Dit is mekaar! Let op die "ons almal."

In die klimaks van Paulus se argument maak hy dus die ongelooflike aanspraak dat die wat behoort aan die nuwe verbond, deur die Gees verander word na die heerlijkheid van die Here, wanneer hulle van aangesig tot aangesig met mekaar kom. Dan aanskou hulle soos in 'n spieël, die heerlijkheid self. So as hulle na Paulus kyk, sien hulle die heerlijkheid en as Paulus na hulle kyk sien hy die heerlijkheid van die nuwe verbond.

En dit maak alles sin in die konteks van die brief, nie waar nie? Onthou hulle is briewe waarop nuwe verbonds bediening geskryf is (2 Kor 3:2) en hierdie bediening is bediening van heerlijkheid! Dit is hulle wat Paulus se aanbeveling is.

Maar wat het hulle gesien as hulle na Paulus gekyk het? Gaan lees net weer hoofstuk 11: 23-33 en hoofstuk 12:10. Ja, swakheid en lyding! Die heerlijkheid wat hulle in mekaar aanskou het en waartoe hulle verander is, is dus nie die van selfversekerde super Christene nie. Nee, die heerlijkheid is die heerlijkheid wat skyn deur lyding heen. Die nederigheid, sagmoedigheid en dies meer, *in* lyding, *in* swakheid (2 Kor 4:7-10). Was dit nie juis ook die heerlijkheid van Jesus nie? Ons lees in Hoofstuk 4 dat die heerlijkheid van God in die *aangesig van Jesus* (O.A.V.) skyn (2Kor 4:6). Hoe het die aangesig van Jesus gelyk? 'n Verwonge aangesig, vol smart en lyding (Jesaja 52:14). Ook in die Johannes evangelie is die verhoging en heerlijkheid van Jesus niks anders as Sy kruis en lyding nie! (Joh 12:32-33).

God is ook op nog 'n baie spesiale manier by ons in ons lyding. Deur die **Heilige Gees**. Die Heilige Gees self is ook een wat juis in die konteks van lyding, vir ons intree (Romeine 8:26-28).

Maar ons werklike, konkrete God is nog meer. Hy is ook die **meestrydende** God. As vyande Sy mense bedreig stry Hy met en vir hulle. Soos reeds genoem is die pad van lyding die pad na verhoging. Ons kan sê net so konkreet soos lyding en stryd is die oorwinning. As daar troos is in lyding omdat God

daarin saam met ons is, is dit veral so omdat die Lydende *verheerlik* is! Hy bestry al ons vyande en Hy oorwin tot die laaste vyand oorwin is (1 Kor 15:25-27).

Ons lees in Openb 19:6-10 van die bruilofsmaal van die Lam. Ja uit die bloed van die wêreld sal ons verenig word as die nuwe volk van God op die groot Paasfees. Die nag ter nagte word om middernag (met die uitroep: *Daar kom die bruidegom*) die nag van die fees (Matt 25:6).

Die soewereine regering van God, die in beheer wees van God beteken daarom nie net dat daar aan die agterkant van alle gebeure staan "*Made by God*" nie, maar dat Hy in ons lyding deel en die mag van sonde en lyding *bestry en oorwin*.

Dit gee ons moed om vol te hou. Geloof in lyding, is geloof in die God wat in ons nood en smart naby is, as die een wat in ons lyding ly en in wie se lyding ons die oorwinning voor ons geteken sien.

Daarom sterwe ons nie as mense sonder hoop nie (1Thess 4:13). Is sit nodig om al die vrae rondom lyding op te los? Nee, al wat nodig is, is om Jesus te sien, God met ons.

'n Mens kan die probleem van die goedheid en die almag van God dus "omseil" deur te sê dat Jesus Christus die werklikheid is van die nuwe mens en daarom ook die werklikheid van die openbaring van God se wil en wese. Christus wys die doel van God met alles, in Hom is dit reeds duidelik.

HOOFSTUK 4

GOD EN DIE GESKIEDENIS

Watter model moet ons kies?

Ons het nou 'n paar modelle bespreek waarin 'n mens kan probeer verwoord wat die verhouding tussen God en die kwaad is. Ons het hierdie modelle min

of meer los langs mekaar gesit.⁹ Die een paragraaf kon daarom soms die volgende een weerspreek het. Hierdie inkonsekwentheid is doelbewus gekies aangesien dit presies die geval in die realiteit tussen gelowiges is. Christene maak uitsprake oor God, ook wat betref Sy verhouding tot skuld en lyding. Maar die uitsprake van verskillende Christene is nie dieselfde nie. Dit weerspreek selfs dikwels mekaar. Twee persone sal dieselfde ramp of krisis beleef maar waar die een dit aan God se wonderlike weë toeskryf sal die ander een dit aan die duiwel toeskryf. Een sien sy lyding as God se straf op sonde, die ander sien dieselfde lyding as die toedoen van mense.

Hoe dit ook al sy, wat ons moet raaksien is dat jy *in lyn met die Skrif* op al hierdie maniere met die probleem kan omgaan.

Elke model gee ook egte beleving deur. Die een mens beleef sy lyding as God se Vaderlike dissipline, die ander een beleef dit as die werk van die bose - en so kan ons aangaan.

Ons wil egter nou 'n stap verder gaan. Daar gaan nie 'n uitspraak gelewer word oor watter model die regte een is nie, maar ons gaan vra: ***"In watter verhouding staan die verskillende modelle teenoor mekaar?"***

Sommige modelle kan met mekaar op logiese wyse in verband gebring word. 'n Mens kan byvoorbeeld die gedagte dat die mens die oorsaak van die kwaad is, koppel aan die gedagte dat God die kastydende Vader is. Net so, as God die kwaad straf, dan veronderstel dit dat die mens die kwaaddoener is. Hierdie koppeling vind ook in die praktyk plaas. Dit geld egter nie vir al die modelle nie. Daar is posisies wat op geen manier logies met mekaar te rym is nie. As die een dit duidelik maak dat alles uit die hand van God kom, ook siekte en oorlog, en as die ander een dit stel dat God geen siekte gee, en dat God geensins iets soos oorlog kan gee nie - dan kan 'n mens geen redelike verbintenis tussen die twee vind, sonder om aan een afbreuk te doen nie.

'n Mens kon hierdie probleem oplos om bloot te kies vir een model. Dit gebeur dan ook dikwels onder Christene. Daar sal byvoorbeeld gesweer word by die voorsienigheid van God, maar vergeet word van die lydende en strydende

⁹ Tot nou het ons probeer om reg te laat geskied aan die verskillende maniere waarop ons kan praat oor die probleem God en lyding. Sekerlik is daar nog modelle moontlik. Binne die modelle wat ons beskryf het is ook nog variasies te vind.

God. Of daar word gesweer by die mens se verantwoordelikheid en die almag van God word vergeet. Oor en weer kan daar beskuldiging van kettery wees.

'n Mens kan ook minder konsekwent wees en gewoon met die verskillende modelle langs mekaar leef. In die een geval beroep jy jou op die een model, in 'n volgende geval beroep jy jou op die volgende model.

Dit is daarom van kardinale belang dat ons onself sal afvra: "*In watter verhouding staan hulle tot mekaar?*" Die rede hiervoor is eenvoudig. God kan nie in een model opgesluit, of vasgevang word nie (vgl. 1 Konings 8:27).

As ons die een ding oor God sê, moet ons altyd ook die ander ding sê. As ons sê dat God die pottebakker is en ons die klei, moet ons ook se dat Hy saam met ons ly. Geen enkele model kan die volheid van God bevat nie. Die denke van geen enkele mens kan dit bevat nie. As dit waar is van die deeltjie-teorie, waar is dat 'n meer as een ding absoluut gelyktydig kan waar wees, hoeveel te meer as dit kom by God!

As ons dit wil waag om iets te sê oor hoe die modelle teenoor mekaar inverhouding staan, is dit belangrik dat ons 'n kritiese instansie kry waaraan uitsprake gemeet kan word, waaraan die ordening van die modelle gemeet kan word. Die kritiese instansie is God self. Slegs God is normatief vir wie God is. Maar waaraan kan ons God ken? Wel, aan Sy handelinge, Sy optrede. Uit God se daade leer ons Hom ken. Slegs uit sy aksies en reaksies weet ons iets van Hom. Elke uitspraak oor God, soos om te sê; "*God is goed*," of "*God is sleg*", is te toets aan die daade van God. Daaruit moet ons vasstel of Hy goed of sleg is.

Die daade van God is natuurlik opgeteken in die Bybel. In die geskiedenis van Israel en die vroeë kerk kry ons dit. God bevry Israel uit Egipte. God voer Israel in Ballingskap en bring hulle weer terug. God stuur Jesus Christus deur wie ons nou Sy kinders kan wees. Deur Hom het die tradisie van Israel, waarvan Hy die normatiewe bron is, in 'n nuwe lig te staan gekom as die weg wat op Hom uitloop. Kortliks, ons weet nou dat alles in die Ou Testament ten diepste oor Jesus gaan! En nou: God se daade in die geskiedenis van Israel en die geskiedenis van Jesus maak dit moontlik om uitsprake te lewer oor die aard van God se verhouding tot mense.

Hierdie gedagtegang voer ons weer terug na die laaste gedagte onder die vorige hoofstuk: God is die konkrete God van die geskiedenis, *dus is God Jesus Christus*. Ons kon daar begin, maar ons moet tog 'n paar ander opmerkings ook maak:

- God het nie net een daad gedoen in die openbaring deur Jesus Christus nie, God het vele gedoen. Die bevryding uit Egipte is 'n ander gebeurde as die gebeurde in Betlehem. Al sou Eksodus 12 in 'n ander lig beskou kan word aan die hand van Lukas 2, is dit nie dieselfde daad nie. Die een is nie maar net 'n swakker duplikaat as die ander een nie.
- As ons daaraan dink dat die handeling van God *werklike* handeling in die geskiedenis van die wêreld is, dan het ons te make met werklike gebeurtenisse met eie werklikheidswaarde.
- God se daad word waargeneem. Die waarneming van die mens is deel van die openbaring. Die gebeurde van die menslike oortuiging maak deel uit van Goddelike openbaringshandeling.
- Hedendaagse wêreldgebeure het egter *ook* met God se handeling te make. Ons moet die verband tussen hierdie gebeurde en die gebeurde in die Skrif probeer naspoor. Ons moet vasstel wat die gebeurde in die geskiedenis, wat beskryf kan word as die daad van die ewige Opperwese God met die "gelaat van 'n Romeinse keiser", te make het met Jesus Christus.

Om dit eenvoudig te stel: daar is 'n groot aantal gebeurtenisse in die wêreld wat in verband staan met God, waarvan die interpretasie van die *aard* van God se aanwesigheid, buitengewoon moeilik is. Die enigste manier hoe ons hierdie dinge kan verstaan en bevredigend daarvoor kan nadink, is as ons **chronologies** te werk gaan. Anders gestel, die verband tussen al die modelle is chronologies. Dit beteken nie 'n *reguit* chronologiese lyn nie. Een model kom nie altyd na die ander model en vloei nie altyd daaruit voort nie. Die geskiedenis ken wisseling. Daar is nie 'n reguit lyn na een doel nie, maar wel 'n *voorgaande* lyn. 'n Lyn wat na 'n punt, 'n doel loop.

As ons God se daad as vertrekpunt neem, gaan ons uit van die geskiedenis van God se daad en daarom van die geskiedenis van God. God is een God met een geskiedenis waarmee Hy met mense op weg is, maar Hy loop ook self die pad. Van die een daad na die volgende daad. Hy is die lewende God!

Kyk, as die daade van God nie totaal willekeurig is, sodat ons hoegenaamd niks daarvoor *kan sê* nie, sal ons tot 'n begrip *moet* kom van die *verhouding* van al die daade as 'n geskiedenis, een geskiedenis van God met die mens.

God is veranderlik?

In die tweede eeu het 'n sekere Marcion opspraak gemaak toe hy beweer het dat die God van Jesus Christus 'n ander God was as die God van die Ou Testament. Die kerk van daardie tyd het Marcion as 'n ketter afgewys en tereg so. Natuurlik kan ons nie se dat God 'n ander God in die Nuwe Testament is nie, maar die vraag is of ons nie wel kan sê dat Hy *anders* is nie?

Natuurlik deins ons terug van die feit dat God dalk kan verander. Ons moet dit egter reg verstaan. Weereens moet ons onthou dat dit net die daade van God is wat toegang gee tot Sy wese. Daarom is die geskiedenis van Gods se handeling die enigste norm vir goed en kwaad.

As God aan Saul die opdrag gee om die Amalekiete uit te roei tot op die laaste man en vrou en kind (1 Sam 15:3) en as die enigste oorlewende deur die profeet met sy eie hande afgeslag word, dan is dit op daardie moment goed. Dit was God se wil, selfs God se opdrag. Ons kan *voel* dit was nie reg, maar dan sê ons dit op grond van 'n abstrakte idee van goedheid wat sweef bo die Amalekiete en Israeliëte en die God wat die opdrag gegee het. Aan wie of wat sou die God van Israel onderworpe wees?

Baie belangrik: As ons die uitroei van 'n volk *nou* nie goedkeur, dan is dit vanweë ***die nuwe handeling van God in Jesus Christus***. Deur wat Hy aan die kruis gedoen het word die heidene nou opgeneem in Israel. Uitroeiing van heidene kan nou eenvoudig nie meer goedgekeur word nie. Vanuit 'n nuwe moment in die geskiedenis word die norm vir goedheid dus anders. In Samuel se tyd was dit goed om heidene uit te roei, nou is dit nie meer goed nie.

God is soos Hy Homself openbaar. Dit moet onthou word. Ons kan nie sê Sy wese bly verborge agter Sy openbaring nie, dan ken ons God nie werklik deur Sy openbaring nie! Dan is dit geen openbaring meer van God nie. Al wat ons

weet van God is dit wat ons in die Bybel oor Hom lees. As jy voel Hy is nie so nie - waar kry jy dit? By Plato? Aristoteles?

As ons egter die openbaring van God, soos in die Bybel gevind, ernstig opneem as hoe God regtig is, kan ons met vrymoedigheid die volgende sê: *Op die moment dat God handel is Hy anders as tot Hy nie gehandel nie.*

Daar mag gevra word of God dan totaal willekeurig is? Maak Hy dan nou só en dan weer sus? Nee. God is getrou aan Sy verbondsbeloftes. En juis omdat Hy getrou is aan Sy verbondsbeloftes kan Hy "verander."

Hoekom? Wel Hy neem Sy bondgenote ernstig op! Hosea 11 is weer 'n goeie voorbeeld. Lees dit net weer rustig deur. In verse 5-7 lyk God se vernietiging van die volk na 'n onherroeplike besluit, maar God kan dit nie uitvoer nie. Hoekom nie? Nie omdat eksterne magte dit vir Hom onmoontlik maak nie. Nee, Sy eie hart verbied Hom! (vers 8).

God is nie 'n onbeweeglike rekenaar nie, maar die troue verbondsgod. Deel van Sy wese is veranderlikheid. As God aan Jona meedeel dat Hy Nineve gaan vernietig en dan afsien van Sy besluit, na Nineve se berou, maak Jona die volgende uitspraak in Jona 4:2 (O.A.V.): *Toe bid hy tot die HERE en sê: Ag, HERE, het ek dit nie gedink terwyl ek nog in my land was nie? Daarom het ek tevore na Tarsis gevlug; want ek het geweet dat U 'n genadige en barmhartige God is, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en Een wat berou het oor die onheil.* Hierdie uitspraak stem natuurlik presies ooreen met hoe God Homself aan Moses bekend gemaak het in Eksodus 34:6 en 7!

God is onveranderlik die God wat genadig, barmhartig, lankmoedig, goedertieren is en Een wat afsien van die kwaad. En daarom, omdat Sy wese onveranderlik só is, kan Hy in die omgang met Sy verbondsvolk, verander. Hierdie trou van God is die vaste punt. Die trou aan Homself en Sy verbond met die mens.

Maar dit beteken nie die geskiedenis loop pragtig in 'n reguit lyn nie, sonder hartseer, smart, verraad en lyding nie. Dit kan in geen formule vasgevat word nie. Lyding en skuld is huiweringwekkende werklikhede. Hoe werklik en hoe huiweringwekkend dit is kan 'n mens in die koerant sien en op die televisie.

As God 'n God van mense is, 'n God wat te make het met hierdie geskiedenis, dan is God 'n huiweringwekkende God. Soos reeds aangedui in ons eerste

hoofstuk, as God nie te make het met die geskiedenis van lyding en skuld nie, waarmee het Hy dan wel te make? Is God dan nog die God van die wêreld waarin ons leef?

Lyding en skuld is huiweringwekkende, onbegrepe en onbegryplike werklikhede van ons bestaan. Maar is die vreugde van die versoening wat aan die kruis bewerk is, nie ook huiweringwekkend nie? Wie kan die geheim van die versoening werklik begryp?

Die hele geskiedenis van God met die mensdom is een groot geheimenis. Geweldig en fassinerend. Die lewe self is immers 'n ondeurgrondelike geheimenis. Om 'n mens te wees op aarde, in 'n geskiedenis met God - wie sal ooit hierdie raaisel kan ontsluit?

Ons kan in onsekerheid poog om in die chaos van die wêreldgeskiedenis 'n plek te vind waar die middelpunt is, 'n middelpunt wat onbeweeglik is. Ons kan so vaste punt probeer skeep. Die ware God is egter *nie* 'n eenvoudige vaste punt nie. Ons God is die wisselende God van die Lewe, maar in die wisseling, die verandering is Hy die God wat onveranderlik trou is aan die geskiedenis van lewe wat Hyself geskep het.

Jesus Christus die keuse van God

God is 'n God wat in beweeglikheid Sy weg gaan deur die geskiedenis. Telkens neem Hy onverwagte beslissinge. Telkens neem Sy beleid onverwagte wendinge. Soos Jeremia dit stel: *Wat Hy gebou het breek Hy af, wat geplant het, ruk Hy uit* (Jer 45:4). Ons kan nooit uit die verlede Hom presies bereken nie. Hy roep nou 'n koning as 'n man na Sy hart. Dan weer laat Hy dieselfde koning sondig om Israel te kan straf. En as Hy besig is om die straf te voltrek, bedink God Hom en is die volk genadig.

God bewandel in ongebondenheid die weg wat Hyself gekies het, in absolute vryheid, deur niemand of niks beperk of begrens nie. Niemand skryf vir Hom voor nie. Niemand kan vra: "Wat doen U?" nie. Outonoom, as sy eie wet trek Hy spore deur die geskiedenis van die wêreld, sonder dat Hy gebind is aan menslike reëls. Hy is die God wat 185000 Assiriërs doodmaak om 'n handjievol Jode te laat juig (2 Kon 19:35). Hy is die God wat die brutale Jehu koning maak (2 Kon 9:1-6). Jehu laat 'n ou koningin rof uit 'n bovertrek se venster gooi en ry met sy perde oor haar. Hy roep 'n groot fees ter ere

van Baal met as enigste doel om die Baalpriesters af te slag (2Kon 10:18-36). Dit was nie eers 'n eerlike tweestryd soos in die geval met Elia en die Baalpriesters nie (2 Kon 9:30-37). Jehu in sy brutaliteit het een beginsel: "*Die doel heilig die middele*".

Dit kan tog nooit God se bedoeling wees dat 'n koning op so manier Israel se diens aan God herstel nie? In 1 en 2 Konings klink daar egter geen kritiek hierteen op nie. Dat Isebel verpletter word en deur die honde opgevreet is, is 'n oor deel van God. God het dit so besluit en so het dit gebeur (1 Kon 21:23). Jehu het nog meer eerbied vir haar as wat 2 Konings dink nodig is. Hy wil haar nog laat begrawe as koningsdogter (2 Kon 9:34), maar die Godsoordeel is reeds voltrek op 'n voldoende manier: die honde het die God gewilde taak volbring (verse 35-37).

Die slotsom oor Jehu se harde, en in ons oë verkeerde, optrede is dan ook nie: "Jy het wel jou bes gedoen, maar jy het darem te ver gegaan", nie. Nee, luister wat sê God oor Hom: "*Toe sê die HERE vir Jehu: Omdat jy goed gehandel het deur te doen wat reg is in my oë—volgens alles wat in my hart was, aan die huis van Agab gedoen het—sal jou seuns tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit*" (2Kon 10:30 O.A.V.).

Die geskiedenis van Jehu is slegs 'n voorbeeld. Ons sou ook ander gedeeltes kon neem, om aan te dui dat God se manier van optrede nie altyd voldoen aan ons begrip van reg en verkeerd nie. God is soms 'n ruwe God, grimmig en in ons oë wreed.

God is 'n ruwe God wat nie inpas by ons beskaafdheid nie. Maar God is ook 'n huilende God, wat nie die trotse selfbeheersing wat ons hoog ag aan die dag lê nie. Hy is ontroerd oor die ellende van Israel, wat Hy lief het. Maar die geweldige is dat Hy 'n "maat" liefhet wat nie vol deug is nie. Hy kies een wat nooit getrou en vol deug was nie. Hosea wys dit vir ons in die simboliese huwelik wat hy met 'n prostituut aangaan. Is dit 'n wonder dat dit met hierdie huwelik sleg gaan? Is die verbond tussen God en Israel nie van die begin af gedoem tot mislukking nie?

Wie sal ooit die Godsbestuur deurgrond? (Spr 30:4). Kyk, hoe meer jy die wêreld sien as skougrond van God se optrede, hoe onbegrypliker word God. Hoe meer jy die hele Bybel laat praat en nie net God laat doen wat jy vooraf besluit het Hy kan doen nie, hoe onduideliker word die Bybel. Met ander woorde hoe meer jy glo dat die hele Bybel werklik die openbaring van God is,

hoe minder weet jy wie God is. Natuurlik kon ons die openbaring beperk tot sekere gebeurtenisse in die wêreld. Ons sou dit kon beperk tot bepaalde tekste in die Bybel. Maar wat is die kriterium vir ons seleksie? Besluit ons dan nie weer self wie God is, en wat Hy mag en kan doen en wat Hy nie mag en kan doen nie? Dan het ons tog geen openbaring nodig nie! En wie is verantwoordelik vir dit wat ons nie wil insluit nie?

Ons kan God nie in 'n pakkie sit nie! Ons kan Hom nie opsluit in ons sisteem nie, selfs al is dit 'n sisteem van barmhartigheid en genade. God is altyd weer die gans Andere.

In die lig van dit alles kan ons nou vra: "*Kan ons ooit sekerheid hê oor wie en hoe ons God is? Is God nie so veranderlik dat ons Hom nie kan vertrou? Kan jy so God vertrou?*"

Hieruit vloei nog 'n vraag: "*Wat is die verskil tussen God en die toevallige loop van die gebeurtenisse?*"

Ons voel aan dat ons tog 'n vaste punt in die geskiedenis soek, 'n vaste punt in die handeling en spreke van God, waaraan die res gemeet kan word. As dié punt ontbreek is daar geen etiek moontlik, geen draad in die geskiedenis moontlik, en kan ons sê - is geen God moontlik nie? Ons het reeds gekyk na 'n konstante in die handeling van God, naamlik Sy getrouheid. God gaan nie absoluut willekeurig te werk nie. Hy het wel berou, Hy keer wel om, maar nooit heeltemal nie. Maar baie belangrik, in die laaste instansie is dit nie herroepbaar *dat* God wel gehandel het nie. Sy daad bly wel voortbestaan. Die hardheid van die feite is harder as die realiteit van 'n baksteen. 'n Baksteen kan nog verslyt, 'n feit uit die geskiedenis kry jy nooit weer weg nie.

As ons dit alles in gedagte hou kan ons sê dat God onveranderlik 'n *handelende en kiesende God* is. As God eenmaal die keuse gemaak het tot 'n daad wat effek het (en watter daad van God het nie effek nie?) dan kies Hy. Selfs as Hy later uittrek wat Hy geplant het, dan bly Hy die kiesende God, want dan kies Hy vir die ander moontlikheid.

Wat ons wel nou duidelik moet raaksien is dat *God nooit heeltemal nuut kies* nie. Sy keuse is nooit 180 grade anders as Sy vorige keuse nie. Iets van die oue gaan altyd saam.

Kom ons dink aan voorbeelde:

- Dink aan die sonvloedverhaal: God is spyt dat Hy die mens gemaak het en besluit om die mensdom te vernietig. Maar daar bly tog iemand oor.

Een familie.. Hierdie oorblyfsel word die nuwe begin.. Daar kom 'n nuwe mensheid maar hulle is verbonde aan die oue, op dieselfde aarde. Maar in die hemel het iets verander. Daar het 'n "nooit weer" gekom. 'n Beslissing het geval. God het besluit om nooit weer die water oor die aarde te laat kom nie(Gen 9:11 vgl. ook Gen 8:22). God kies dus opnuut vir wêreld. Hy het die ander weg as't ware probeer en nou teen dit gekies. Hy bly getrou aan Sy skepping. God is nou as't ware gebonde aan Sy keuse vir die wêreld, deur die verbond met Noag. Met ander woorde: Voor die sondeval het God nog die vryheid gehad om die aarde te vernietig en aan chaos oor te gee. Maar nou het God Homself gebind deur die verbond met Noag, Hy kan nie meer terug nie. God is gebonde aan Sy eie keuse, nie omdat die keuse van buite af op Hom afgedwing is nie, maar omrede die keuse voorkom uit Sy eie wese. Hy kies vir genade. In die verdere geskiedenis trek God hierdie lyn verder. As die mense na die sondvloed by die toring van Babel as't ware hulle eie toegang tot die hemel wil verkry - oordeel God. Die mensdom word verbreek in verskeie volke.

- As God Abraham roep, weer een man kies, dan bevestig Hy weer Sy keuse vir die volke (Gen 12:3, Gen 17, Gen 22)
- Dink aan die geskiedenis van Israel. Die uittog. Die woestyntog. Dit is telkens langs die rand van oordeel, langs die afgrond van ondergang waar God se woord meer en meer gelouter word. Meer en meer blyk dit wie God is, *in* die geskiedenis van Israel (vgl. Spr 30:5). Voor die aangesig van Farao en aan die oewers van die Rooi See, blyk Hy die reddende God te wees. Die een wat vir mense 'n aarde gee om op te leef. Hy wys dit deur die woestyn krisis heen, in die episode van die goue kalf en die teleurstelling van Kades Bernea (Num 14). Die Psalmdigters skryf ook oor hierdie lyn van God se trou (Vgl. Psalm 78:106).
- Die koningsgeskiedenis. Voortdurende ontrou, voortdurende krisis, maar ook voortdurende bevestiging van God se trou vir Israel. As Dawid koning word, is die woord van God deur vele krisis gelouter, selfs deur die krisis van die koningskap van Saul. Op 'n sekere moment het 'n spies 'n paar sentimeter van Dawid se kop in 'n muur bly vassteek...'n Paar sentimeter en dan was al God se beloftes daarmee heen. Dit is nie sommer geskiedenis nie, dit is die geskiedenis van die handelende God, wat Sy trou bevestig. Maar Hy bevestig dit nie op 'n vanselfsprekende, vlak manier nie, maar van krisis tot krisis, langs die

rand van ondergang. Op *die* manier het Hy die volk weer en weer gered, omdat God Sy volk nie in die steek wil laat nie. Want God het altyd weer berou oor Sy toorn.

- En dan die Ballingskap. Dit was dieselfde krisis wat die mensheid met die sondvloed beleef het. Maar weereens gaan God voort met 'n oorblyfsel. En die feit dat God 'n oorblyfsel red, soos 'n brandhout uit die vuur (Sag 3:2), wys dat God ook trou bly aan Sy belofte om die res van die mensdom, die wêreld te red. Na die krisis van die ballingskap is daar 'n nuwe verbond vir Israel (Jer 31:31-34), 'n nuwe handeling van God (Jes 43:9-21) nie alleen vir Israel nie, maar vir alle volke (Jes 49:6).

Daar is dus 'n groeiende toewending van God na genade en redding. Maar dit gebeur nie op 'n harmonieuse manier nie. Dit gebeur op die wyse van die God wat totaal vreemd werk. Die een wat werk in 'n "*zigzag lyn*". Maar in hierdie gebeurtenis wat rondskommel is daar 'n draaipunt. In die rumoerige gang van die geskiedenis is daar 'n Noag, Abraham, Moses, Dawid en Jesaja. God kan in verskeie rigtings beweeg, Hy kan steeds weer anders en anders werk, slaan en troos en soms totaal onbegryplik wees - maar telkens wys dit weer dat Hy vashou aan die beslissings wat Hy in Sy trou geneem het.

Die beslissings bevestig Sy trou.

So daar is vooruitgang in die geskiedenis. Dit is op pad na 'n definitiewe wending. 'n Wending waar die laaste beslissende keuse sou val. **Die keuse val in Jesus Christus.**

Jesus van Nasaret vereenselwig Hom met die verlore nes. Hy vereenselwig Hom met tollenaars en prostitute. Hy eet saam met hulle as teken van godsdienstige gemeenskap. Hy verkondig die aanbreek van die koninkryk van God en die vergewing van sondes. Die gemeenskap met die allerdiepste sondaars was vir Hom nie sommer net 'n lewenshouding nie. Dit was vir Hom die wyse waarop Hy deur Israel se God geroep is. Dit was die keuse van die God van Israel. Die keuse vir die uitskot, vir die Samaritane, die slette, die skelms, die afpersers, die brutale rowers aan die kruis.

God het 'n keuse gemaak vir Israel, vir die oorblyfsel van Sy volk. 'n Keuse vir genade. Volgens Jesus moes hierdie keuse so ver deurgevoer word, dat die

Goddeloses van die volk die eerstes sou wees in die koninkryk van God. Hierdie keuse was so radikaal dat die geloof van 'n Romeinse soldaat (een van die vuil Romeine - die onderdrukkers) vir Hom meer is as die van 'n vrome Jood (Luk 7:9). Hy hoor die stem van 'n die heidense vrou wat 'n hond was, maar eerste kon eet van die lewende brood van die gestuurde van God (Matt 15:21-28).

Hoekom? Jesus was oortuig dat dít die weg was wat God ingeslaan het: By die heidense vrou van Sarfat, by die vyandige generaal Naäman (Luk 4:25-27) - daar sien jy nou hoe God is. Jesus sê dat God so 'n God is, dat hierdie gestalte van die koninkryk van God, God se definitiewe keuse is.

Hiermee het Hy volgehou tot Hy aan die kruis vasgespyker is, totdat Hy moes sê: "*My God my God, waarom het U my verlaat?*" (Matt 27:46). In Jesus loop dinge vir die mens skeef. Hy het gekies vir die weg van die God wat vir sondaars is, Hy het die weg van daardie God geleef. En dit is nou daardie weg wat eindig in die dood. Aan 'n vervloekte kruis (Gal 3:13).

Hier openbaar God Homself nou as die harde God, wat nie alleen Jesus verlaat nie, maar daarmee ook die tollenaars en sondaars, die slette en verraaiers afwys. God is hier by wyse van spreke nie die God wat kies vir die siek bedelaar in die poort nie, maar vir die ryke in Sy prag en praal. God verlaat die man wat die melaatses red en stoot so die melaatse van Hom weg. God verlaat die man wat die dooies tot lewe roep en stoot so die sterwendes weg uit Sy nabyheid.

Vir niemand is daar in hierdie oomblikke hoop nie, want die dood het alles in Sy mag, en in die sterwende Jesus, wat die lewe vir mense gekies het, verlaat God almal wat die dood in die gesig moet staar.

Die trou van God kom hier onder die allerlaaste, die allerergste krisis te staan. Die krisis van die afwysing van die definitief verlorene. Die krisis van die dood. Dit lyk dus of God lank met Israel kon uithou, maar as hulle uiteindelik slette en verraaiers blyk te wees, laat Hy hulle in die steek. Los Hy hulle. Onthou, dit is wat Israel was. Jakob die bedrieër (Gen 25:26, Hos 12:4). Israel het 'n bedrieër as stamvader, een wat sy eie vader bedrieg uit eie belang. Dink net aan die geskiedenis van die Jode. Die stamvader Juda, verwek kinders by 'n prostituut, wat dan blyk sy eie skoondogter te wees (Gen 38). Ons sien 'n volk wat haarself as slet gedra (Eseg 16).

En nou, hier aan die kruis, blyk dit dat God hulle afwys, weggooi. Maar ook Naäman en die weduwe van Sarfat en die Siro-Fenisiëse vrou en die Romeinse hoofman word afgewys. Die heidene.

Aan die kruis van Jesus is dit alles of niks: 'n verlore wêreld word of gered of vergaan.

God is die God van sondaars of God verloor Sy Godheid.

Jesus sterf...

Die mens wat alle mense in Sy hart dra, is dood. Daarmee het almal gesterwe. Die geskiedenis van die mensdom het dikwels langs die afgrond heengegaan. In die dood van Jesus gaan die afgrond oop. Soos die Apostoliese geloofsbelydenis bely: "Neergedaal na die hel." Jesus gaan na die hel en die mensdom gaan saam met Hom na die hel. Die geskiedenis van die trou van God het dikwels op dun ys geloop. Langs die afgrond heen. Soms was daar 'n absolute breuk in Sy handeling en is Sy Godheid bedreig. Daar was egter altyd 'n oorblyfsel waarmee God weer Sy trou bevestig het.

In die dood van Jesus, die Een wat Sy naam bevestig, is die lyn van genade gebreuk. Die Godheid van God gaan onder. Die weg van die skepping, van Noag, Abraham en Dawid, die weg van die profete - loop dood.

Aan die kruis van Golgota sterf die hoop van die wêreld. Dit was stil in die hemel en op die aarde. Dit duur tot die derde dag. Drie dae was die tyd wat by wyse van spreke nodig was vir die "beslissing." Op die derde dag was dit die eerste dag van die week. Die dag waarop God gesê het: "*Laat daar lig wees.*" Op daardie dag het God gesien dat die duister nie goed is nie. En die duister was nie goed nie. En nou was die duister ook nie goed nie. God kon nie vir die duister kies nie. 'n Keuse vir die duister sou 'n verwerping van Homself wees.

God het die lig gekies. En Hy kies nou weer vir die lig. Hy kies Jesus as die lig van die wêreld. God wek Hom op uit die dood op die derde dag. Dit is deur die opwekking wat God wat Sy goedheid bevestig. Hy hou in stand dit wat Hosea al aangevoel het dat Hy nie kan verwerp nie (Hos 11:8).

God bevestig dat Hy Israel nie kan laat gaan nie. Hy bevestig daarmee ook dat Hy die wêreld nie kan laat gaan nie. Hoekom? Hy skep opnuut die lig. Hy bevestig dat Hy Jesus nie kan laat gaan nie. Hy doen dit nie op die rand van

die afgrond nie, maar *deur* die afgrond heen. Deur die dood heen, die dood van die kruis, die dood van die vervloekte, die dood van diegene vir wie God "Nee" gesê het. Die dood van die wat vereenselwig is met Jakob en Juda, met tollenaars en prostitute, met besetenes en verraaiers, heidene en goddeloses.

Deur hierdie allerdiepste krisis heen sê God uiteindelik "JA" vir die vervloektes. Hierdie mens is Sy mens. God bevestig dat Hy die God van hierdie mense is.

God bevestig hiermee natuurlik die weg wat deur die profete reeds aangekondig is: die ware kneg van die Here wat 'n lig vir die nasies sou wees. Die een in wie God Sy nuwe inisiatief ontplooi. Dit is Hy wat ons smarte gedra het en ons siektes op Hom geneem het. Dit is Hy wat onder die oortreders getel is (Jes 53:4,12).

Op Paasmaandag is dit vir eens en ewigheid bevestig dat God die God van absolute genade is. Die een wat red waar geen redding meer moontlik is nie. Hy bly getrou aan die keuse wat Hy maak. Hy kon Homself nie losmaak van Jesus nie. Nie omdat Hy gedwing is nie, maar vanweë Sy eie hart; uit sy eie wese kom dit op.

Dit is belangrik om te sien dat Jesus nie alleen, as 'n neutrale mens, die pad geloop, die weg ingeslaan het nie. *God* het gewil dat Hy (wat self God was) die pad van die kruis moes loop. God self het Sy Seun gestuur om *alles* van die Vader te openbaar! (Joh 1:18).

Die laaste openbaring van God Daar waar Sy wese openbaar word, is waar Jesus verhoog word aan die kruis, soos die slang in die woestyn verhoog is (Joh 3:14). Hy is die een wat die vervloektes en die tot die dood verdoemdes red deur die kruis. Maar die redding is die keuse waartoe God Hom gestuur het " *Want so lief het God die wêreld.....* (Joh 3:16).

Ons moet ook nooit dink dit alles was maklik nie. As ons Mark 14:32-42 lees sien ons dit is 'n sware stryd, waarin God van God verlate is! Luister: As God Homself identifiseer met Jesus, identifiseer Hy Homself met die gekruisigde. In die opwekking van Jesus word God self die gekruisigde God. Ons sien dat God gekruisig is, God die Seun. Hy bevestig dat die wonde deur Homself gely is. Hy bevestig dat die houe Homself getref het. Hy bevestig dat die dood Sy eie dood was. Wat die mense Jesus aangedoen het, het hulle

God aangedoen. Maar Hy het hulle laat begaan. Hy het Hom laat kruisig. Hy het Hom laat doodmaak.

In die verheerliking van Christus het God gesê dat Hy hierdie God wil wees, omrede Hy Hom met die gekruisigde vereenselwig. Dink so daaraan. Daar was 'n tyd toe die keuse voor God oop was om te doen wat Hy wil. Dit is hoe Hy, by wyse van spreke, toe God was. Maar Hy het Hom nou gebind aan Sy eie weg. Hy wou Homself bind. Niemand het dit vir Hom opgelê nie. Niemand het Hom gedwing om Sy seun te stuur in Jesus die gekruisigde nie. Maar Hy wou. Niemand dwing Hom om Jesus op te wek nie. Maar Hy laat Hom nie in die dood agter nie.

God het Homself nou gebind aan die vreemde weg van Jesus. Hy is nou die God van die heidene en van die Samaritane. Die God van die prostitute en die tollenaars. Hy is die God van die gekruisigdes en die dooies.

Ja, natuurlik het dit ook al geblyk uit God se daade in die verlede, maar nooit was dit so helder en nooit so omvattend en so definitief soos in Jesus nie. Ja, ons herken die God van Noag - maar baie meer intens.

Baie belangrik: As Jesus Christus die definitiewe openbaring van God is, is Hy ook die norm vir die goedheid van God.

Daardeur kom *alle* vorige keuses in 'n nuwe lig te staan. Ons het gesê dat daar geen kriterium buite God is vir wat goed is nie, geen kriterium buite Hom waaraan ons God se daade kan beoordeel nie.

Maar in Jesus Christus het daar 'n kriterium in God self gekom. God se norm is nou die keuse in Jesus. Ons kan nou sê dat dit wel in die dae van Saul goed was om die Amalekiete uit te roei en die opdrag aan Josua om die heidene te vernietig wat in die land Israel gewoon het.

Maar nou in Jesus kies God vir die heidene. Vanaf Israel is daar nou 'n oop deur na die heidene. Daar kan nie nou meer gekies word soos by Josua en Saul nie. Die opdrag van daardie tyd is die weg wat God nou self afwys.

Die grootste konsekwentheid van God se trou aan die wêreld in Jesus Christus, is daarom ook ter selfde tyd die grootste verandering, waarin alle ander keuses wat gemaak word nou onder die Goddelike NEE, kom. Ons het

reeds daarop gewys dat die openbaring en wese van God nie geskei kan word nie. *Op grond daarvan* kan ons sê dat God nou anders is. God het vir homself die moontlikheid toegemaak om die heidene te vernietig. God het vir Homself die moontlikheid toegesluit om mense in hul verlorendheid te los. God het vir homself die moontlikheid toegemaak om siekes te los. God het vir Homself die moontlikheid toegemaak om saam met die demone te werk.

Want God kies vir Jesus.

Dat die kruis van Jesus, soos bevestig deur die opstanding, beslissend is vir die wese van God, kan ook anders gestel word: die werk van Christus het ewigheidswaarde. Die waarde van Christus se kruis is nie alleen vir mense van belang as teken van opoffering nie. Die kruis versoen met God. Daar kom 'n nuwe verhouding tot stand tussen God en die mens. Ewigheidswaarde beteken dat dit die Ewige raak. Onthou daar is geen ander ewigheid as van Hom nie. Die werk van Christus is nie maar net een oomblik nie. Dit geld vir eens en altyd. Dit ontvang Goddelike bevestiging in die opwekking uit die dood. Dit was self Goddelike inisiatief.

God het in Christus die wêreld met Homself versoen (2 Kor 5:19). Dit is die laaste beslissende keuse.

In die lig van wat ons nou gesê het, kan ons nou iets sê oor die verhouding van die vorige modelle. Kom ons dink aan die gedagte dat **God die pottebakker** is. God het alle vryheid gehad om mense te vorm soos Hy wil. Maar sedert Jesus is dit nie meer moontlik nie. God kan nou alleen nog maar met mense omgaan om die manier van genade. Romeine 9 kan nie gelees word sonder Romeine 10: die verkondiging van die evangelie van die geregtigheid deur die geloof, en sonder Romeine 11 waar dit gaan oor die feit dat God nie Sy volk verstoot nie, maar Hom oor hulle sal ontferm.

Dit alles beteken natuurlik nie dat God se vryheid beperk is nie. Dit sou alleenlik die geval wees indien daar 'n eksterne mag buite God was wat Hom daartoe gedwing het. Hy is alleenlik daartoe gedwing deur Sy eie liefde.

As ons praat oor die **voorsienigheid** van God kan ons nooit meer anders daaroor praat as wat die Heidelbergse Kategismus dit dan ook doen nie: via die Vaderskap van God in Jesus Christus. God deel nie sommer willekeurig uit

nie, as Hy die agtergrond is van ons hele bestaan, dan is dit altyd gerig op die redding van sondaars - op hulle heil, op hulle genesing, op hulle lewe. Die voorsienigheid van God is sedert die kruis van Golgota nie meer die Voorsienigheid in die algemeen nie, maar die Voorsienigheid wat nie anders kan handel en spreek as in die Gees van Jesus Christus nie.

God kon eenmaal die **straffende regter** wees. Hy kon die wêreld verswelg in die vloed. God kon die Amoriëte uitroei toe die maat van hulle sonde vol was (Gen 15:6) en Sodom verteer toe daar nie 10 regverdiges in was nie (Gen 18:32; 19 :24 e.v.). Maar nou het Hy die gerig oorgegee aan Jesus, die een wat God se gesag nou verteenwoordig (Hand 17:31). Jesus Christus is nou die regter van die wêreld wat sit aan die regterhand van God. Die oordeel oor sonde is in die hande van die een wat sonde gedra het. As iemand ly en die lyding sien as straf op sonde, kan ons hom net verwys na Jesus wat die beslissing het oor hierdie straf. Hy is die een wat sondaars vergeef en siekes genees (Mark 2:1-12). Hy reageer nie meer op sonde deur vuur uit die hemel nie (Luk 9:52-56 vgl. ook Joh 8:11).

As ons lyding sien as **die kastyding, of dissipline van die Vader**, dan is die kastyding of dissipline nooit meer los te sien van die God wat self ons sonde gedra het nie. Die een wat deur Sy wonde vir ons genesing bring nie. Al ons ongeregtigheid het op Hom neergekom (Jes 53).

As ons dink aan die **wonderlike weë van God**, kan ons nou weet: Wat jou omstandighede ookal mag wees, moet tog nooit dink God verkoop jou nie. Hy verkoop nie, Hy koop. (1Kor 6:20). As jy twyfel, kyk na Golgota. Daar het God die minus van sonde deurkruis tot die plus van Sy genade.

As ons die kwaad in die wêreld sien as **menslike skuld**, dan kan ons dit nooit meer sê sonder om te dink aan die een wat die skuld versoen het nie. Die mens staan nie los van God in eie ondraaglike verantwoordelikheid nie. God het self die menslike verantwoordelikheid in 'n menslike gelaat op Hom geneem.

As ons die Satan sien as **demoniese mag wat stry teen God**, dan moet ons daaraan dink dat daardie mag in die eerste plek nie los staan van God nie. Hy was nooit meer gewees as God se hond aan 'n ketting nie! Hy het nooit mag gehad sonder die mag wat aan hom gegee is nie. In die tweede plek moet ons

daaraan dink dat God definitief "NEE" gesê het vir daardie mag. Hy is geoordeel. Hy is uit die hemel gewerp. Hy is deur God afgewys en kan en sal nie meer bestaan in die 'deur God gewilde nuwe skepping' nie. So definitief soos God "JA" gesê het vir die wêreld in Jesus Christus, het Hy "NEE" gesê teen sonde en die duiwel.

As ons praat oor die **toelating van God**, dan laat Hy geen ander dinge toe as die realisering van Sy ryk in Jesus Christus nie.

God is die **almagtige**. Maar Hy het besluit om die almag aan te wend vir die vervulling van die weg van Christus, omdat die weg Sy eie weg is. Almag van God is nie meer dat God alles in die algemeen kan doen nie. Nee, Hy kan alles laat realiseer wat Hy wil. En Hy wil Christus. Die almag van God is gebonde aan die liefde van Christus soos die **goedheid** van God nie meer die volstrekte oop goedheid is nie, maar die 'deur die kruis van Christus gevulde' goedheid is.

Ons bly nou met bloot die laaste model oor: **God is anders**. Ja, inderdaad is dit die enigste wat oorbly, maar dit kan en mag nooit los gesien word van die ander modelle nie. As God die verkiesende God in Christus is, dan is dit nooit los te sien van die God wat in die begin alle moontlikhede voor Hom gehad het nie. Dit is uiters belangrik.

Net omdat God die Pottebakker is en ons die klei, word die verkiesing in Christus wat dit is: 'n Vrye Goddelike keuse. As ons net maar sê God is Jesus en Jesus is God, laat ons nie reg geskied aan die hele geskiedenis wat God geloop, het in Sy diepste wese, tot op hierdie punt nie.

God het 'n geskiedenis agter Hom waar Hy gedurig afstand gedoen het van Homself, van alle moontlikhede, tot net die een moontlikheid oorgebly het, naamlik die keuse van Jesus Christus. God het 'n geskiedenis agter Hom, waar Hy die eerste keuse wat Hy gemaak het, bevestig het tot die einde toe: die keuse vir die skepping, wat die keuse is vir die mens.

Die belydenis: God is Jesus Christus, sê daarom te min. Om te sê God is die allesomvattende bron, is ook te min. Om net te sê dat God soewerein is en maak wat Hy wil is te min...

Ons moet bely dat God, die almagtige God, die Skepper van hemel en aarde Homself in Sy Seun, Jesus Christus uitgespreek en geopenbaar het as die God wat die God van genade wil wees!

Anders gestel: God kan en wil die wêreld nooit meer los sien van Jesus Christus nie. God se verhouding tot die wêreld in Christus, *is* Sy werklike verhouding tot die wêreld. Alles wat is, is geskape om nou in daardie verhouding tot God te staan. Die hele wêreld is 'n wêreld wat staan onder die lig van genade.

In die Nuwe Testament sien ons iets geweldig. Veral in Efesiërs en Kollesense. In Efesiërs lees ons van die geheimenis wat geopenbaar is (1:9). Ons sou dit só kon verklaar: God het vantevore alreeds alles geweet wat in Christus geskenk wou word, maar Hy het dit nou eers openbaar. God het dit met ander woorde net eers agtergehou.

Ons het egter reeds hierdie gedagte afgewys, aangesien die heilsgeskiedenis tot op Christus dan 'n speletjie word, met al die lyding, skuld en dood van miljoene as deel van die speletjie. Die geheimenis waarvoor Efesiërs praat gaan dieper. Dit verwys na dit wat God *altyd in die diepste van Sy wese gewees het en gewil het*, maar wat nou eers in *die loop van die geskiedenis*, in Christus vervul is, gestalte gekry het.

Efesiërs 1 wys ons op die konsekwentheid van God se handeling, van voor die grondlegging van die wêreld af (vers 4), maar die konsekwentheid word eers werklikheid in die geliefde (vers 7), in die Geliefde Seun in wie die verlossing is (vers 13 e.v.) deur Sy bloed (vers 7). Die weg wat op Christus uitloop is alreeds aanwesig in die oorblyfsel van Israel. Ons sien dit reeds toe God ook in Rehabeam, die huis van Dawid nie verwerp nie (1Kon 11:13;12:17). Dink aan die feit dat Hy reeds in die beloftes aan Abraham aandui dat die beloftes in Christus vervul gaan word (Vgl. Gen 12:3, Gal 3, Ef 2:14-22).

Dit gaan al verder terug. Reeds in die trou van God aan die skepping in die verbond met Noag, sien mens die weg wat uitloop op die Seun.

Ja, in Efese en Kolossense sien jy God se keuse vir die wêreld in Christus het reeds bestaan voor die skepping van die wêreld! En eerste woorde: "Laat daar lig wees", praat alreeds hiervan!

Ons sien nou ons eers werklik wie God van alle ewigheid af gewees het! Ons sien nou wie die skepper van die wêreld is: JESUS CHRISTUS.

Die Gees se tydsame werking

Ons het gesien dat God in Jesus Christus die laaste beslissende keuse gemaak het. In Christus het Hy die beslissende keuse gemaak om nie 'n ander God te wees as die God wat sondaars red, hulle siektes genees en die ewige lewe gee nie.

In die lig hiervan kom die vraag natuurlik op: "Waarom dan nog soveel sonde, siekte lyding en ellende?"

Hierdie dinge het nie verbygegaan na Jesus se opstanding nie. Inteendeel, deur Christus word die sonde en lyding eintlik eers werklik geopenbaar vir wat dit is. Dit is nou eers duidelik dat enige ander pad 'n pad weg van God is. So byvoorbeeld is dit in Christus nou duidelik dat die weg van die uitroei van volke nooit meer die weg van God kan wees nie, dat elke volksmoord onder die Goddelike "Nee" val. Dit geld ook vir siekte en dood.

Toe God in Christus tot die allerlaaste toe kies vir lewe en die versoening van mense, toe word alles wat die heelheid van mense bedreig, alles wat die vrede van hulle bestaan aantast, 'n antigoddelike mag wat God definitief verwerp het.

Tog gebeur hierdie dinge terwyl Christus die Here is. Volgens Paulus sit Hy as Here aan die regterhand van God, die regterhand wat sterk is en bevrydende dade verrig. Alles is volgens Paulus aan Sy voete onderworpe (1 Kor 15:27).

Maar as dit so is, as alles onderworpe is aan Sy liefde, vrede, lewe en lig, waarom heers die haat, die gebrokenheid, die dood, die duisternis? Onthou, ons moet ook die gegewens oor sonde en lyding na Christus in gedagte hou. Ons kan nie net bly by die gegewens in die Bybel nie. Ons het ook gesê dat die *geskiedenis* van God se handelinge met die wêreld beslissend is vir wat ons oor God sê. Ons moet die feitlikheid van die gebeurtenisse as weerspieëling van God se dade as uitgangspunt neem. Alleen as dit gebeur, hou ons wat ons sê oor God, konkreet.

Ons moet dus die feitlikheid, naamlik dat die wêreld gebuk gaan onder die kwaad, as vertrekpunt neem. Wanneer ons dit doen kom ons egter tot die

gevolgtrekking dat daar oënskynlik ná die opstanding van Christus geen definitiewe deurbraak van God se ryk na die wêreld plaasgevind het nie. Blykbaar geld die lewe en vrede vir Hom, maar nie vir alle mense nie.

Die Nuwe Testament self, ken hierdie problematiek. Die einde het nie onmiddellik aangebreek nie. So byvoorbeeld het die gemeente van Tessalonika moeite gehad met die gedagte dat die dood nog heers (2 Tess 4:13-5:3). En in die tweede brief van Petrus lees ons dat God as't ware tyd nodig het omrede Hy nie wil hê dat sommige verlore sal gaan nie (2 Pet 3:9). Namate die tyd ná die opstanding van Jesus al langer geduur het, sonder dat die einde aangebreek het, het die besinning rondom die vraag waarom die einde so lank wegbly al dringender geword. Veral Lukas hou homself baie dringend hiermee besig.

Lukas se antwoord is dit: Tussen die opstanding en die *eschaton* (einde) is dit die tyd van sending. Die keuse van God in Jesus Christus moet aan die wêreld bekend gemaak word. Tot die eindes van die aarde moet dit deurdring *wat* God se keuse is.

Op die Areopagus van Athene moet verkondig word dat Jesus die regter van die wêreld is (Hand 17:31), net soos in Jerusalem (Hand 2:36), in die provinsie van Klein Asië (Hand 13:13-14:18) en in Rome (Hand 28:31). Die dissipels word apostels, uitgestuurdes. Die opstanding van Christus is evangelie, goeie nuus, wat deurgegee moet word.

Baie duidelik is die verkondiging van die evangelie volgens Lukas nie 'n menslike inisiatief nie, maar 'n Goddelike inisiatief. Dit is selfs *geen* menslike werk nie, maar 'n Goddelike werk, waarby mense ingesluit word. In die boek Handeling maak hy dit dan ook reeds in die eerste vers van hoofstuk 1 duidelik dat sy eerste verhaal (die evangelie volgens Lukas) opgestel is "oor alles wat Jesus begin doen en leer het" (O.A.V.). Die implikasie? Wat hy nou gaan skryf is dit wat *Jesus* (God die Seun) voortgegaan het om te doen en leer! Jesus sit natuurlik Sy werk voort deur die *Gees*.

Die verkondiging van die evangelie is dus is die werk van die *GEES*. God die *Gees*. Die boek Handeling begin dan ook met die wag op die *Gees* en Sy uitstorting. Hy is die dryfkrag van sending. Daarom is die tyd tussen die opstanding en die einde die tyd van die Heilige *Gees*. Die *Gees* is Goddelik aanwesig, Hy verskyn in vuur en wind, die tekens van God (Psalm 18:9,11).

As die Gees verskyn begin Petrus praat. Hy verkondig Christus as die beslissende wending in God se handeling. Wie Christus verwerp, mis alles. Deur die Gees vervul preek Stefanus oor die heil in Christus (Hand 7:55) en ongehoorsaamheid aan die boodskap van die evangelie is die weerstaan van die Gees (Hand 7:51).

Die Heilige Gees neem die inisiatief in die sendingreis van Barnabas en Paulus (Hand 13:2-4). Die boek Handeling is die boek van die Gees. Die geskiedenis van die kerk is die geskiedenis van die Gees.

Wat die Gees doen is om die beslissing wat in Christus geval het bekend te maak in die wêreld *deur middel van* mense en via menslike geskiedenis. God se keuse moet aan die wêreld bekend gemaak word deur mense.

En dit vat tyd. Dit is 'n proses. Dit is belangrik om te verstaan dat God se keuse nie net opgesluit is in Hom (Sy ewige raad) nie. Dan was dit nie regtig 'n keuse vir die mens nie. Die *openbaring*, die bekendmaking van die heil in Christus, is net so 'n Goddelike werk soos die beslissing van God. Die geskiedenis van die *verkondiging* van die evangelie is nie minder Goddelik as die kruis en die opstandig nie.

Anders gestel, die keuse van God om God te wees om die wyse van Christus, sluit die keuse in van God om God te wees om die wyse van die Gees. Die keuse van God in Christus is die beslissende keuse om met mense deur te gaan. Die keuse van God in die Gees is om mense te laat deel in hierdie beslissing. As mense nie daarin deel nie, is dit geen beslissing vir mense nie!

As God natuurlik kies vir mense dan kies Hy vir die menslike geskiedenis. Dan tree God in die geskiedenis van mense in. Mense word Sy tempel, 'n woonplek van God in die Gees (Ef 2:21-22). Die aktiwiteit van die Gees geld egter nie alleen vir die verkondiging nie. Die heil van Christus moet nie net gehoor word nie, dit moet gerealiseer word.

In Handeling gaan verkondiging en realisering hand aan hand. As God in Christus gekies het om die God te wees wat siekes genees, dan word dit gerealiseer deur die Gees. Hy vervul dan ook die apostels só, dat hulle in die Naam van Jesus, tekens doen. 'n Teken verwys na iets wat nie sigbaar is nie. 'n Teken is 'n simbool om jou aandag te vestig op 'n werklikheid wat nie sigbaar

is nie, waarvan jy nie weet nie (’n padteken staan byvoorbeeld vir ’n draai in pad wat jy nie nou al kan sien nie).

Dink aan die genesing van die kreupel man in die Skone poort (Hand 3). Ons aandag word hier gevestig op die gedagte van *omvattende herstel, heelmaking van die skepping*. Dis interessant dat Lukas hier in 3:16 ’n Griekse woord gebruik wat *volledige genesing* beteken wat nêrens anders in die Nuwe Testament voorkom nie. Die man is volmaak gesond, hy het niks oorgehou van sy ou gebrek nie. Hy bewys dit prakties deur te spring. Petrus verduidelik die implikasie en betekenis van hierdie man se dramatiese genesing. Hy gebruik dan twee terme wat te make het met omvattende herstel. In vers 19 praat hy van “tye van verkwikking” (O.A.V.) en in vers 21 van die “wederoprigting van alle dinge.”(O.A.V.). Hy trek dus ’n lyn van hierdie man se genesing na die totale kosmiese herstel wat uiteindelik gaan plaasvind. Dit is ook interessant dat Petrus in hoofstuk 4, wanneer hy reflekteer oor die wonder van die kreupel man, dieselfde werkwoord gebruik om beide die fisiese genesing van die lam man te beskryf (4:9) en die omvattende redding waaraan elke mens behoefte het (4:12). Hierdie man se genesing word dus geplaas in die raamwerk van die omvattende verlossingswerk, herstelwerk wat Jesus kom bewerk het en wat die Gees nou realiseer.

Minder breedvoerig word daar geskryf van ander genesings, selfs deur kledingstukke en die skadu’s van apostels (Hand 5:12-16; 19:21). Die oorwinning oor die dood word bevestig in die opwekking van Dorkas (Hand 9:36-42) en van Eútichus (Hand 20:9-12). Die slang, die simbool van die demone, word onttron daar waar die Gees werk (Hand 28:3-6).

Waar die Gees werk verander die verhoudinge tussen mense ook. Hulle leef nie net meer vir opgaar en die self nie, maar vir mekaar (Hand 4:32-37). Die Gees gee gawes aan die mense. Die gawe van genesing, en profesie en van geloof (1 Kor 12:4-11). Die gawes wat die Gees uitdeel is egter die gawes wat Christus aan die mense gegee het (Ef 4:7-13).

Deur die Gees word die nuwe bestaan in Christus, die nuwe lewe na die wil van God, wat in Christus aan die lig gekom het, gerealiseer in die wêreld. Alle mense moet op hoogte van die heil van God gebring word.

Mense moet die hele proses nog deurgaen om te kom waar Christus reeds gekom het, en die drywende krag van hierdie proses is die Heilige Gees. God die Heilige Gees. God self het die inisiatief geneem om mense in die heil van

Christus te laat deel. God self begelei hulle nou op hierdie weg na die *eschaton*. God self realiseer dus die beslissing wat Hy in Christus geneem het in die wêreld. God self is betrokke in die in die proses waarin mense betrokke is.

Die weg van die *Gees* is net so beslissend vir die *Godheid van God* as die kruis en opstanding. As God nie die keuse wat Hy gemaak het realiseer nie, dan word die keuse óf onwaar óf God is nie by magte om dit te realiseer wat Sy diepste wese is nie. In beide gevalle kom die *Godheid van God* in gedrang. In die eerste geval is God nie konsekwent nie en word Sy eenheid vernietig. In die tweede geval is daar 'n mag wat groter as Hy is.

Dit is belangrik dat ons sal sien hoe die *drie-enige God* hier betrokke is. Hy is die Vader as die onbegrensde moontlikheid, die bron waaruit alles kan ontspring. Hy is ook die Seun, die beslissende keuse, sonder wie God geen God sou wees. Maar, Hy is ook die *Gees*, die drywende krag van die realisering van God se keuse, sonder wie die *Godheid van God* in Jesus Christus nie kan bestaan nie.

God is dus moontlikheid, keuse en realisering.

Ons moet natuurlik nie dink dat die *Gees* net na Pinkster op die toneel verskyn nie. Die *Gees* is al die aanwesigheid van God, van die begin af. As daar 'n begin kom, is dit deur die Heilige *Gees*. As God besluit om die wêreld te skep dan is dit Sy Goddelike krag, wat hierdie keuse laat realiseer. Sy *Gees* gaan uit en sweef oor die water en skep die lewe (Gen 1:2; 2:7.) soos die *Gees* steeds weer en weer uitgaan om lewe te skep (Psalm 104:29 e.v.). Die *Gees* van God is besielende krag, wat lewe moontlik maak, wat die wêreldgeskiedenis lei, die profete laat praat en konings besiel.

As God die eerste keuse maak en besluit om dit te laat realiseer in die skepping van die wêreld, dan kies God vir die tyd, vir 'n proses vir die lewe - nie alleen van die wêreld nie maar ook van Homself, as die bron wat alle lewe voed.

In elke keuse van God is die realisering daarvan 'n keuse om God te wees op die wyse van die Heilige *Gees*, as die God wat die krag is om 'n skepping, om lewe tot stand te bring.

Belangrik: Sodra God 'n besluit neem, is Hy die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees: moontlikheid, keuse en realisering.

Ons het reeds gesien dat daar in die eerste keuse van God vir die mens, reeds 'n *definitiewe*, beslissende keuse vir die mens reeds opgesluit lê.

Daarom lê daar in die asem wat God in Adam blaas, reeds die keuse om Gees uit te stort op alle vlees! Interessant, dieselfde woord vir die asem wat in Adam geblaas is (in die Griekse vertaling van die Ou Testament) word gebruik vir die wind van die Gees in Handeling hoofstuk 2!

In die eerste keuse van God vir die mens lê die skeppingsmiddelaarskap van Christus reeds geborge. In die sweef van die Gees oor die waters lê reeds opgesluit die reikhalsende verlanse van die skepping na die *eschaton* (Rom 8:19).

Die hele weg van die Gees is die weg wat *uitloop op* die lewe van Christus.

Die Gees is ook die een wat betrokke is by die geboorte van Jesus. Ontvang van die Gees, as realisering van die Goddelike keuse, word Jesus gebore. Die Gees is dus God, wat die geskiedenis van God se handeling in die wêreld, realiseer na Christus toe - na die beslissende keuse waarin God tot die einde toe trou wil bly aan die mens. Ons kan ook sê: God is getrou aan Sy eerste handeling, trou aan Sy eie begin. God is getrou aan die proses wat Hy begin het toe Hy die aarde en aardse tyd in die lewe geroep het deur die Gees. *Daarom is die Gees van die begin af die Gees van Christus!*

Maar nou: Ons het ook gesien dat die weg van God na Christus geen gelyk pad was nie. Jy kan hierdie weg eintlik net uitken as God se weg as jy dit teruglees vanaf Christus. Dit is 'n weg wat langs doodloopstrate geloop het. Dit is 'n weg waarop toorn en ondergang plaasgevind het. Dit is die weg waarop volke die dood ingegaan het.

Onthou, waters van die sondvloed was net so die werk van God as die asem van Adam. Die Gees is nie alleen die Gees wat een koning besiel vir sy taak (1Sam 16:13) nie, maar is net so die Gees van God wat 'n koning kranksinnig maak, totaal ongeskik om 'n volk te regeer (1 Sam 16:14-23).

Die Gees is die Gees van die waarheid (Joh 16:13), maar voor dit was Hy ook die Gees wat 'n leuengees in die mond van Agabus geword het (1 Kon 22:21 e.v.).

Wanneer God Sy Gees uitstuur word mens en dier geskape, maar as dieselfde Gees van God blaas oor die veld dan verdor die gras en word alle vlees soos die gras (Psalm 103:15 e.v.). Jy sal saamstem, die weg van die Gees as die realisering en openbaring van die weg van God se handeling van die skepping op pad *na* Christus is geen reguit lyn nie. Die Gees gaan waar Hy wil. Onberekenbaar, soos die God van Israel onberekenbaar blyk te wees.

MAAR: Daardie onberekenbare op en af, heen en weer lyn, loop uit op Betlehem en Paassondag. Langs die onberekenbare op en af, heen en weer lyn van die geskiedenis kom God deur die Gees tot die openbaring van Sy Godheid in Christus. Die Gees as Goddelike Gees beweeg na die doel via uiters vreemde weë!

Die probleem is dat hierdie toedrag van sake blykbaar nie verander het nie. Kyk, as dit die doel van die Gees van God is om God se keuse vir lewe, vir vergewing, vir genesing, vir die redding van verlore nes te realiseer - dan blyk die weg van tweeduisend jaar se kerkgeskiedenis net so vreemd as die weg van vierduisend jaar se geskiedenis van Israel!

Dit is belangrik om die volgende perspektief te hê. Ons sou kon sê dat die Gees vir ons die evangelie van Christus kom verkondig, maar op dieselfde tyd moet Hy ons bring waar Christus reeds is. Ons kan sê *in Jesus* het God reeds Sy trou aan die wêreld bewys. Hy het in Hom reeds die nuwe werklikheid, die *eschaton*, die einde bereik. Maar *in die Gees*, moet God se trou nog bevestig word.

Die res van die wêreld moet nog kom waar Christus is. Ons moet nog kom waar Christus is.

Die einddoel van die pad wat die Gees loop is dus vas en duidelik. Die pad self is egter nie iets wat op deterministiese wyse net aftik nie. Die pad is by wyse van spreke oop....

Die pad wat die Gees moet beweeg het aan die een kant makliker geword ná die opstanding maar aan die ander kant moeiliker. Die Gees kan nou nooit weer anders as om die pad wat geloop word met die wêreld só te loop dat dit gaan om God se keuse in Christus nie. Dit moet so geloop word dat dit gaan om redding, vergewing en genesing... Romeine 8:28 moet altyd realiseer. Alles moet meewerk om ons te verander na die beeld van Christus.

Hierdie weg wat God reeds in Christus bereik het, moet Hy met mense bereik, maar Hy moet as't ware met hulle weer aan die begin, begin. So die pad wat geloop word met mense is die pad via 'n slaande hand, en duisende sterftes, via leeus en brandstapels en tsunami's en kanker en plaasmoorde. Só gaan God die Gees deur die geskiedenis op pad na die realisering van die heil. Om mense te bring waar Christus is. Hulle moet die pad agter Hom aanloop...

Jy kan beswaar aanteken en sê: "Ons kan nie só oor die weg van die Gees praat nie, dit klop nie met die liefde van God nie." Die punt is: Dit is die realiteit. Werklikheid.

Dit is die realiteit van mense meer as 2000 jaar na Christus, net soos 1000 jaar voor Christus. As dit die Gees van God is wat in die wêreld realiserend werk, dan handel God ook nou deur bloed en tranes heen. Punt.

Anders gestel: Die mense wat na Christus kom gaan die weg wat Hy voor hulle gegaan het. En die wat Jesus Christus navolg gaan by uitstek hierdie pad.

Kom ons maak dit duidelik: Die **merkwaardige weg** wat God met die wêreld loop, het **nie verander** na die opstanding nie.

Maar daar is **iets wat verander het**. God is nou anders. Hy het vir altyd en altyd nou gekies vir ons heil. As gelowiges kan ons daaraan vashou! En daar is daarom 'n verandering in wat ons verkondig: Daar is hoop! Jesus het ons voorgedaan en Hy het die pad gestap van lyding, ja, selfs Godverlatenheid en die dood - só het Hy na die heerlijkheid gegaan.

As die weg van Jesus, wat deur die Gees gelei was, die weg van lyding en ondergang was, *dan is die weg van lyding en ondergang die beste versekering vir die heerlijkheid wat wag*. So, juis as ons daardie pad loop, kan ons weet dat dit nie 'n vreemde Gees is nie, maar die Gees van Christus.

Dit gee wonderlike vertroosting.

Tog kan ons nie verbykom by die realiteit dat dit lyk asof die koninkryk van God, met alles wat dit behels, al meer van ons wegvlug nie!

Hoekom kan ons bly glo in God?

- In die eerste plek omrede dit uit die geskiedenis van God se handeling geblyk het dat Hy getrou bly.
 - Dink aan die aarde wat verrys het uit die sondvloed.
 - Die onvrugbare Sara kry 'n seun.
 - Israel word bevry uit Egipte.
 - Israel keer terug uit Ballingskap
 - God wek die mens wat alle mense in Sy hart dra op uit die dood as versoening van alle sonde. God het Hom nie aan die verderf oorgegee nie, maar Hom opgewek in heerlijkheid.
 - Tweeduisend jaar waarin die kerk dikwels gefaal het, het nog nie die ondergang van die kerk gesien nie, net so min as wat vierduisend jaar se faal van Abraham se nageslag Israel se finale ondergang bewerk het.

K Dit gee troos, maar verskriklike dinge gebeur in hierdie tydperk. *"Is God nog God as Hy net uthou met al die dinge wat in hierdie tyd gebeur? As die keuse van God vir liefde, vrede, geregtigheid en lewe nie bevestig word nie?"*

- Ons moet daarom byvoeg dat die geskiedenis van God se trou, *nooit 'n reguit lyn* was nie. Sy redding het altyd deur gebrokenheid heen gekom. God bewys Sy Godheid altyd op die rand van die afgrond.

Dink: net

- 1 familie oorleef die sondvloed.
- Israel word gered via 'n kindermoord en slawerny en die waters van die Rooi See.
- Dawid word koning nadat hy by die Filistyne aangesluit het. (1 Sam 29)
- God het self Sy eie godheid bewys deur ondergang heen, toe Sy trou gebreek was in die godverlatenheid van Jesus aan die kruis en Hy Hom op wek uit die dood.
- As ons kyk na hoe God se trou steeds tot openbaring kom, as die *nie-verwagte trou* - dan is daar alle rede om hoop te hê vir 'n wêreld wat nie na God vra nie.

As ons lewe in 'n tyd waarin ons wil uitroep: *"Waar is Hy... Waar is die God wat in die Ou Testament so kragtig opgetree het?"* (vgl. ook Jes 63:11,12,15). As ons uitroep wat in Jes 64:1 staan, en selfs nie meer krag het om te roep nie, is daar rede vir hoop dat God sal sê: Hier is Ek! (Jes 65:1).

Kyk, as die Heer van die kerk en die Heer van die wêreld deur Godverlatenheid heen die heerlikheid bereik het, kan ons iets anders verwag as dat die kerk en die wêreld die heerlikheid sal bereik deur Godverlatenheid heen?

Daarom lê ons hoop juis nie in die positiewe tekens nie, maar in dit wat ons uitken as die weg van die Gees! (Vgl. ook weer Joh 15:20)!

Ly jy, kry jy swaar? Die Gees van God is aan die werk in en deur jou! Lees net weer 2 Kor 4:7-5:10. Wat vir die enkeling geld, geld ook vir die wêreld. Die ondergang van die wêreld is die begin van die heerlikheid (2 Pet 3:10-13).

- Daar is nog 'n derde rede waarom ons bly glo in God. Dit is eintlik die sterkste rede. God is persoonlik by ons betrokke. Hy bly met ons praat. Hy het ons harte aangeraak en laat ons nie los. Ons bly glo - al lyk dit totaal gek en onverklaarbaar om te glo. Die Gees werk geloof selfs in die verbolgendheid van die Godverlatenheid. Daar kan baie voorbeelde genoem word. Dink aan Job en Joni Ereckson en ander. Is dit nie wat God aan die kosmos wys - dat mense in Hom bly glo juis as hulle niks daaruit kry nie?

Ons kan natuurlik vra: "*Waarom is die weg na God se koninkryk nie 'n reguit lyn nie?*" Wel in die eerste plek kan ons bloot net antwoord:

- Dit blyk die manier te wees wat God handel. As Hy altyd so gehandel het in die geskiedenis, is dit die sekerste rede waarom Hy weer so sal handel.
- Tweedens omrede die weg van Christus geen reguit lyn was nie. As Jesus God se beslissende keuse is, waarin God vir die mens kies, is die vraag of God dan ooit anders vir die mens kies as via die kruis en verlatenheid na vreugde, via oordeel na heerlikheid?
- As God in die laaste instansie die God is wat kies vir genade, vir die redding van die goddelose, as God kies vir die absoluut verlore nes - kan Sy keuse ooit anders openbaar word as deur die verlatenheid heen? Word genade nie eers genade as daar geen draad meer te vind is waaraan ons kan hang nie? Word Goddelike, absolute redding nie juis sigbaar waar mense absolute verlore is nie? Is die afgrond waardeur die wêreld gaan, waardeur die Heilige Gees die wêreld lei, nie die basis

waarop die godheid van God in Christus berus nie? Dit is 'n riskante basis. As die Gees die wêreld in verlorendheid los, dan is dit die einde van die wêreld en die einde van God. Maar dit kan nie anders nie. Alleen dan kan God die reddende God wees, die absolute redder wat Hy is, nie omdat Hy dit moet wees nie, maar omdat Hy so wil wees.

Maar daar is nog iets wat ons moet onthou, as ons kyk na al die ellende, kwaad, sonde rondom ons en dit probeer rym met God en Sy keuse, Jesus Christus. As God getrou is aan Homself in Jesus Christus, soos ons nou gesien het, is Hy nie alleen getrou aan die pad wat na Jesus gevoer het nie, **maar dan is Hy ook getrou aan die Gees, dit wil sê aan al die prosesse wat aan die gang gesit is in die wêreld waarin die Gees Sy zig-zag pad gevind het.**

Hy is dan getrou aan die "stryd om lewe en die oorlewing van die sterkste." Hy is dan getrou aan die uitstorting van Sy toorn en aan die sonde van mense. Want so het die Gees gewerk, met alle moontlikhede wat die vryheid wat God Hom gegee het bied. As die Gees getrou moet bly aan die werk van Sy hande, dan is Hy ook getrou aan die mislukkinge wat afgewys is.

Nog anders gestel: God kan self Sy keuse maak vir liefde en genade, maar Hy het nie alleen met Sy eie hart te maak nie, maar ook met die realiteit wat Hy verwek het met die Gees. God het as't ware iets daar geplaas, deur die Gees. Dit is daar. Dit bestaan selfstandig... Dit is 'n eie werklikheid wat deur God verwek is.

Werklike getrouheid van God se kant, is nie dat Hy vir genade kies en alle prosesse van nie-genade maar los vir wat dit is nie, so asof Hy die krag van die Gees ontken nie.

Nee, die getrouheid van God beteken *pneumatologies* (op die wyse van die Gees), dat Hy **moet voortgaan met alles wat Hy aan die gang gesit het.** Hy moet voortgaan met die keiharde werklikheid van hierdie wêreld.

Hy moet voort met sonde, Hy moet voort met die dood, Hy moet voort met siekte, Hy moet voort met lyding. As God *nie* daarmee voortgaan nie, waarmee gaan Hy dan wel voort in hierdie wêreld?

Belangrik vir hierdie hele gedagte is die feit van *menslike verantwoordelikheid*. God het *die mens* nie as stok en blok geskep nie, maar

as 'n wese wat wil en wat kies. Die mens is nie net 'n rimpel in die denke van God nie, maar 'n realiteit wat voortgekóm het uit die asem van die Gees van God. As God trou is aan die mens, dan kan Hy daardie wese nie sommer negeer in wat hy is nie. **Trou aan die mens beteken trou aan die mens soos wat hy is** en nie 'n abstraksie van wat hy is nie. Die getrouheid van God aan die mens is trou aan die mens wat kies, besluit, verkeerd kies, verkeerd besluit, wat sondig, wat hoop en wanhoop, wat vreugde beleef en verdriet.

As God ná die opstanding sommer alle mense net dadelik onverganklik verheerlik het, sommer so oor hulle koppe heen - was Hy dan getrou aan die wese wat Hy gemaak het? Die wese wat kan kies en besluit? Nee, as die mens gered word, dan moet hy as *mens* gered word: denkend en gewillig, soos die asem van die Gees hom geskep het. Die redding van die mens geskied nie met die uitskakeling van die mens nie, maar met die inskakeling van die mens, anders is dit geen redding van die *mens* nie!

Die ongelooflike taak van die Gees, is by wyse van spreke om reg te laat geskied aan die volheid van die mens en reg te laat geskied aan die keuse van God in Jesus Christus.

Maar nie alleen die mens is ingeskakel, die hele skepping is ingeskakel in hierdie proses.

Die Gees skakel alles in wat Hy begin, maar in Christus het die groot wending gekóm: alles is nou gerig op die een keuse van God. Dit kan nooit weer verander nie!

Wat ons dus moet sien is dat sending geen weerligstraal van bo is nie. Die Gees werk met die mens waarmee Hy begin het. Christene is daarom ook geen passiewe speelgoedpoppies nie. Hulle is nie opgewen deur die Gees nie. Hulle is bewuste mense met keuses, as mense is hulle deur die Gees tot nuwe lewe gebring en nou geroep om op hoogte te kom van God se keuse.

Let wel: Dit is nie benede die mate van die Gees om alles wat mense in hulle saamdra wat betref moontlikhede en gemene dinge, in te skakel op weg na die finale realisering van die Koninkryk nie. Dit is selfs nie benede Hom om siekte en dood daarvoor te gebruik nie!

Weereens, in die **lig van die ander modelle wat ons bespreek het. Alles bly.** Ook die toorn van God oor sonde - maar dit is diensbaar aan die weg na

die Ryk van genade. So ook bly mense verantwoordelik vir hulle dade, baie leed is menslike skuld, maar die menslike verantwoordelikheid en selfs die mislukkings van mense word weë tot heil.

Hoe dit alles *presies* loop en gaan loop? Niemand weet nie. In 'n sekere sin kan ons sê dat selfs die Gees nie weet nie.¹⁰ Hoekom? Omrede die weg wat die Gees gaan, 'n proses van werklike handeling is - nie die afloop van 'n rekenaar program nie. Die Gees gebruik alles. Ook dit wat uitgeruk en weggegooi is. Niks in die geskiedenis is onbruikbaar nie, omdat dit die geskiedenis van die Gees van God is.

Weereens, die Gees se weg is heen en weer, op en af, soekend - maar dit is gerig op die doel wat nou reeds bekend is. Dit is nie 'n oop toekoms nie. As jy dink ons praat verkeerd van God as ons die Gees soekend noem, vergeet jy dat die Gees *in* ons is (Vgl. Hand 15:28), dat God dwarsdeur die Bybel lewend en bewegend voorgestel word. Dink net aan die huiweringwekkende gedagte: Alle dinge in die wêreld word ingeskakel in die komende Godsryk! (Rom 8:28).

God realiseer Sy keuse op die wyse van die Gees. Maar dit vat tyd (2Pet 3:4 3.v.). Die Gees is nie haastig nie. Daar is 'n ewigheid voor Hom en voor ons.

Saamdink en saampraat met God

Na alles wat ons nou gesê het, kan 'n mens redeneer dat geskiedenis tog maar in die hande van God is - ons het geen deel daarin nie. Ons laat alles maar net aan Hom oor. Ons moet maar net dinge aanvaar soos dit kom. Hy gaan tog deur met alles wat Hy begin het.

As ons so redeneer vergeet ons egter twee dinge: Eerstens vergeet ons dat die weg van God deur die krag van die Gees 'n *proses* is wat nog in volle gang is. Dit is die weg van Christus, ja, maar dit is die weg wat *nou* gerealiseer word, nie via 'n rekenaar nie, maar via die handelende Gees, wat die kiesende God is. Die geskiedenis is nog nie geslote nie.

¹⁰ Hier dink 'n mens aan Jesaja 5 byvoorbeeld, waar God dit duidelik maak dat Hy gedink het Israel gaan ware druiwe vir Hom dra, maar toe "verras" hulle Hom met suur druiwe. In Jer 32:35 O.A.V., is nog 'n voorbeeld waar God blykaar nie geweet het wat die volk as verantwoordelike bongenoot gaan doen nie. Die gruwelike dade wat die volk gedoen het, was dinge wat "Ek hulle nie beveel het nie en wat in my hart nie opgekom het nie.

Verder meer vergeet ons dat ons self *in* hierdie geskiedenis staan. Ons is die werk van God se handeling deur die Gees. Ons is nie vir niks, verniet, op hoogte gebring van God se keuse nie. Dit word nie bo-oor en buite ons gerealiseer nie, ons is daarin betrokke. Dit is so deur God gewil. Ons, met ons denke, ons vermoë om te praat en te kies, is dié aan wie God Sy trou bewys.

Dit alles beteken dat ons self mag saamdink en saampraat oor die realisering van die koninkryk van God. Niks minder nie. As mense nie daarin mag saampraat nie, dan is die trou van God waartoe Hy in Christus besluit het, geen trou aan mense nie. Hoekom? Want God skep die mens **denkend** en **pratend**. As die mens nie meer kan dink, kan kies, kan praat nie, word hy van sy menslikheid ontnem. En dit gaan juis om die redding van die mens. As die mens nie as denkende mens opgeneem is in die realisering van die heil nie, is die mens nie as mens daarin opgeneem nie.

As ons nie, met alles wat ons is, betrokke raak nie, is ons nie gered in ons ware menslikheid nie en dan is God nie getrou aan die werke wat uit Sy hande voorgekom het nie.

God kies vir die mens. En die konsekwentheid van Sy keuse bestaan in die trou aan daardie mens. Mense is dus denkend en pratend opgeneem in die realisering van die koninkryk van God, of glad nie. Ons is *ware* bondgenote in 'n werklike verbondsverhouding. Ons is dus nie net passief nie. Ons praat en dink saam met God oor die realisering van Sy trou aan ons.

Om saam met God te dink en te praat, is niks anders as gebed nie. Ten minste een vorm van gebed nie. As Jesus ons leer om te bid: "*Laat U koninkryk kom*", is Hy ernstig. God het beloop om in Christus Sy koninkryk te laat kom. Ons weet wat die koninkryk behels. Dit behels heelheid en genesing op alle vlakke van verhoudings en selfs fisiese heelheid.

As bondgenote van God kyk ons dus by wyse van spreke rondom ons rond en sien dat die koninkryk van God nog nie oral sigbaar gekom het nie. En ons bid daarvoor. Ons wys God daarop dat Hy Sy Koninkryk moet laat kom, soos Hy beloop het. Ons formuleer as't ware deur die Gees vir die Gees, die keuses wat gemaak moet word.

Natuurlik is ons as mense beperk. Die realisering van God se koninkryk is nie verniet 'n Goddelike werk nie! Ons is wel saam betrokke, en dit geskied nie los van en sonder ons nie, maar ons het nooit die geheel prentjie nie. Ons is

byvoorbeeld nie bewus van al die ander gebede wat op dieselfde oomblik as ons s'n gebed word nie.

Meer as dit, God se hele skepping is betrokke in die uiteindelijke realisering van die koninkryk (Rom 8:19-26).

Die Gees moet alles en almal in gedagte hou en saamneem in die realisering van God se koninkryk. Dit is dus 'n proses en een waarin ons as't ware vir mekaar moet wag. Luister hoe roep die heiliges in Openbaring 6:10!

Ons moet altyd bid. "*Laat U wil geskied.*" (Matt 26:39). Dit is egter nie 'n manier om die krag van gebed te ondermyn nie. Dié gebed is die werklike medeling aan God dat Hy in die realisering van Sy ryk met hierdie nood van m, hierdie smart, moet rekening hou, maar tegelykertyd is dit die erkenning dat die *wyse* waarop dit gebeur, deur die Gees alleen ten volle bewerk kan word. Ek erken dus daarmee dat ek nie ten koste van ander mense en ten koste van die weg van God met die hele skepping, en daarom ten koste van God self, gered wil word uit my krisis nie.

Gebed is die eerbiedige vraag aan God om met ons nood rekening te hou. As 'n kind nader ons Hom wat ons Vader is en vra vir Sy reddende nabyheid. In die diepte van ons ellende roep ons uit en maak dit duidelik dat ons amper nie meer kan nie, en dan ons hoop op 'n teken van genade. Ons smag na lig in die duisternis. Maar ter selfde tyd bid ek as Christen altyd in verbondenheid met die hele gemeenskap van gelowiges oor die wêreld. Dit moet ek altyd onthou. Hoe dit ook al sy, dit alles gesê moet ons weet, dat as ons bid "Laat u wil geskied" dit nie beteken dat ons slegs die nood wat ons druk voor God noem, en dan dit verder aan Hom oorlaat nie. Nee, ons dink saam en praat *saam...*

By wyse van spreke moet Hy ons oortuig, of ons moet Hom oortuig dat die weg wat die Gees in die Geskiedenis inslaan, die goeie weg is.

Daar is van beide hierdie twee moontlikhede voorbeelde in die Ou Testament. As dit in die Ou Testament waar was, hoeveel te meer in die Nuwe Testament! Ons rede waarom God moet ingryp gryp is soveel sterker!

Kom ons kyk eers na gevalle **waar God Hom laat oortuig het**. Die eerste voorbeeld is die gesprek tussen Moses en God in **Eksodus 32 en 33**. Gaan lees dit rustig deur en kyk wat hier gebeur!

Is dit nie fassinerend hoe ernstig God Moses opneem nie? Hy moet eers aan Moses vra om te doen wat Hy wil (32:10). En let op hoe Moses uiteindelik hierdie argument wen! Moses herinner God aan Sy eie beloftes, Sy verbondsbeloftes. In die lig daarvan oortuig Hy God dat God nie die volk nou kan vernietig nie. Ons moet onthou dat ons nie hier te doen het met 'n blote poppespel nie. Hierdie is werklike, konkrete feitlike geskiedenis. As Moses God nie hier oortuig het nie, sou die geskiedenis 'n ander draai geloop het.

Dit was egter nie net Moses wat so kan bid nie. Jak 5:17 sê: "*Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie, en dit het op die aarde drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.*" Let wel, die reaksie van God is nie geleë in die feit dat Elia of Moses bid nie, maar dat 'n mens bid! Weereens, ons argumente wat ons kan gebruik is baie sterker. Kan jy dink hoekom?

Daar is natuurlik nog gevalle in die Ou Testament waar God oortuig is. Dink aan die verhaal van Hiskia in Jesaja 38. God luister na Hiskia en verander Sy besluit - Hiskia leef nog vyftien jaar. Die gebed van Jabes in 1 Kronieke 4, kan sekerlik ook hier genoem word.

Daar is egter gevalle waar God Hom **nie laat oortuig** het nie. Waar God nie geantwoord het soos die bidders dit graag sou wou hê nie.

God stem nie in met Moses se versoek om die beloofde land te sien nie. Hy stel nie eers belang om die saak verder te beredeneer nie. Moses sal die land nie ingaan nie (Deut 3:25-26). En dan natuurlik is daar die verhaal van Job. Job is oortuig dat God onlogies en onregverdig optree teenoor Hom. God antwoord Job egter nie met 'n duidelike verkaling van hoekom met hom gebeur het wat gebeur het nie, nee God wys vir Job iets van Sy grootheid en heerlikheid in Job 38. Kyk net weer wat is Job se konklusie, na hy in 'n argument met God gegaan het, in Job 42:5.

Dit is egter tog belangrik om op te let dat Job nie verkeerd opgetree het toe hy as't ware in 'n twisgesprek met God te gaan nie! Luister wat sê die geïnspireerde skrywer in Job 42:7! Dit lyk dus of diegene wat in 'n twisgesprek met God gaan, meer aanvaarbaar voor God is as die wat Sy dade by voorbaat goedkeur!

Ons kan onomwonde sê dat gebed en twisgesprek, saampraat en saamdink, by die omgang van die gelowige met God, hoort. Soms word God oortuig. Soms

die mens. Soms moet die mens in sak en as bekeer, en iets sien van die grootheid en andersheid van God wat nie sy vrae antwoord nie.

Ons is natuurlik in 'n baie beter posisie as Moses en Job. Ons leef na die finale keuse van God in Jesus! Tog, is daar ook in die Nuwe Testament gevalle waar God nie antwoord soos verwag nie (2 Kor 12:7 e.v. en Openb 6:10).

Dit is egter baie belangrik dat ons sal besef, dit sal vat dat ons wel met vrymoedigheid God kan herinner aan Sy keuse in Jesus Christus. Ons moet dit doen! Soos die weduwee van Lukas 18. Dit is hoe die Gees Sy weg gaan. Ons moet God, soos Moses as't ware in 'n hoek druk - met nog beter argumente en 'n beter verbond as grond!

Saam met God aan die werk

Dit is baie belangrik dat ons ook besef dat ons nie net kan saampraat en saamdink met God deur gebed nie, ons kan ook prakties saam doen! Die keuses wat ons maak, die dinge wat ons aanpak is dus geweldig belangrik, want ook daarin en daardeur is die Gees besig om die weg van Christus te realiseer.

Dink net weer aan Jesus self. Hoe het Jesus, deur die Gees, die pad van lyding na verhoging geloop? Wel Hy het gepreek, geleer en genees. Terloops, al sy duiweluitdrywings was ook niks anders as heelmaking, genesing nie. Oral het Hy, deur wat Hy gedoen het, terwyl Hy op die lydingspad was, iets van die koninkryk van God laat sigbaar word, laat deurbreek.

Ons word op dieselfde pad gestuur deur die Gees (Joh 20:21-22). Ons word geroep om dieselde te doen. Te leer, te preek, maar ook om heelheid en genesing te bring. Dit is egter belangrik om te onthou dat Jesus hierdie dinge gedoen het onder vervulling, onder beheer van die Heilige Gees. Dit is daarom van kardinale belang dat ook ons onder die vervulling met die Heilige Gees sal leef. En dit bring ons by Efesiërs 5:18. Letterlik staan hier . *Gaan voort om gedurig vervul te wees met die Heilige Gees.* Dit is 'n opdrag, alhoewel dit ook in die passiewe vorm aangebied word. Ek moet toelaat dat ek gedurig vervul word met die Heilige Gees.

Maar hoe doen ons dit? Wel dit word duideliker as ons kyk na die vergelyking wat Paulus hier tref. Wat is die punt van die vergelyking? Wel hy sê, soos iemand wat dronk is, vol van die drank is, dus onder die invloed van drank is, moet julle voortgaan om vol van die Heilige Gees, dus onder die invloed van die Heilige Gees, te wees. En as ons onthou dat die Heilige Gees nie 'n onpersoonlike mag, vloeistof of krag is nie, maar 'n persoon, dan kan ons inderdaad sê: Sorg dat jy gedurig onder die invloed van die persoon van die Heilige Gees is. Ons praat tog ook so. Ek sê persoon A is vol van persoon B dan bedoel ek die een is onder die invloed van die ander een.

Maar hoe bly ek gedurig onder die invloed van iemand? Wel as ek gedurig toelaat dat hy met my praat en sy idees in my kop plant. En nou is dit geweldig interessant as ons na Kol 3:16 gaan dan sien ons dat Paulus presies dieselfde volgorde van frases gebruik as hier in Efesiërs 5 vanaf vers 18. Die enigste verskil is dat die frase "*word vervul met die Gees*", vervang is met "*laat die woord van Christus ryklik in julle woon.*" Sien in die apostels se denke was daar nie die geringste verskil tussen die twee nie, want wie het die woord van Christus laat neerskryf? Die Heilige Gees! Ons bely dit tog, die Woord (Bybel) is deur die Gees ingegee. As die Woord gelees word, kom die Gees as te ware aan die woord. Dan praat Hy. Natuurlik moet jy ook daarteen waak dat jy Hom nie bedroef nie (Ef 4:30).

En baie belangrik die gevolge van 'n lewe onder vervulling, onder invloed van die Heilige Gees, is 'n lewe waar daar herstel is in verhoudings! In die huwelik, gesin en selfs by die werkplek (Ef 5:21-6:9). Hoeveel lyding vind nie plaas juis as gevolg van gebroke verhoudings nie. As ons dus so "saam doen" met die Gees, realiseer ons dit wat God in Jesus bewerk het. As 'n mens in Galasiërs 5:19-22 die werke van die vlees en die vrug van die Gees vergelyk, word dit weereens baie duidelik hoe ons saam met die Gees die keuse van God in Jesus kan realiseer. Het jy gesien dat die werke van die vlees tot baie pyn en lyding lei? En die vrug van die Gees?

Ten slotte mag ons nooit vergeet dat ons werklik die liggaam van Jesus Christus is nie. Ons is Sy liggaam, en die Gees is in ons. Dit het geweldige implikasies vir die vraag: "*Waar is God in my lyding?*" God is by jou, Hy raak aan jou, vat aan jou, vertroos jou as 'n mede broer of suster aan jou vat, met jou praat, jou vertroos! Em jy moet as gelowige onthou dat jy die mond, hande en voete van Jesus moet wees vir ander gelowiges in hulle pyn en lyding!

Ons moet dus saam praat en saam dink met die Gees, maar meer as dit: Ons moet saam doen met die Gees!

Nuwe hemel en aarde: God self as die einde van alles

Waarom kan ons vertrou dat God die Gees uiteindelik die nuwe hemel en aarde 'n werklikheid sal maak? Hoe kan ek weet dat alles wat begin is met Jesus Christus gaan realiseer - en dat ek daarin gaan deel? Wel, hier is 'n paar vaste punte waaraan ons kan vashou:

◦ God het konsekwentheid vertoon in Sy optrede in die verlede. Ons het 'n geskiedenis van Sy handeling of optrede, waarin Hy steeds weer vir die mens gekies het. Dit is bevestig in Jesus Christus, aan wie God deur die dood heen Sy trou bewys en in wie God wys dat Hy tot die allerlaaste toe kies vir die mens. Hierdie geskiedenis behoort ons moed te gee dat God nie nou, op die allerlaaste oomblik, sal stop met die wêreld nie. Die keuse van God in Jesus Christus gee ons die versekering, dat dit geen misplaaste vertrou is nie. God sal Sy werk bevestig. Luister net weer: "*Hy wat selfs sy eie Seun nie gespaar het nie, maar Hom vir ons almal oorgegee het, hoe sal Hy nie saam met Hom ons ook alles genadiglik skenk nie?*" (Rom 8:32 O.A.V.). In Christus het dit duidelik geword dat God *vir* ons is (31). As God wat die almagtige is vir ons gekies het, dan is dit moeilik voorstelbaar dat daar nog magte sou wees wat in die pad van die realisering van Sy keuse kan staan. Dus: Op grond van God se dae in die verlede en op grond an Sy keuse in die verlede, kan ons gegronde verwagting hê dat die verheerliking sal volg.

◦ Hierdie fundering vanuit Christus kry nog 'n nadere uitwerking in die gedagte dat die Christen nog staan in 'n posisie *voor* die bestemming wat Christus *reeds* ontvang het. En ons weet daar is 'n analogie of selfs 'n parallel tussen Sy weg en ons weg. Hy het reeds die verheerliking binne gegaan, ons hoop is om Hom daarin te volg. Maar Hy het tot verheerliking gekom via lyding en selfs die dood. Kan ons dan iets anders verwag as dat ons lewensweg ook via lyding sal gaan? Is die oomblik wat ons in die duister van die dood ingaan, nie die waarborg dat ons uit die dood sal opstaan nie? Romeine 8:17 noem as basis van ons reikhalssende verlange, dat as ons met Christus gely het, ons ook met Hom verheerlik sal word. Ons sterwe met Christus om met Hom op te staan. Ons gaan op die weg van lyding saam met

Hom omrede daardie weg van lyding die weg na heerlikheid saam met Hom, sal wees. As die wêreld ly en die gemeente sug saam met die hele skepping, dan is dit geen rede om te begin twyfel aan die komende verheerliking nie. Inteendeel - dit is 'n teken van hoop. Dit wys op die noue band tussen Christus en die skepping. As ons ly in siekte, verdriet en eensaamheid, dan wys dit op die noue band wat daar is tussen Christus en ons. Lyding versterk dus juis die besef dat ons met Christus verbonde is en dat ons juis daarom ook die verder weg van verheerliking, soos Hy, sal betree. Hoe meer jy bewus raak van lyding, hoe meer raak jy bewus van jou verhouding met Christus en begin jy uitroep: Hoe lank nog?

° Onthou: By al die dade van God kan ons ook nog byvoeg dat Hy my geloof in Christus gegee het. In die gang van die Gees, is ek bereik! Daarin het God vir my gekies. Hy *wou* nie net vir my kies nie, Hy *het* dit gerealiseer. Ek het die evangelie gehoor, en dit het geloof in my gewek. En as Hy dit in my gedoen het, kan ek seker wees dat Hy die werk wat Hy begin het deur die Gees, ook sal klaarmaak (Fil 1:6, Fil 2:12-13). Paulus redeneer kragtig hieroor in Romeine 5 en 8. Gaan lees en bedink dit weer. Dit is ook uiters belangrik dat ek sal voortgaan op hierdie weg, soos ek begin het (Gal 3).

° As ons praat van die Gees se werk in ons, moet ons onthou Hy is nie 'n losstaande gegewe nie. Hy is nie 'n ander God nie. Hy is die Gees van Christus. Hy is die Goddelike Gees. Sy sug (Rom 8) is geen sug in die duister nie, nee, dit is volgens die wil van God, gebaseer op die keuse van God. Die Een wat alle dinge ten goede laat meewerk vir die wat Hy gekies het om gelykvormig te word aan wie? Sy Seun! Daarom het God ons geroep, en daardie roeping se doel is die verheerliking (Rom 8:27-30). Die Gees weet waarheen Hy werk. Hy weet dit "saam met" God, en as God. Hy weet van die opstanding en die verheerliking, van Christus as die keuse vir die wêreld. Daarom is die Gees nie net 'n helper nie, nie net selfs 'n Goddelike helper nie, maar Hy is 'n onderpand, 'n eerste deposito (2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14), die eerste gawe (Rom 8:23). Soos Christus die eersteling van die Koninkryk is (1 Kor 15:20,23), so is Sy Gees die eersteling in ons bestaan, die begin van die toekoms. As Hy ons na die oordeel lei en Christus die regter is, dan kan die oordeel nie meer willekeurig geskied nie. As die Gees die Parakleet (Advokaat) is, wat geroep is om ons by te staan, dan kan ons met vertroue die oordeel tegemoet gaan!

° Baie belangrik, ons verhouding met hierdie Gees is nie net 'n rasionele verhouding nie. Dit is 'n verhouding van die hele persoon. Ons is in Christus en Christus in ons. Ons is met ons hele bestaan verweef met Christus. Dit is 'n verhouding van liefde sonder afstand. In hierdie verhouding is dit nie voorstelbaar dat die heerlikheid vir Christus sou wees, sonder dat ons daarin deel nie. Dan is God nie getrou nie. Dan ontken Hy Homself.

As ons dink aan die einde is dit baie belangrik om te onthou dat God tot aan einde getrou bly aan Sy keuse vir die mens, as mens. En hierdie mens sal Hom eendag tegemoet gaan op twee maniere, juis omrede Hy die mens ernstig opneem. Ons het nou reeds gesien hoe seker kan ons wees van wat kom, *as ons geloof* ontvang het.

Kom ons sluit af met 'n kykie na die einde waarna elke mens op pad is, en daarmee saam die belangrikheid om te glo, werklik te glo.

Kom ons kyk na **Openbaring 21:6 (O.A.V.)**¹¹: "*En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.*"

In Openbaring 21:6 identifiseer God Homself as die Alfa en die Omega. Julle sal weet dat Alfa die eerste letter van die Griekse Alfabet is en Omega die laaste. Met ander woorde God is die begin en die einde. Maar God praat nie van alfabette nie. Hy praat van realiteit. God is absoluut die begin en absoluut die einde. Elke ding wat is het sy oorsprong ten diepste in Hom. En alles, elke ding sal uiteindelik op 'n manier eindig met Hom.

Jesaja stel hierdie waarheid so: "*So sê die HERE, die Koning van Israel en sy Losser, die HERE van die leërskare: Ek is die Eerste, en Ek is die Laaste, en buiten My is daar geen God nie* (44:6;O.A.V.). Aangesien alles van God kom en niks langer as God sal bly nie, het God dus in die laaste instansie geen finale teenstander, kompetisie nie. Buiten My is daar geen God nie.

God het die eerste en die laaste woord in die geskiedenis. Alle ander pogings om die laaste woord te hê sal misluk. Die potte het geen begin anders as by die pottebakker nie, en op die ou einde sal die potte die doel van die pottebakker dien. Maar as mense.

¹¹ Hierdie gedagtes oor Openbaring 21:6-8 kom grootliks van John Piper.

ALFA

Ek dink nie 'n mens kan mekaar genoeg aanmoedig om te mediteer oor hierdie verstommende waarheid dat God die absolute Alfa is nie. Laat hierdie waarheid bietjie jou beetpak. Ek weet dit is moeilik hier, maar gaan kry iewers 'n plek waar jy alleen kan wees en laat dit jou vat.

God is die EERSTE - die BEGIN. Voor Hom was daar niks. Daar was eintlik geen "voor Hom" nie. Dink net daaroor. Vir miljoene en biljoene en triljoene van oneindige jare het God bestaan en nooit 'n begin gehad nie. Hy is die begin. Van ewigheid tot ewigheid is Hy God (Psalm 90:2). Daar was nooit 'n tyd wat Hy nie was nie.

Wat ons mag bewonder is die feit dat God onbeperk, ewig en onveranderlik getrou aan Sy wese, in Sy regverdigheid, wysheid, krag, goedheid en waarheid is.

Maar as jy vir 'n oomblik stilstaan en daaraan dink dat Hy nooit gekies het om so te wees nie, nog minder het enige iemand anders gekies om Hom so te maak nie - as jy daaroor dik begin jy duiselig raak. Die regverdigheid en wysheid en krag en goedheid en waarheid van God is ewige realiteit. Die karakter van God is nie dit wat realiteit tot stand bring nie, dit is realiteit.

God het nie na vore gekom uit baie moontlikhede nie. Alles het uit Hom ontstaan. Hy bepaal alle moontlikhede. God is nie 'n deel van wat jy probeer inpas met ander gedeeltes nie. Hy is die eerste en laaste en die alles omvattende realiteit. "*In Hom leef beweeg en is ons*" (Hand 17:28).

OMEGA

Maar die waarheid waarop ons hier moet fokus is dat God die *omega* is. Dit is ook die fokus van ons teks in Openbaring 21:6, aangesien dit voorkom in 'n gedeelte wat handel oor die einde van geskiedenis. So die spesiale fokus in hierdie teks is op God as die omega van alle dinge.

Wat beteken dit dat God die omega, of einde is. Kom ons lees weer vers 5-8:
"En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut. En Hy het aan my gesê: Skryf, want hierdie woorde is waaragtig en betroubaar. En Hy het vir my gesê: Dit is verby! Ek is die Alfa en die Oméga, die begin en die einde. Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet. Hy wat

oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees. Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienaars en al die leuenaars hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood."

Hierdie teks maak dit duidelik dat God die omega of einde op twee maniere is.

Vir *die dorstige*: (vers 6) is Hy die einde in die sin dat Hy die bron van hulle lewens vir ewig sal wees. Hy sal hulle God wees en hulle sal Sy kinders wees wat Sy nalatenskap vir ewige en ewig sal geniet. Hy was die fontein van hulle lewe in herskepping en Hy sal die fontein van hulle lewe wees in die voleinding.

Vir die wat oorwin, die dorstiges, is God nie die begin en die einde op die manier waarop 'n rivier begin met 'n fontein en dan eindig in 'n oseaan nie. 'n Oseaan word voorsien en opgevol met die riviere wat daarin vloei. God word nie voorsien of opgevol deur die dorstige heiliges wat aan die einde na Hom kom nie. Nee, vir die dorstige is God die begin en einde op die manier wat 'n woestyn reisiger begin by 'n oase en eindig by 'n oase. God is 'n fontein van lewe by die begin en Hy is 'n fontein van die lewe aan die einde - vir ewig.

Maar daar word nog 'n groep mense genoem in vers 8. Hierdie is die mense wat *nie dorstig vir God* is nie. Vir hulle is God ook die omega, maar nie op dieselfde wyse nie. God is hulle einde in die sin dat hulle God uiteindelik as hulle regter gaan ontmoet. Hulle het hulle begin in God se oase van lewe. Maar dan neem hulle die verbode suidelike roete naby die vlak stroom van ontrou, ver van die nou pad van God. Maar God is die einde van elke pad. En aan die einde kom hulle aan die ander kant van die woestyn. En hulle ontmoet God. Maar in stede van 'n oase van ewige lewe vind hulle 'n poel van vuur.

Daar is baie Christen vandag, laat staan nog die wat Christenskap verwerp, wat nie glo in die ewigheid van die hel nie. Hulle glo nie werklik dat die poel van vuur enige persoon se omega is nie. Sommige verwerp die idee geheel, ander sê dit is 'n tydelike plek van reiniging. In beide gevalle word gesê dat alle mense op die einde tog gered sal word. God het die laaste woord en daardie laaste woord sal altyd barmhartig wees vir elke liewe skepsel. Omega sal barmhartigheid vir almal aan die einde beteken, nie vuur swael nie.

Maar vers 8 deins nie terug van hierdie vreeslike realiteit nie. God is die nooit eindige realiteit vir elke mens: of as 'n fontein van ewige lewe of as 'n

wynpers van toorn en 'n poel van vuur. Ons moet onself weer en weer herinner dat ons lewens sal eindig in God. Hy mag nou ver en onwerklik voel en lyk, maar Paulus sê aan die spotters in Athene: "*Hy is nie ver van enige een van ons nie*" (Hand 17:27).

Hy is nooit buite bereik van die dorstige nie. En selfs al mag Hy so ver lyk soos maan- kaas vir die selftevredenes, aan die einde sal Hy absoluut werklik wees vir elke man, vroue en kind - heerlike werklik vir die dorstige en angswekkend werklik vir die self tevredenes.

Ek is die Alfa en Omega se die Here, die begin en die einde - die fontein van ewige lewe vir die een en 'n poel van vuur vir die ander.

Lewe in hierdie wêreld is daarom geweldig ernstig, aangesien wat jy van God hier maak sal bepaal hoe jy Hom an die einde gaan ontmoet. Ag mag God ons oë gee om hierdie verstomende waarheid te vat. Mag dit ons bewaar van louwarmheid.

Selfs al weet jy dat jy gered is, in die roeiboot saam met die Kaptein, behoort die weerlig en die donder en die orkaan sterkte winde jou met bewende ontsag en warm dankbaarheid te vul dat jy uit die water gepluk is. Dit is geen ligte saak om lewend te wees tussen die Alfa en Omega, ons skepper nie .

DIE GROOT VERDELING

Kom ons gaan terug na die beeld van die woestyn. Alle lewe begin met die kreatiewe krag van God. Hy is die Alfa. Hy is die oase aan die begin van ons lewe. Ons almal begin in dieselfde plek. Maar dan vind daar vroeër of later 'n verdeling plaas. En ons moet weet wat die verdeling is, want aan die einde hang alles daarvan af. Een persoon ontmoet die Omega as die fontein van lewe die ander ontmoet Hom as die poel van vuur.

Die dorstige

Openbaring 21:6-7 gebruik twee woorde om die persoon wat God as 'n fontein van lewe sal ontmoet te beskryf. Vers 6: "*Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet.*" Die eerste karakterkenmerk van die persoon wat God sal ontmoet as 'n fontein eerder as 'n vuur, is dat hy of sy

dors is. Openbaring 22:17 is 'n pragtige uitnodiging aan die dorstiges. *En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."*

So as God sê dat Hy die water van die fontein van lewe aan die dorstige gee, bedoel Hy dat Hy dit sal gee aan die wat dit *begeer*. Die wat as't ware dit gesmaak het en nou meer verlang bo die siele drankies van die wêreld. As God sê dat dors 'n toestand vir verlossing is, beteken dit nie dat elkeen wat die hel wil vermy en vir altyd wil lewe gered sal word nie. Want dit is almal. Almal is in daardie sin dors. God bedoel dat elkeen wie se siele-dors *regtig vir God* is, en nie vir die lof en mag en plesier van die wêreld nie, hulle sal gered word. Mense wie se dors hulle weggedryf het van die vlak stroom van sonde na die diep oase aan die ander kant van die woestyn - dit is die mense aan wie God die water van die lewe sal gee om te drink - vir ewig.

Die oorwinnaars

Die ander woord in vers 7 wat die persoon beskryf wat God sal ontmoet as 'n fontein en nie as 'n vuur nie, is die woord oorwinnaar: *"Hy wat oorwin, sal alles beërwe; en Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."*

Die woord oorwin word omtrent 12 maal in Openbaring gebruik om te verwys na die oorwinning van die heiliges wat hulle in die seëning van ewige lewe sal bring.

In Openbaring 2:10-11, sê Jesus aan Smirna, *"Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee. Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie."*

In Openbaring 21:8 is die tweede dood die poel van vuur. So die teks hier in 2:11 sê dieselfde ding. As ons oorwin sal ons nie daardeur beskadig word nie. *"Wees getrou tot die dood en Ek sal vir jou die kroon van die lewe gee."* Oorwinning beteken om die magte wat ons versoek om nie getrou aan Jesus Christus te wees nie, te verslaan. Ons behaal oorwinning oor *hulle* (2:26 en 12:11).

Die oorwinnende dors

As ons die toestand van dors en die toestand oorwinning bymekaar bring, kry ons die volgende prentjie. Daar is 'n geveg aan die gang in elkeen van ons. Die geveg of stryd is tussen die dors na God en die dors na enige iets anders. As ons siel dors na God op die manier wat die wildsbok smag na waterstrome, en as ons genoeg geproe het van die skoonheid en liefde en krag van Jesus in so mate dat ons die dinge wat agter ons is vergeet en Hom najaag, as ons ons wêreldse dors verloën en ons kruis opneem en dors na Jesus - *dan* sal God ons ontmoet aan die ander kant van die woestyn as 'n alles-bevredigende fontein van lewe vir ewig.

As ons al die mededingers vir ons dors oorwin en onself bevredig met Jesus Christus, *dan* sal ons die ewige lewe as besitting as erflating ontvang. Dors vir Jesus moet die dors vir die wêreld en alles wat dit kan bied, oorwin.

Die mense wat God aan die ander kant van die woestyn gaan ontmoet as 'n poel van vuur, in stede van 'n fontein van lewe, is mense wat nie die dors vir die wêreld oorwin het nie. Vir hulle was Christus nie meer aantreklik as kasterolie nie. Vir sommige het Hy heeltemal lomp geproe. Vir ander eenvoudig bitter. Maar die wêreld, "*Ah nou praat jy van smaak!*" En so vind hulle as gevolg van die gewillige kanker van hulle geestelike tonge - geen satisfaksie in Jesus Christus nie.

Maar in wat presies vind hulle satisfaksie? Kyk na vers 8. God noem hulle **vreesagtiges, banges (N.A.V.) (lafaards) en ontroes**. In hoofstuk 2:10-11 het Jesus vir die kerk gesê: "*Vrees vir niks wat jy sal ly nie. Kyk, die duivel gaan sommige van julle in die gevangenis werp, sodat julle op die proef gestel kan word; en julle sal tien dae lank verdrukking hê. Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee.*"

Met ander woorde, moenie lafaards, moenie vreesagtiges wees nie, hê geloof! Les jou dors vir lewe en sekuriteit en geluk in my. Moenie oorgee aan die dors vir aardse lewe en sekuriteit en selfvertroue nie. Die mense van 21:8 het nie gehoor gegee aan die waarskuwing van Jesus in 2:10-11 nie. Hulle was vreesagtig, lafaards en ongelowig. Hulle dors vir die wêreld het die dors vir Christus oorwin, en daarom sal hulle einde in die poel wees wat brand met vuur en swael.

God beskryf dan sommige van hulle as **losbandiges** of **gruwelikes**: dit is mense wat dors na verskuilde, onrein dinge. **Moordenaars**: Dit is mense wat dors na wraak, of die gemak om iemand uit die pad te hê. **Onsedelikes (N.A.V.)**: Mense wat dors na seksuele plesier op 'n manier wat deur Christus verbied word. **Towenaars, bedrieërs (N.A.V.)**: Mense wat dors na magiese kragte en die "diep dinge van Satan (Openb 2:24).

Afgodsdienaars: Mense wat dors na die hanteerbare gode in stede na God wat sê Ek is die Alfa en die Omega.

En alle **leuenaars**: Mense wat dors nie na die fontein wat God hulle kan gee deur die integriteit van geloof nie, maar wat dors na die toekoms wat hulle vir hulleself kan skep deur oneerlikheid, allerhande soorte daarvan.

Die mense wat God sal ontmoet as 'n vreeslike poel van vuur in stede van 'n fontein van lewe, is daarom die wat *nie* die dors vir die wêreld "oorwin" het nie. As hulle enige dors vir Christus op 'n stadium gehad het, is dit opgeslurp deur die liefde vir die wêreld. God sal nie die kosbare water van die lewe gee aan die wat nooit 'n oorwinnende dors na Hom ontwikkel het nie.

As daar enige dors vir Christus in jou is, dan pleit ek dat jy dit sal aanwakker. Salig is die wat dors wat hulle sal versadig word.

Kom ons sluit af deur 'n paar opmerkings uit die gedeelte met die vertrouwe dat dit juis so 'n dors in jou sal opwek vir God.

K Let op dat die water van lewe wat God gee, verniet is. Aan die dorstige sal God gee, sonder prys. Jy moet dorstig wees om dit te kry, maar dors is tog nog nooit deur enige iemand beskou as 'n prys of enige verdienste nie. Niemand kan koop en verkoop met die geldeenheid van dors nie. Dors is nie 'n werk nie. Dit is bloot 'n ander manier om geloof te beskryf. 'n Bewustheid van leegheid wat na Jesus kyk vir vervulling.

Wanneer 'n persoon 'n woestyn deurtrek en skreeuend van dors by 'n oase aan die ander kant kom, en Hy hoor die woorde: "*Aan die dorstige sal ek water gee*" - sal enige iemand in daardie situasie aan die oase eienaar sê: "Sjoe, jou prys is hoog?" "Dit is bietjie hard?" Nee, Hy is nie hard nie. Dit is vry vir die dorstige. God het absolute behae daarin om die dorstige wat na Hom kom vir water se dors te les. Onthou: Hy het die keuse vir mens gemaak!

Luister weer "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet."

K Onthou dat die Een wat die water aanbied genoem word Alfa en Omega, die begin en die einde. Dit beteken dat indien jy jou siele dors op enige plek behalwe in God les, sal jy jou uiteindelik vashardloop teen God en 'n verslag moet gee oor hierdie oneindige belediging deurdat jy die strome van sonde verkies het bo die water van lewe. Dit is 'n oneindige sonde om die onbeperk waardevolle God te verwerp asof daar iets iewers anders is wat meer satisfaksie kan bied.

K Let op in vers 7 dat die waters van lewe dieselfde is as die beloning van seunskap "Ek sal vir hom 'n God wees, en hy sal vir My 'n seun wees."

Om 'n kind van God te wees is 'n voordeel waarby niks in die wêreld kan kom nie. Dit beteken dat jy 'n erfgenaam word van alles wat God besit. Alles wat God besit sal daar vir jou gebruik wees. Die hele skepping sal jou dien. Daar is geen goeie ding wat God sal weerhou van die wat dors na Hom en so wys dat hulle Sy kinders is nie.

Net soos die Vader in die gelykenis van die verlore seun, sal God ons verwelkom in Sy ewige oase - Hy sal na ons hardloop en omhels en soen. Hy sal 'n ring aan ons vinger sit en 'n nuwe kleed en skoene. Hierna sal Hy begin om die feesmaal voor te berei. Die heerlikste geregte denkbaar en 'n plek aan die ewige feesmaal - vir jou.

Alles net vir die wat dors. Jy hoef te presteer nie. Jy hoef Hom nie te beïndruk nie.

Bedink net weer die wonderlike waarheid van vers 5: "En Hy wat op die troon sit, het gesê: Kyk, Ek maak alles nuut..."

Die een wat die Alfa en die Omega is, het Homself daartoe verbind om alle pyn en bedreiging en dood en enige iets wat jou laat huil weg te neem (vgl. 21:4). Alle oorsake van depressie en angs en skuld en al die hindernisse tot vreugde en bewondering en kinderlike genot - sal verdwyn. In die plek daarvan sal daar 'n nimmer eindigende vreugde gegee word wat die gelukkigste vakansie waaraan jy nou kan dink, sal oortref.

Alles net vir die wat dors!

K Laastens: Mediteer vir 'n oomblik oor die prentjie van die Nuwe Jerusalem in verse 22-23 (O.A.V.). "En 'n tempel het ek nie daarin gesien nie, want die Here God, die Almagtige, is sy tempel, en die Lam. En die stad het die son of die maan nie nodig om in hom te skyn nie, want die heerlijkheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp."

God is werklik die Alfa en Omega, die begin en einde. In die begin het Hy gesê: "Laat daar lig wees." En vir duisende jare het die son elke dag opgekom om ons dors te maak vir die Lig agter die lig. Aan die einde gaan God daardie dors les met die beleving van Sy eie onbeskryflike skoonheid. Soos Jesaja dit stel: "Die son sal bedags jou lig nie meer wees nie, en as glans sal die maan vir jou geen skynsel gee nie; maar die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en jou God sal jou sieraad wees. Jou son sal nie meer ondergaan nie, en jou maan nie kleiner word nie; want die HERE sal vir jou wees 'n ewige lig, en die dae van jou treurigheid is verby" (60:19-20; O.A.V.).

Aan die einde van elke pad is God. Jy sal Hom ontmoet as lig en lewe of as vuur en smart.

"Aan die dorstige sal Ek gee uit die fontein van die water van die lewe, verniet" (Openb 21:6). "En die Gees en die bruid sê: Kom! En laat hom wat hoor, sê: Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet" (Openb 22:17). ☞

BYLAAG A:

As jy sukkel om hierdie lesings te verteer, hier is paar belangrike opmerkings oor God en lyding:

- God is liefde en geregtigheid
- God regeer oor *alle* dinge
- God *wil nie* die kwaad nie
- God wil menslike verantwoordelikheid
- God laat die kwaad toe
- God haat die kwaad en straf dit
- Straf sluit in: Die skuld, mag en gevolge van die sonde
- God het droefheid oor die kwaad
- Dit wil sê Hy ly as te ware self ook onder die kwaad
- God is by ons in ons leed (Wat Hy ons nie aangedoen het nie, maar wel toegelaat het)

- God omring ons met sy Liefde
- God laat uit die kwaad die goeie na vore kom
- God laat alle dinge ten goede meewerk
- God se manier van werk is die manier van die kruis. Deur oënskynlike Godverlatenheid, lyding en smart na verheerliking.
- God voer alles tot 'n salige voleinding

\ Aan die volgende 5 stellings moet jy vashou as jy onder lyding gebuk gaan en nie meer kan dink, of selfs kan bid nie:

- God is by my
- God weet
- God ly saam
- Die pad van lyding en oënskynlike God verlatenheid is die pad van die Gees van Christus!
- God sal die goeie laat gebore word

**Dus: VERTROU GOD te midde van
jou smart en lyding**

BYLAAG B:

Dieptesnit van Job 38:

- **Job 38:1-3** God se verskyning in 'n stormwind stem in 'n mate ooreen met Job se verwagting (9:17) maar as Hy verskyn is dit nie om Job te vernietig nie soos hy gedink het nie. God daag Job uit vir 'n regsgeding. Job het vantevore God beskuldig dat Hy onlogies en onregverdig in Sy optrede is. Hy het God ook beskuldig dat hy vyandig teenoor hom ingestel was. God beskuldig Job egter van onkunde en gaan nou aspekte van Sy werking toelig deur middel van vrae en stellings.
- **4-15** Die skepping van die aarde word beskryf asof dit 'n huis is wat gebou word. God is die argitek en het die mates bepaal. (5) Dit weerlê Job se bewerings in 12:11-25 dat God onlogiese en teenstrydige dinge met mense en die natuur doen. God se mag en vaardigheid word beklemtoon (6). Die mens het nie antwoorde op hierdie vrae (in vers 6) nie. Hierdeur wys God Job op die mens se beperkte insig. Dinge lyk vir die mens onlogies, nie omdat dit onlogies is nie ,maar vanweë ons beperkte insig. Die skepping van God word deur die moresterre en hemelwesens besing as 'n positiewe daad. (7)

- In **8-11** word die skepping van die see, donderwolk en duisternis as negatiewe skeppingsgegewenhede beskryf. Twee feite i.v.m. die see is belangrik : God perk die see in en die see kom uit die moederskoot. (Die see is God se “babatjie” vir wie Hy ‘n “doek” aansit.) Hierdie sake word genoem om iets van God se werking uit te lig.
- In God se werkinge met die wêreld is negatiewe elemente. God se versorging van die mens blyk egter uit die feit dat Hy perke stel aan die negatiewe. Ter wille van die mens stel Hy grense aan die see. Die almagtige God vir wie die see soos ‘n babatjie is, gebruik Sy mag ook positief in die mens se belang.
- In die derde strofe (12-15) word die dagbreek as instrument beskryf waardeur die nag as negatiewe skeppingsgegewenheid vervang word met die dag. Job se onmag om dit te beheer word gekontrasteer met God se (veronderstelde) mag om dit te doen. God se werkinge bestaan nie net daarin dat Hy positiewe sowel as negatiewe skeppingsgegewenhede geskape het nie, maar ook dat Hy ingryp in die gebeure op aarde. Dagbreek funksioneer hier as ‘n simbool van God se positiewe ingryping.
- **16-21** Hier word weer spottend verwys na Job se gebrekkige kennis. Job begryp nie die aard van die negatiewe dinge in God se werkinge (see, dood) nie en ook nie die omvang van die positiewe dinge in God se raadsplan nie. In 19-21 vind ons basies dieselfde strekking as in 12-15.
- **22-30** In 22 en 24 word negatiewe weerverskynsels (sneeu, hael, weerlig en oostewind) genoem en in die middel(23) word aangetoon hoe God hierdie negatiewe dinge gebruik. In die volgende strofe(25) word na positiewe weerverskynsels verwys (stortreën en donderstorm) en dan na die doel daarvan (26-27). In teenstelling met die vorige lyk die aanwending van hierdie weerverskynsels nie logies nie (gras te laat groei waar niemand woon nie) *God se werking is nie vanuit menslike oogpunt altyd logies nie.* In die derde strofe word eers verwys na positiewe weerverskynsels wat voordelig is vir die mens(28) en dan negatiewe weerverskynsels wat geensins voordelig is vir die mens nie. (29-30) Daar is ‘n duidelike suggestie dat God die “vader en moeder” is van beide positiewe en negatiewe weerverskynsels (vgl. vers 8).
- **31-38** In die eerste twee reëls word gevra of Job die sterre kan manipuleer. God vind dus aansluiting by Job wat reeds in 9:9 die sterre as voorbeeld van God se onbegryplike dade in die natuur genoem het. Job se nietigheid as mens teenoor hulle word aangetoon. In 33 kom die funksie van die sterre ter sprake. Die sterre het ‘n verband met die weerverskynsels, want hulle stand hang saam met die wisseling van seisoene. Die sterre het in hierdie gedeeltes ‘n soortgelyke funksie as die dagbreek in die voorafgaande gedeeltes m.a.w. instrumente wat God gebruik om dieskeppingsgegewenhede te beheer. Job kan nie hierdie instrumente verstaan, gebruik of hanteer nie, maar God kan. Die boodskap is duidelik, daar is planmatigheid en beheer in God se optrede al is dit vir die mens onverstaanbaar en buite sy beheer. Die mens is klein en magteloos ten opsigte van positiewe en negatiewe weerverskynsels. (34, 35)
- Die derde strofe(36-38) het dieselfde volgorde as die vorige. Daar word eers na ‘n ordende element verwys (36) en dan na ‘n positiewe weerverskynsel (37) en laastens weer na ‘n negatiewe weerverskynsel (38) Die ibis en die haan word hier as ordende elemente geskets omdat hulle as “weerprofete” beskou is en geassosieer word met die verandering van weerverskynsels . Ten diepste is dit God wat aan hulle insig gee, hulle is dus ordende elemente in Sy hand. Reën is die positiewe weerverskynsel. Waardeur God se wysheid na vore kom (Hy tel die regte hoeveelheid af) sowel as Sy vermoë (Hy het mag om die waterkruike om te keer). Laastens word na droogte as negatiewe weerverskynsel verwys. God bring deur reën en einde aan die droogte. Negatiewe

weerverskynsels is wel deel van God se werke, maar Hy gryp ook in tot heil van die mens.

- Neem kennis: God ontmoet met Job en onderrig hom oor Sy raadsplan.
- God is groter as Job. Job kan nie met Hom kompeteer nie, hy het nie God se kennis en mag nie. Job moet leer om sy plek te ken. Hy leer vir Job deur voorbeelde meer van Sy werking. Die onderskeie aspekte van God se werking is nie eksplisiet duidelik nie. Tog kan daar sekere aspekte geïdentifiseer word waarmee Job en sy vriende nie rekening gehou het nie:

~Volgens Job se vriende is *God se raadsplan altyd verstaanbaar*. God se goedheid word volgens hulle gesien deurdat Hy Hom konsekwent by die reëls hou. Die onbuigbare reël is: Hy seën die regverdiges en straf die goddelose.

~Volgens Job aan die anderkant is *daar geen planmatigheid in God se optrede nie*. Hy beskryf in 12:11-25 hoe God onlogiese en teenstrydige dinge met mense en die natuur doen. Dit skep die indruk dat God impulsief en ondeurdag optree.

- *God lewer kritiek op beide standpunte*. Job word daarop gewys dat daar dinge in God se werkinge is wat vir die mens onbegryplik is. Die rede hiervoor moet nie gesoek word in die onlogiese aard daarvan nie. God se planmatigheid word uitgebeeld deur die vergelyking van die skepping van die aarde met die bou van 'n huis (38:6). Nee, God se raadsplan is gedeeltelik onbegryplik weens die mens se beperkte insig (38:4,5).
- Daar is dikwels 'n vermenging van positiewe en negatiewe dinge in die lewe. Daar is *nie altyd redes en verklarings* hiervoor nie. Tog kan die mens die sekerheid hê dat God steeds ingryp en *die negatiewe dinge beperk* en leefruimte aan ons gee. Dit word byvoorbeeld uitgebeeld deur die dag wat God laat aanbreek om sodoende die bedrywighede van die kwaaddoeners te beperk (38:12-15).
- Dis 'n feit dat positiewe dinge sowel as negatiewe dinge plek het in God se werkinge. Dit is waar dat God soms doelbewus negatiewe dinge met mense laat gebeur om hulle te straf (22-23). Tog word God se optrede nie altyd deur 'n bepaalde stel menslik verstaanbare reëls bepaal nie. Soms doen Hy dinge wat niks met die mens se optrede of lot te doen het nie, soos *wanneer Hy dit laat reën in in gebied waar niemand woon nie*. (38:25-27)
- As ons bid moet ons dus weet: *God se optrede kan dus nie in 'n sisteem ingedruk word wat altyd vir die menslike logika toeganklik is nie*. Tog kan die mens verseker wees dat God se optrede planmatig is.
- God is nie gebonde aan ons simplistiese verstaan van orde, oorsaak en gevolg nie. God is soewerein, Hy is vry nie in die sin dat Hy Homself sal verloën en in stryd met Sy karakter optree nie, maar vry om alles te doen volgens Sy wil (en Sy keuse in Christus, wat hier natuurlik nog nie aan die orde gestel is nie).
- God se wese en werke is en bly onbeperk en onbegryplik groter as ons, al weet ons van Sy finale keuse in Jesus. *As ons God sou kon verstaan sou ons self God gewees het*. Ons kennis van God word beperk deur dit wat God besluit om aan ons te openbaar en ons gebrekkige vermoëns om dit te verstaan. Maar ons weet ten minste nou verseker Hy is nie anders as wat Hy Homself openbaar het in Jesus nie. Sy groot plan en werking is NIE meer verborge nie – dit is JESUS CHRISTUS.

Soli Deo Gloria

BRONNELYS

Berkhof, H. 1985. **Christelijk geloof**. Nijkerk: Callenbach.

Chester, T. 2008. **You can change**. Nottingham: IVP.

Joubert, G. 1997. **Die groot gedagte**. Kaapstad: Tafelberg.

König, A. 2002. **God, waarom lyk die wêreld só?** Wellington: Lux Verbi.

Piper, J. ***Desiringgod.com***.

Stott, J. 1986. **The Cross of Christ**. London: IVP.

Van de Beek, A. 1984. **Waarom? Over lijden schuld en God**. Nijkerk: Callenbach.

Yancey, P. 2002. **Wat is so onbeskryflik groot aan genade?** Grand Rapids: Zondervan.

Yancey, P. 1997. **Where is God when it hurts?** Grand Rapids: Zondervan.